DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

VRYE Weekblad

28 Julie 1989 · Tel: (011) 836-2151 · Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



# Vlok skreeu wolf! oor protes

**Jacques Pauw**

DIE minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, het gelieg toe hy beweer het dat die breë demokratiese beweging van plan is om die verkiesing te ontwrig deur kandidate met petrolbomme aan te val. Die Cosatu-dokument waaruit Vlok aangehaal het, bevat geen oproep tot petrolbomaanvalle of geweld nie.

Cosatu het Vlok gister uitgedaag om die dokument waarin die oproepe tot geweld gedoen word en by die onlangse Cosatu-kongres versprei is, ten toon te stel. Cosatu se regsverteenwoordigers stel ondersoek in oor Vlok se bewerings.

Anti-apartheidsleiers het Vlok en sy kabinetskollegas se histerie oor die beoogde veldtog van vreedsame verset as 'n "wolf-wolf-skreeuery" en "tipiese Nat-kragdadigheid voor 'n verkiesing" afgemaak.

Intussen verwag die breë demokratiese beweging grootskaalse aanhouding van sy aktiviste, verdere inperkingsbevele op sy leiers en meer organisasies wat aan bande gelê gaan word. Dié beweging vrees nou dat wat as 'n vreedsame protes beplan is, weens die optrede van die staat in geweld mag eindig.

Vlok het Dinsdagaand by 'n politieke vergadering gesê die polisie beplan ingrypende optrede teen 'n versetveldtog wat deur die breë demokratiese beweging georganiseer word met die oog op die ontwrigting van die verkiesing op 6 September.

Vlok het uit die Cosatu-dokument aangehaal en gesê die veldtog sluit onder meer in die ontwrigting van hospitaaldienste, die massa-besetting van busse en parke wat vir blankes gereserveer is, 'n beplande opmars na die Uniegebou en die oorhandiging van 'n petisie, huisbesoeke om kiesers te intimideer om nie te stem nie, petrolbomaanvalle teen kandidate en die verbreking van inperkingsmaatreëls deur ingeperktes.

In die oorspronklike Cosatu-dokument word geen melding van die bomaanvalle of intimidasie gemaak nie.

Dit volg na die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, se

*vervolg op bladsy 2*

# Soldaat van die woord



Foto: Victor Munnik

"Ek beskou myself as 'n agent van gewaarwording van Afrika. Met elke reis hierheen vlek ek oper, en hoe suider hoe seerder."

Die goue prins van die Afrikaanse taal moes laasweek in die geheim na sy geboorteland terugkeer om sy siek vader te besoek. Die regering het hom net vier dae gegun - "en op voorwaarde dat ek my bek hou."

Maar Fransman sal hy nooit word nie, sê hy in 'n oop gesels met Vrye Weekblad: "Ek bewe nog en ek huil in Afrikaans."

Hy praat oor sy nuwe skryfwerk in Afrikaans, maar hy praat ook oor die Afrikaner en die politiek: "Die Afrikaners dink graag hulle is politieke diere, maar eintlik is hulle wollerige skape." En: "Deur ons loop daar 'n diep donker stroom van selfmoord."

Sy bande met sy huis word ál sterker: "Eers in Afrika en eers in die suide is jy volledig - hier loop jy op al jou pistons."

Die onderhoud is op bladsy 5.

André P Brink skryf oor Die Waarheid en ander Stories - 17

# Eugene is die knol in die regse drinkwater

**Jacques Pauw**

DIE vreemde gevryery tussen Eugene Terre'Blanche, leier van die AWB, en Jaap Marais, leier van die HNP, het 'n nuwe wending geneem ná 'n dokument van Marais waarin hy die AWB-leier skerp aanval oor sy "kaperjolle", sy buite-egtelike liefdesverhoudings, drinkgewoontes en selfverryking.

Marais, wat vroeër vandeesmaand nog 'n politieke verhoog met die AWB gedeel het, beskuldig Terre'Blanche daarvan dat hy glo R43 000 per jaar verdien met 'n onbeperkte onthaaltoelaag, 'n gratis motor, huis en woonstel. Terre'Blanche se vrou, Martie, verdien glo R24 000 per jaar deur een keer per week die AWB-kantoor te besoek.

In die dokument, wat vroeër vanjaar opgestel is met die titel Political Situation on the Right, word Terre'Blanche as 'n "erg gepskende en gefrustreerde" leier voorgestel en die AWB as 'n organisasie wat "nooit weer dieselfde sal wees nie".

"Soos julle weet, het ons nog altyd op 'n afstand van die AWB gebly ter wille van politieke redes. Maar selfs op só 'n afstand kon mens agterkom iets is vrot. Die gedagte aan waarvoor die AWB hierna gaan staan, is amper te erg om aan te dink," skryf Marais.

In dieselfde dokument word Andries Treurnicht, leier van die KP, aangeval vir sy "patetiese" omswaaiery in Boksburg en 'n gebrek aan beginsels.

Treurnicht se vrees vir Marais is die ware rede waarom regse eenheid nog nooit bereik kon word nie, sê Marais.

Die onthulling oor die dokument kom pas nadat 'n poging van Marais, Terre'Blanche en Robert van Tonder, leier van die Boerestaat Party (BSP), misluk het om 'n regse eenheidsfront te stig. Treurnicht het hul aanbod om samewerking van die hand gewys.

Dit het meegebring dat die HNP die KP nou in 22 kiesafdelings teenstaan - 'n verdeling van die regse stem wat die KP setels kan kos. Nogtans het die HNP volgens die jongste meningspeilings skaars een persent van die blanke steun.

Op 6 Julie vanjaar het Marais, Van Tonder en Terre'Blanche 'n openbare vergadering in Pretoria toegespreek en 'n beroep tot eenheid op Treurnicht gedoen. Marais het voorgestel dat die betrokke partye vir mekaar in sekere kiesafdelings moet terugstaan.

Die samewerking tussen Marais en Terre'Blanche het die vlak bereik waar die HNP die AWB-leier se kandidatuur in Rustenburg teen die KP sou steun. Marais en Terre'Blanche het gehoop om Treurnicht tot samewerking te dwing.

Die front het misluk nadat Van Tonder hom van die ander twee gedistansieer het, Terre'Blanche hom aan die verkiesingsveldtog in Rustenburg onttrek en nog onthullings oor sy persoonlike lewe gevolg het.

In die dokument skryf Marais dat die HNP in die laaste tyd steun verloor het weens Terre'Blanche se "twyfelagtige bemiddeling" tussen die KP en HNP. Die AWB-leier het gelieg toe hy gesê het dit is die HNP se skuld dat 'n eenheidsfront misluk het.

"Later is dit egter deur 'n top-AWB-man onthul dat Treurnicht nie bereid was om Jaap Marais te akkommodeer nie en dat hy 'n ongekende vrees vir Marais het," skryf Marais.

Hy meen ook dat die onthullings oor Terre'Blanche 'n ernstige breuk in die KP kan veroorsaak. Drie KP-LP's is AWB-lede terwyl nog twee noue bande met Terre'Blanche het, sê Marais.

Treurnicht word daarvan beskuldig dat hy 'n "beeld van gematigheid" probeer uitdra en in die proses regse beginsels en standvastigheid prysgegee het. Hy is 'n onbeholpe leier, sê hy.

Marais was vandeesweek op besoek aan die Waterberg en kon nie vir kommentaar opgespoor word nie.

Die hoofsekretaris van die HNP, Louis van der Schyff, het gesê Marais se standpunt oor Terre'Blanche het nog nooit verander nie en HNP-lede word steeds nie toegelaat om lede van die AWB te wees nie.

Daar is egter tans "ongeskrewe samewerking" tussen die AWB en die HNP. Sowat tagtig persent van die AWB-lede gaan in die komende verkiesing vir die HNP stem, sê Van der Schyff.

"Jy weet mos Marais is standvastig en verander nie sommer van mening nie. Wat hy van die KP en AWB sê, is bekend. Die AWB en die HNP word gedwing om saam te werk weens Treurnicht se verwerping van 'n verkiesingsooreenkoms. Daar is egter geen eenheid tussen dié twee partye nie," het Van der Schyff gesê.

(Berig deur J Pauw van Breestraat 153, Johannesburg)

*Vervolg van bladsy 1*

# Wolf! wolf!

dreigement dat die regering nie sal toelaat dat die versetveldtog op dreef kom nie. Hy het ook dertig sogenaamde "generaals" wat agter die veldtog is, gewaarsku om nie met hulle planne voort te gaan nie.

In die breë demokratiese beweging, wat bestaan uit UDF- en Cosatu-affiliate en ander gemeenskapsorganisasies, is Vlok vandeesweek wyd veroordeel omdat hy die versetveldtog 'n gewelddadige kleur wou gee.

Die versetveldtog, wat al vroeg vanjaar en vóór die aankondiging van die verkiesing beplan is, is gerig op die uitdaging van apartheidswetgewing. Die gooi van petrolbomme en plant van kleefmyne is en was nog nooit deel van die versetveldtog soos Vlok en die minister van Gesondheid, dr Willie van Niekerk, vandeesweek voorgegee het nie.

Een van die kragte agter die beplanning is die Five Freedoms Forum (FFF), 'n beweging bestaande uit 'n groep blankes wat hul beywer vir 'n oop en demokratiese gemeenskap vry van apartheid. Die FFF was nog nooit verbind met enige geweld nie. Die gedagte aan 'n versetveldtog het aanvanklik by 'n Idasa-konferensie ontstaan.

Die versetveldtog het 'n maand gelede al begin toe 'n groep blankes, onder hulle prominente lede van die Demokratiese Party, vir 'n paar dae saam met swart inwoners in Hillbrow gaan woon het. Dieselfde het in ander stede soos Pretoria en Pietermaritzburg gebeur.

Kort hierna het die versetveldtog na die uitdaging van aparte geriewe verskuif toe wit en swart saam in die Hillbrow-swembad gaan swem het. Daar was ook byvoorbeeld pieknieks vir swart en wit inwoners van Mayfair gereël.

Deel van die veldtog om aparte geriewe uit te daag, is vir swartmense om aan te dring op mediese hulp by blanke hospitale. Die plan is nie om mediese dienste te "ontwrig" soos Vlok en die polisie nou te kenne wil gee nie.

Die plan is dat siek swartmense, vergesel van blanke ondersteuners, by die noodgevalle-afdeling van hospitale in Johannesburg, Pretoria, die Oos- en Wes-Rand, die Vaaldriehoek, Durban, Pietermaritzburg, Dundee en Port Shepstone gaan opdaag en aandring op mediese sorg.

Een van die leiers van die veldtog het gesê daar is byvoorbeeld net een hospitaal in Johannesburg wat swartes behandel, en dit is die Hillbrow Hospitaal. Behalwe dat hy oorvol is, het hy nie 'n kinderafdeling nie en moet siek pasiënte ver reis om byvoorbeeld by Baragwanath uit te kom.

Ma's met siek kinders gaan byvoorbeeld volgende Woensdag gevra word om na die Johannesburg Hospitaal te gaan en te vra dat hulle kinders daar behandel word.

In Nasionale Party-gesinde koerante soos Beeld en The Citizen, en die SAUK, is gesê dat die breë demokratiese beweging gesê het hy gaan hospitaaldienste "ontwrig". Dit is 'n blatante leuen, want by 'n perskonferensie in Johannesburg Woensdag het een van die organiseerders van die versetveldtog, Cas Coovadia, in 'n verklaring namens die breë demokratiese beweging gesê:

"Ons is vasbeslote om ons demokratiese reg te gebruik om teen apartheidswette te betoog. Dit is openlik gedoen en ons is vasbeslote om dit vreedsaam te doen. Van 2 Augustus af beskou ons alle hospitale as oop vir almal."

Vlok het Dinsdag op 'n politieke vergadering die versetveldtog gekoppel aan 'n "komplot" van die breë demokratiese beweging, die ANC en SAKP om die verkiesing met geweld en terreur te ontwrig deur onder meer kandidate met petrolbomme aan te val. Hy het onder meer die "belhamels" van die beoogde versetveldtog gewaarsku om hulle geweldsplanne vir SA te laat vaar.

Mohammed Valli Moosa, 'n woordvoerder van die UDF, het gesê die waarheid oor die versetveldtog word deur Vlok verdraai en as geleentheid gebruik om weer op die leiers van anti-apartheidsbewegings toe te slaan.

"Die versetveldtog gaan sonder geweld van ons kant af gebeur. Daar is geen petrolbomme ter sprake nie. Ons wil vir die buitewêreld wys dat apartheid, ondanks FW de Klerk se mooi woorde aan Westerse leiers, nog lewendig en alomteenwoordig in Suid-Afrika is," het Moosa gesê.

Die ANC sê in 'n verklaring uit Lusaka hy verwerp Vlok se aansprake en dat hy nie 'n "militante versetveldtog" teen die verkiesing saam met die breë versetbeweging beplan nie.

(Berig deur J Pauw, Breestraat 153, Johannbesburg)

DEMOKRATIESE PARTY
KERMIS
DP
Hope vermaak en winskopies
9h00 - 16h00
by die
DIERETUINMEER
Saterdag 29 Julie
Toegang gratis

# Nelson Mandela en die ANC bly één, sê ANC

**Max du Preez**

DIE leier van die Nasionale Party, FW de Klerk, se poging om 'n wig tussen Nelson Mandela en die African National Congress in te dryf, het nie gewerk nie en sal nooit werk nie, sê 'n woordvoerder van dié organisasie.

Leiers van die ANC én die UDF het vandeesweek gesê Mandela se ontmoeting met president PW Botha en De Klerk se stelling tydens die Kaapse NP-kongres dat die ANC hom soos Mandela tot vreedsame metodes moet verbind, was nie 'n deurbraak vir onderhandeling nie. Dit is daarop gemik om wantroue te saai en Mandela van sy volgelinge te vervreem, sê hulle.

Tog is dit duidelik dat die ANC hom voorberei om binnekort tot onderhandeling oor te gaan.

In 'n vertroulike dokument wat onder die leiding van die ANC opgestel is en nou deur die breë demokratiese beweging vir kommentaar versprei word, word onder meer gesê: "As gevolg van toenemende druk op die regering uit alle oorde en die inisiatiewe van imperialistiese magte, het die kwessie van onderhandeling onlangs weer na vore getree. "Daar is duidelike tekens dat die regering dié keer positiewe stappe gaan doen op die pad na onderhandeling en om ons voorwaardes van 1987 na te kom."

Die dokument bespreek strategie sodat die breë demokratiese beweging die inisiatief kan behou, en vra vir voorstelle "wat nie 'n oorgawe van ons politieke strategie beteken nie en nie 'n politieke skikking verwerp nie".

'n ANC-woordvoerder het vandeesweek in Lusaka aan die Africa News Organisation gesê: "Ons dink nie dié stappe (van Botha en De Klerk) het daarin geslaag om Nelson van die ANC los te sny nie. Mandela het self gesê sy sienswyses van die laaste 28 jaar het nie verander nie."

En volgens Agence France Presse het 'n ANC-woordvoerder gesê: "Mandela is nie besig om sag te word nie. Hy is ten volle verbind tot die stryd en sy posisie oor onderhandeling is steeds dieselfde."

Die woordvoerder het gesê dié standpunt, wat ook deur die ANC gehuldig word, behels dat nie met Pretoria onderhandel kan word vóór die beperkinge op politieke organisasies nie opgehef, politieke gevangenes nie vrygelaat en die noodtoestand nie opgehef is nie.

Dié standpunt is vandeesweek deur 'n UDF-leiersfiguur en president van die Federasie van Transvaalse Vroue, suster Bernard Ngcube, beaam. Sy het op 'n perskonferensie saam met Albertina Sisulu van die UDF, gesê daar is nog "oorlog" in Suid-Afrika en onderhandelinge lê ver in die toekoms.

Die UDF-leiers het aan joernaliste gesê dit maak nie saak watter vredespakket die regering vir Mandela aanbied nie - hy sal dit nooit aanvaar sonder konsultasie met die ANC en ander nie.

# ANC-druk oor skuld kan seermaak

**Elsabé Wessels**

'n INTERNASIONALE veldtog van die ANC hou 'n ernstige bedreiging in vir onderhandelinge om Suid-Afrika se skuld by banke in Switserland, Duitsland, Frankryk en Engeland om te rol.

Ekonome meen die terugbetaling van sowat 8,5 biljoen dollar se buitelandse skuld teen Junie 1990 kan Suid-Afrika in 'n ernstige resessie dompel. Die ANC se veldtog is daarop gemik om druk op banke te plaas om lenings aan Suid-Afrika te staak en om rentekoerse op bestaande lenings te verhoog.

Die veldtog is geloods enkele dae nadat die ANC van Suid-Afrika se voorste ekonome in Lausanne, Switserland, op 'n akademiese konferensie ontmoet het. Die senior vise-president van die Reserwebank, Jan Lombard, en die uitvoerende hoofbeampte van die Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika, dr Simon Brand, het die konferensie bygewoon. Albei het noue skakeling met die Ministerie van Finansies.

'n ANC-woordvoerder het dié week gesê dat die leier van die Nasionale Party, FW de Klerk, ingelig was oor Lombard en Brand se besoek. Lombard is veral betrokke by die omrol van lenings. Die doel van die ANC-veldtog is om deur middel van ekonomiese druk politieke veranderinge in Suid-Afrika teweeg te bring. Die ANC volg reeds 'n strawwe sanksie-veldtog teen Suid-Afrika.

Volgens ingeligte bronne het Suid-Afrikaners in referate op die konferensie gewys op die krisis wat die land in die oog staar indien huidige lenings nie omgerol word nie of strenger voorwaardes soos hoër rentekoerse geëis word.

Suid-Afrika is reeds in 1987 deur Amerikaanse banke gedwing om lenings teen 'n hoër rentekoers te herskeduleer. Terugbetaling word reeds bemoeilik deur die voortgesette daling van die Rand teenoor ander geldeenhede.

Die huidige veldtog, waaraan nie-regeringsorganisasies soos anti-apartheidsbewegings, vakbonde en kerke sal deelneem, is gemik op dié banke met wie Suid-Afrika in die verlede sake gedoen het. Die betrokke banke is die Deutsche Bank Kommerz in Duitsland, die banke Credit Lyonnais en Banque Indo-Suez in Frankryk, Switserland se Union Bank of Switzerland, Swiss Bank Corporation en Credit Suisse en die Standard Charter, Barclays en National Westminster in London.

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

# Skrywers stroom terug na Gilde

●Kerkorrel voor in die koor

Victor Munnik

AS die Afrikaanse Skrywersgilde in September oor politiek skeur, sal dit heelwaarskynlik onder die strelende klanke van Johannes Kerkorrel en die Gereformeerde Blues Band gebeur.

Dié Afrikaanse orkes se voorsanger Johannes Kerkorrel het bevestig dat die GBB genooi is om by die beraad te speel, maar gesê die besluit om dit te doen, is nog nie finaal nie.

Die GBB - 'n demokratiese organisasie - moet nog intern daaroor konsulteer en dit is 'n tydsame proses.

Oor gerugte dat hy lid gaan word van die Gilde sê Kerkorrel net: "Ei, wat kan ek sê?"

Intussen het twaalf nuwe lede sedert die Watervalberaad by die Afrikaanse Skrywersgilde aangesluit, en net een - Dot Serfontein - het bedank.

Onder die nuwe lede tel 'n hele aantal "Watervalskrywers": André Brink, Menán du Plessis, Jeanne Goosen, Gerrit Olivier, Wilhelm Liebenberg, Ena Jansen, Marianne de Jongh, Ryk Hattingh en Victor Munnik.

Die dramaturge Deon Opperman en Reza de Wet het ook nuut aangesluit, so ook die Oos-Kaapse digter Johan Myburgh.

Van hierdie skrywers is terug nadat hulle vroeër geloop het omdat die Gilde destyds van sy beleid van verset teen sensuur afgewyk het.



Johannes Kerkorrel

Gilde-lidmaatskap was dié week in die nuus met die bedanking van Dot Serfontein, Antjie Krog (wat die Watervalberaad met die ANC bygewoon het) se ma.

Die digter Phil du Plessis en die skepper van Liewe Heksie, Verna Vels, het vroeër vanjaar ook bedank - Du Plessis omdat die Gilde-bestuur met die Congress of SA Writers (Cosaw) samesprekinge gevoer het, en Vels nie om politieke redes nie, het die voorsitter van die Gilde, Jeanette Ferreira, by navraag gesê.

Volgens Ferreira het nog mense - prominente skrywers binnelands en oorsee - aangedui dat hulle ook by die Gilde sal aansluit as die grondwet verander word om ook die strewe na 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika te omvat.

Sy het gesê "die Gilde is oorspronklik gestig uit verset teen sensuur. Mense besef egter nou al meer dat sensuur net 'n simptoom is van 'n nie-demokratiese stelsel en dat 'n mens die hele stelsel moet beveg."

Serfontein het in haar bedankingsbrief geskryf dat "die Gilde nou ryklik deur die ANC gefinansier sal word" , dat die ANC se "knapies uit die bosse" Afrikaanse skrywers wil voorsê "hoe hulle Afrikaans moet skryf" en dat hulle (die Watervalskrywers) hulself moet "voorberei op die veragting van hul eie sowel as die aangehangde gemeenskap".

Ferreira se reaksie was dat Serfontein se brief "nie korrek nie, beledigend en onbeholpe" is.

### Verkeerde indruk

* Intussen het Ferreira gesê 'n berig in verlede week se Vrye Weekblad kon 'n verkeerde indruk geskep het.

Dit is nie korrek om te sê dat "... 'n verandering aan die grondwet - dat die Gilde hom by die breë demokratiese beweging skaar - deur die huidige bestuur (by die Gilde se jaarvergadering in September) ingedien sal word..." nie, sê sy.

Sy sê die berig "spruit waarskynlik voort uit die Waterval-beraad met die ANC waartydens ek gesê het dat ek nie meen die Afrikaanse Skrywersgilde kan funksioneel wees indien hy hom nie by die breë demokratiese beweging skaar nie.

"Dit is egter my persoonlike siening.

"Hersiening van die grondwet, wat tans voorberei word, omvat onder meer die strewe na 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika.

"Dit is eerstens aan die bestuur se goedkeuring onderhewig, en daarna aan dié van die huisvergadering alvorens dit van krag sal wees."



Christina Nkosi buite haar hut op Goedehoop *(Foto: Lesley Lawson - Afrapix)*

# Ons is hier van vóór die Groot Oorlog

Charles Leonard

DIE Hooggeregshof in Pretoria het verlede week 'n gemeenskap van woonarbeiders ("labour tenants") 'n tydelike sug van verligting laat slaak.

'n Hofbevel sal moontlik die bestuurder van die plaas Goedehoop in die Piet Retief-distrik daarvan weerhou om nog huise van swart werkers op sy plaas af te brand of plat te trek.

Jaco Steenkamp moet op 8 Augustus redes aanvoer waarom 'n hofbevel - dat hy nie nóg van Richard Mlotshwa se huise mag vernietig nie en twee ander moet herbou - nie teen hom toegestaan moet word nie.

Mlotshwa se regsverteenwoordigers het die hofbevel aangevra nadat Steenkamp vroeër vandeesmaand twee van Mlotshwa se huise vernietig het.

In die Suidoos-Transvaal en Noord-Natal geld die stelsel van woonarbeiders steeds. Dit is 'n stelsel wat terugdateer tot voor die werk-virvergoeding wat nou algemeen op plase in Suid-Afrika is.

Woonarbeid is 'n stelsel waardeur mense verblyf op 'n plaas verseker word deur vir die grondeienaar te werk. Die woonarbeider en sy familie werk gewoonlik die helfte van die jaar sonder betaling. In ruil daarvoor kan hulle hul vee op die plaas laat wei, en hul eie lande ploeg.

Dit was die geval op Goedehoop totdat Steenkamp as bestuurder oorgeneem het. Nie alleen het hy Mlotshwa se huise vernietig nie, maar ander woonarbeiders gedreig dat hy hul huise sal afbrand as hulle nie trek nie.

Op 'n deel van Goedehoop, wat as Enthombe bekend staan, bly 'n gemeenskap van 12 uitgebreide families met tien huise elk.

Die mense beweer dat die jong plaasbestuurder van hul vee geskiet het en van hulle aangerand het.

"Ons het nooit hier aangekom nie. Ons was nog altyd hier," sê die gryse Jan Madansele. Hy sê met die groot griep van 1918 was hy reeds 'n tienderjarige met sy eie kamer.

Die ouma van die gemeenskap, Christina Nkosi, vertel dat haar oumagrootjie daar gebore is. Sy is blind en roep 'n elfjarige kleinseun nader: "Ek was so groot soos hy toe ons teen die Engelse in die groot oorlog geveg het."

Dit is 'n gevestigde gemeenskap. Hulle het stewige huise teen die hange van die Drakensberg, bewerkte landerye, vee in goeie kondisie en 'n verskeidenheid plaasimplemente.

Daar heers nou 'n atmosfeer van onrustigheid in die eens rustige landelike gemeenskappie.

# Demokratiese Party kry nóg wind van voor

Elsabé Wessels

POLITIEKE groepe binne die breë demokratiese beweging (BDB) het hulle gister "oorgehaal" verklaar om die DP landwyd in die verkiesing van 6 September teen te staan. Volgens dié groepe kan die DP net homself blameer indien die party grenssesetels weens die versetaksies van buite-parlementêre groepe verloor.

Daar heers steeds groot ongelukkigheid binne die DP oor die nege Indiërkandidate. Die saak het tot vurige debat op die DP se kandidatekonferensie verlede naweek in Kaapstad gelei. Daar is nou geen sprake meer dat buite-parlementêre leiersfigure verhoë met DP-lede sal deel om geloofwaardigheid aan die party se buite-parlementêre program te verleen nie.

Die Transvaal Indian Congress (TIC) sê die DP se nominering van nege kandidate in die Huis van Verteenwoordigers is 'n belediging vir die Indiërgemeenskap wat die driekamerparlement verwerp.

"Dit lyk asof die DP verkies om alliansies met gediskrediteerde politici in die Huis van Afgevaardigdes verkies bo alliansies met die onderdrukte groepe van Suid-Afrika wat verkies om buite die land se rassistiese driekamerparlement te bly," sê 'n TIC-woordvoerder.

"Dit is vir die TIC duidelik dat die konserwatiewe faksies binne die DP oorgehaal is om buiteparlementêre groepe pleks van die Nasionale Party te beveg. Met sy stap keer die DP sy rug op sy grootste taak, naamlik om blankes te mobiliseer om die Nasionale Party te verwerp ten gunste van 'n nie-rassige en demokratiese Suid-Afrika," sê hy.

# Huis van Hansworse: staan tou vir die show

Ameen Akhalwaya

DIE komedie van die Huis van Afgevaardigdes is besig om op die vooraand van die verkiesing in 'n nog groter klugspel te ontaard.

Toe nominasies Maandag amptelik sluit, het drie van die vier LP's wat Johannesburg se "Indiër"-gebied verteenwoordig, bedank. Benoemingsdag het in 'n sirkus verander toe daar oor en weer van partye verander is - 'n kenmerk van die Huis van Afgevaardigdes wat deur net 15 persent van "Indiër"-kiesers ondersteun word.

Henry Padayachee, voorsitter van Amichand Rajbansi se National Peoples Party (NPP), het homself laat benoem vir Solidariteit, wat die meerderheid setels van die NPP afgerokkel het.

Darmalingum Sokalingum, ook bekend as Ram Pillay, was Solidariteit se kandidaat vir Lenasia-Wes - tot verlede week. Sokalingum is die naweek deur die leier van Solidariteit, JN Reddy, afgedank nadat dit bekend geword het dat hy 'n "opnamevorm" onder laerskoolleerlinge versprei het waarin hy ouers hul mening oor sy benoeming uitvra. Die onderwysers was woedend.

Die nuwe kandidaat vir Solidariteit is die onafhanklike voorsitter van die bestuurskomitee van Lenasia, Kessa Thambi, wat as 'n onafhanklike kandidaat of as die kandidaat vir die Progressive Independent Party (PIP) sou staan. Die PIP se enigste LP, Faiz Khan, het afgetree. Rashida Ebrahim, die voormalige voorsitter van Lenasia se bestuurskomitee, staan as die kandidaat vir die nuwe Merit People's Party (MPP). Sy het in 1984 vir die eerste keer gestaan - en verloor. In 1987 het sy as kandidaat vir Solidariteit in 'n tussenverkiesing gestaan - en weer verloor.

Op benoemingsdag was daar 'n ongewone, maar nie 'n seldsame gebeurtenis vir die Huis van Afgevaardigdes nie. Sivaram Phillip en Mahalingam Pillay het hulself as kandidate vir dieselfde party in dieselfde setel aangemeld.

Phillip het beswaar gemaak en Pillay, wat die onderleier van die NFP is, het gesê Phillip is nie 'n amptelike kandidaat van die party nie en hom van Phillip "gedistansieer".

Padayachee en 'n lojale Rajbansi-ondersteuner, MS Shah, het afsonderlik beswaar teen die MPP gemaak omdat die party na bewering "nie regmatig geregistreer is nie en dat die leier 'n valse verklaring gemaak het ten tye van die registrasie van die party". Thambi het beswaar gemaak teen die nominasie van die enigste onafhanklike kandidaat, Essop Moosa, en die handtekeninge en die geldigheid van 'n onafhanklike kandidaat in twyfel getrek.

Al die teenkantings was onsuksesvol. Woensdag het Thambi en Padayachee beplan om Moosa se kandidaatskap en die legitimiteit van die MPP afsonderlik in die hof te betwis. Maandagaand, slegs twaalf uur na die benoemingshof in sitting was, het die kandidaat van die Volksparty van Suid-Afrika, Abdulmunaf Saloojee besluit om van die verkiesing te onttrek.

*(Ameen Akhalwaya is die redakteur van The Indicator)*

# 'Bly beweeg, vér anderkant bevryding'

**"Skuldgevoelens en selfkastyding is selfkoesterende gevoelens, maar 'n besef van verantwoordelikheid kry 'n mens aan die beweeg. Pasop vir die jubeling in die boetekleed. Maak die kelders skoon. Pasop vir die korrupsie van lyding en selfbejammering. Moenie julself gaan verkoop as dappere vegters nie." - Breyten Breytenbach.**

**DR FRANCIS GALLOWAY, wie se boek *Breyten Breytenbach as openbare figuur* tans by HAUM-Literêr in produksie is, bied hier 'n verkorte historiese oorsig van dié digter in ballingskap se bemoeienis met die bevrydingstryd**

**VERLEDE WEEK het Dirk Winterbach in 'n artikel in Vrye Weekblad oor die ooreenkomste en verskille tussen Breyten Breytenbach en Hein Grosskopf - wat eintlik as kompliment vir Grosskopf kan geld - die stelling gemaak dat Breytenbach se bydrae tot "intellektuele kultuur kwalik oorskat kan word"; sy "formulering van 'n nuwe Suid-Afrikanerskap kan eersdaags 'n handleiding in die struggle word".**

*In 'n tydvak waarin Breytenbach weer eens as "nuusmaker" optree, vra 'n uitspraak soos dié vir 'n oorsig van sy uitsprake rondom die struggle en Suid-Afrikanerskap/ 'n Suid-Afrikaanse kulturele identiteit - ook omdat hierdie kodes vandag sentraal staan in die Afrikaanse intellektuele en literêre diskoers en wel in die vorm van 'n debat rondom identifisering al dan nie met die Breë Demokratiese Beweging.*

Dit is vanjaar al 21 jaar gelede dat Breytenbach hom die argwaan van die Afrikaner-pers en publiek op die hals gehaal het met sy uitsprake oor die ANC in Nederlandse koerante.

In De Volkskrant van 6 November 1968 stel hy dit dat die Suid-Afrikaanse regering 'n gewelddadige beleid op die land afdwing wat slegs met 'n gewelddadige opstand beantwoord kan word.

Hy self beywer hom vir die gelykheid van alle Suid-Afrikaners en sy bedrywighede sluit onder meer in die hou van lesings en die insameling van geld vir die ANC om hulp aan gesinne van politieke gevangenes te verleen.

## Revolusie

In April 1970 motiveer hy die noodsaaklikheid van revolusie so: "Die Afrikaner kan net gered word deur die revolusionêre vernietiging van sy eie kapitalistiese, totalitêre en wreedaardige magstruktuur; hierdie revolusie kan slegs van die proletariaat kom en sosialisties wees".

In 1972 sê hy dat die einddoel van die bevrydingstryd 'n sosialistiese Suid-Afrika is wat wat alleen opgebou kan word ná 'n magsoorname deur die massas. Hierdie magsoorname is egter slegs één moment in die ontstaanproses van die nuwe gemeenskap wat self nie 'n paradys of skitterende toekomsdroom sal wees nie, maar 'n noodsaaklike voorwaarde vir herverdeling van ekonomiese en politieke mag.

In die loop van die tien jaar sedert Breytenbach die eerste keer openbare figuur geword het, het sy uitsprake meer dogmaties geword. Die behoefte om aan die stryd deel te neem het al sterker geword.

Reeds teen die laat sestigerjare het hy tot die gevolgtrekking gekom dat verset in die vorm van poësie 'n "obsene intellektuele uitdaging" is - daar kom 'n tyd dat 'n skrywer se woorde nié ingang vind en vlees en wapen word nie; dan is dit tyd vir hom om "die geweer op te neem".

## Okhela

Breytenbach se bemoeienis met die bevrydingstryd het dus nie gebly by openbare vereenselwiging met die doelwitte van die stryd en finansiële steun aan die ANC nie. In 1972 het hy lid geword van die organisasie Atlas; in hierdie tyd is hy medestigter van Okhela - organisasies wat hulle beywer het om die Suid-Afrikaanse regering tot 'n val te bring.

Einde Julie 1975 kom hy met 'n vals paspoort die land binne om verteenwoordigers uit die vakbonde te probeer werf, maar hy word in hegtenis geneem, skuldig bevind aan "terroristiese dade" en gevonnis tot nege jaar gevangenisstraf.

Sy jare in die tronk sou Breytenbach se idees oor ondergrondse politieke bedrywighede (en die ANC) slyp en in die ná-tronkfase verskuif aksente in sy ideologiese diskoers.

Hy glo dat die "aanpassings" onder die Botha-bewind 'n vals front skep waardeur die regering sy beeld na buite probeer verbeter en sy verdedigbaarheid verhoog.

Ná sy besoek aan die land in 1986 sien hy geen hoop meer dat "hervorming" nog die "wit leierskap" kan beredder nie - dié is "byna ontroerend irrelevant, asof daar, by wyse van spreke, oplaas weggedoen word met hutbelasting terwyl die bomme reeds bars..."

Volgens hom het die ideologiese grond van apartheid nie verskuif nie en die Suid-Afrikaanse staat bly "totalitêr".

Wat is die alternatief wat Breytenbach nastreef vir die land waarvan hy hom nie kan losmaak nie?

Hy formuleer dit as vryheid - 'n konsep wat voorop staan in die nátronkfase van sy intellektuele diskoers. Toegepas op die politiek, omskryf hy dit as vrywees van uitbuiting én onderdrukking: "Solank die gemeenskap getipeer en gekondisioneer word deur eksploitasie en oppressie kan niemand in daardie gemeenskap vry wees nie; die onderdrukte is nie vry van armoede, verhongering, plakkerstoestande, siekte, bitterheid, vernedering, korrupsie en kollaborasie nie.

"Selfs die onderdrukker is nie bevry van sy vrees, sy hebsug, sy onkunde, sy vooroordele en waankonstruksies, sy mens-onterende leefwyse, sy eko-nomiese en politieke en kulturele en morele korrupsie nie."



Foto: Andrea Vinassa

In reële terme is die alternatief vir die "onwettige", totalitêre Suid-Afrikaanse staat "vryheid" soos uitgedruk in "'n unitêre demokratiese staat met 'n meerderheidsregering".

Die nie-verhandelbare vereistes is: Die vreedsame saambestaan van alle Suid-Afrikaners in 'n eenheidstaat; algemene - en dieselfde - burgerskap; geen rassisme nie. Sy motivering hiervoor is nie verraad nie, maar: Suid-Afrikaansheid, regverdigheid, verdraagsaamheid, fatsoenlikheid. Net soos in die tyd voor sy gevangeskap beywer Breytenbach hom vir transformasie in teenstelling met "hervorming" van apartheid/die Suid-Afrikaanse staat.

***"Om teen apartheid gekant te wees, is normaal, nie heroïes nie. Herken die verskuilde rassisme van die wit wêreld daarbuite wat jou op hul hande sal dra en jou dapperheid sal besing, terwyl hulle gerieflik vergeet van jou swart kamerade."***

## Individu

Hoewel hy nog 'n rol toeken aan die bydrae van die individu en die tradisionele intellektueel om deurslaggewende verandering te weeg te bring, verskuif die klem nou by hom na die rol van die "people" en na die "struggle" as sodanig.

Vryheid self lê in oorgawe aan die "people":

"Isn't that what 'power to the people' implies? ... The liberating concept is exactly to give over to the people the way a fish gives itself over to the sea; and also, despite, or because of the watery taste of failure in the mouth, to continue struggling." (Confessions, pp 71-72)

Die transformasie en vryheid waarna Breytenbach streef, vind vir hom uitdrukking in twee spesifieke vorms: die aanwend van die gedig as instrument van vryheid en die "struggle for freedom" wat mobilisasie behels.

Hy postuleer nie dat "vryheid" as 'n absolute gegewe bestaan nie, maar glo: "We have to go on living towards freedom, we have to extend our liberties"; ons moet daarvoor stry: "To live freedom is therefore to be implicated in the struggle." (End papers, p 143)

Dáárom identifiseer hy hom openlik met die "Liberation Movement" - al weet hy in 1983 nie van een ander Afrikaanse skrywer wat dit in die openbaar doen nie: "Admittedly, it would be suicidal to do so inside the country and it is completely unfair of us to expect them to be martyrs." (End papers, p 102)

Omdat ondergrondse aktiwiteite gewoonlik uitloop op "armed struggle", pleit hy dat alle ander alternatiewe eers beproef word, want "no cause can justify the destruction of life." (Confessions, p 279)

Al beskryf Breytenbach dikwels die Suid-Afrikaanse werklikheid in apokaliptiese terme, glo hy nog dat iets beredder kan word - 'n mens hoef nie terug te sit en te wag op die finale opgaan in vlamme nie.

## Vuurwind

Teenoor die opsie van "'n Libanisering, 'n rasse-oorlog wat soos 'n onblusbare vuurwind deur die subkontinent gaan woed", stel hy die "redelik geordende oorgang tot 'n demokratiese staat met meerderheidsregering".

Breytenbach se eie besinning oor die kragte wat tans werksaam is in Suid-Afrika toon dat hy rekening hou met sowel die pragmatiese aanpassings van die staat self en wit linkse opposisie as met Stalinistiese neigings in die ANC en die twee hoofstrome van binnelandse verset - aan die een kant die "Charteriste" en aan die ander kant die Swart Bewussynsbeweging.

Hy erken die bitter kloof tussen die twee hoofstrome van verset en aanvaar dat die stryd "more diversified, more complex" sal word. (End papers, p 192)

Vir Breytenbach word die stryd nou 'n proses, "that will continue way beyond liberation" (End papers, p 178); 'n proses en nie 'n "rigid goal or structure" nie. (Confessions, p 328)

## Witman

Die witman sal net as witte deel kan hê aan hierdie "proses van stryd".

Wat almal betrokke by die stryd moet beveg, is dogmatisme en oorvereenvoudiging. En waarna gestreef moet word, is dialoog - volgens die beginsel van eerlike inagneming van verskille in agtergrond en vorme van verset - en die bevordering van verdraagsaamheid.

Dit is egter nie oor die totstandkoming van 'n eenheidstaat waaroor onderhandel moet word nie, maar oor die besonderhede daarvan: "Moet 'n mens die voorregte of die vrese van die minderheid verskans? Selfs die regstelsel kan miskien beter na gekyk word. Moet 'n mens dink in terme van een handves van menseregte vir alle Suid-Afrikaners? Dit is bygaande sake daardie."

## Radikaal

As hierdie oorsigte vir Breytenbach se ná-tronk-uitsprake saamgelees word met sy uitsprake daarvóór, is dit duidelik dat hy van die begin "radikaal" was in dié sin dat hy nooit gedink het dat apartheid aangepas, mensliker gemaak of hervorm kan word nie.

Hervorming - en hervormers - versterk volgens hom die status quo. Die sisteem sal fundamenteel omvergewerp moet word - verkieslik deur dié soort onderhandeling wat lei tot 'n eenheidstaat, want geweld behoort die heel laaste opsie te wees.

Ondanks die bedenkinge wat Breytenbach het oor liberale opposisie, neem hy weer deel aan die onderhandelingsinisiatiewe wat sedert Dakar al meer momentum begin kry - in Oktober 1988 byvoorbeeld, woon hy samesprekings in Leverkusen, Duitsland, by. In Julie vanjaar is hy weer by toe 45 skrywers en literatore met die ANC gesels.

Breytenbach, wat ná sy tronkjare alle skuldbewuste politiek verwerp en herhaaldelik klem lê op die verantwoordelikheid van die skrywer, waarsku egter:

## Waarsku

"Skuldgevoelens en selfkasty-ding is selfkoesterende gevoelens, maar 'n besef van verantwoordelikheid kry 'n mens aan die beweeg.

"Pasop vir die jubeling in die boetekleed. Maak die kelders skoon. Pasop vir die korrupsie van lyding en selfbejammering. Moenie julself gaan verkoop as dappere vegters nie.

"Om teen apartheid gekant te wees, is normaal, nie heroïes nie. Herken die verskuilde rassisme van die wit wêreld daarbuite wat jou op hul hande sal dra en jou dapperheid sal besing, terwyl hulle gerieflik vergeet van jou swart kamerade.

"Bly beweeg, ver anderkant bevryding. Niks word vir ewig gewen of gevestig nie. Of, waarskynlik, vir ewig verloor nie."

# 'Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval'

**Die digter en skrywer FANIE OLIVIER het tydens die onlangse skrywersberaad by die Victoria-valle vir Vrye Weekblad met Breyten Breytenbach gesels. Die onderhoud is tot dié week teruggehou weens die beperkinge wat die regering op Breyten se besoek van vier dae aan sy ouerhuis verlede week geplaas het.**

**"EK sweer, dié slag sal ek nie huil nie. Hulle sal dit wragtig nie regkry dat ek weer huil nie."**

*Dis Woensdagoggend, en die groetslag by die saamkom van Suid-Afrikaanse skrywers van binne en buite die land lê voor. Die "tranedal" by die Victoria-waterval waarvan André le Roux in Die Burger en Beeld so sinies geskryf het.*

Met sy glimlag soos van ouds in sy baard neem Breyten Breytenbach afskeid van ou vriende en van jong skrywers wat hom die eerste keer hier ontmoet het.

Die maer man met die groen trui van 'n kwart-eeu gelede, met die blik van buite wat hy meer as sestien jaar gelede reeds by Ikeys se Somerskool gegee het. Of die kameraad van Okhela. Of die goue prins wat in die Staatsteater die Rapportprys kom haal het.

Net gister nog het hy in sy besadigde toon die slotreferaat van die kongres gelewer oor 'n Suid-Afrikaanse letterkunde.

In Engels, maar met inlegsels van stinkhout-Afrikaans.

"Engels is ook een van ons tale, al het ons soveel moeilikheid met die Engelse gehad!"

Pas voor die beraad begin het, het sy nuwe boek in Engeland verskyn en sy Suid-Afrikaanse uitgewers, Taurus, het die plaaslike uitgawe hier kom bekend stel: Memories of snow and of dust.

Maar, hierdie boek en al die gerugte ten spyt het hierdie toornaar van Afrikaans nie die staf neergelê nie. Die paradoks bly bestaan: "Nog steeds is ek vryer in Afrikaans as in enige taal."

Ons sit twee dae vroeër en gesels onder 'n skaduboom net na middagete met die gedreun van die waterval altyd iewers agter soos 'n mens se skuldgevoel oor apartheid. Ons praat en ek maak merke op papier wat later 'n onderhoud moet word. (Dus ontroubaar, maar waar. Alles wat gesê word, is nie gesê nie en aanhalingstekens is net bakens. Die dialoog self verloop.)

In die katalogus vir 'n splinternuwe uitstalling van skilderye in Berlyn skryf Breyten: "I bend my gaze, my hand swoops down to scratch the paper or the canvas the way a bird does when it is looking for a worm. There are many worms and dead friends just below the surface."

**Beteken Memories dat jy in jou skryfwerk 'n breuk maak met Afrikaans?**

Breyten: Nee, ek bewe nog en ek huil in Afrikaans. Ek is 'n Franse burger, met toegang tot belangrike mense in die Franse regering. My "spraakgebrek" is minder en soms verbeel ek my ek het 'n worteltjie geskiet. Maar dis 'n bok wat ek geskiet het. (Onthou u nog?: "my hart is in die boland en niks kan dit ontwy nie")

Nee, ek sal nooit 'n Fransman word nie, hoewel my skryfwerk nou ook gereeld in Frans verskyn. Die nuwe Nederlandse bundel verhale en beelde, Alles één paard, kom ook nou in Parys uit. En in Engels.

Maar hier (en hy hou die boekie in die hand) is 'n nuwe manuskrip Afrikaanse gedigte wat al van ver af kom. Soos die so, in twee afdelings: "soos die so" en "papiergeleide". En daar's nog twee of drie bundels of boeke of iets. Een is verse van die liefde: tien saamgestelde landskappe bemaak aan die geliefde.

(Onthou u nog?: "maar dat die kleinste klanke van ons liefde/ van boom tot boom gebied word/ geskryf in die groen van handpalms/ gelees op kuste van tropiese lande/ gehang word aan die wit kykers van die pendoring")

Meer as altyd weet ek ek is van Afrika. Daarom beskou ek myself as 'n agent van die gewaarwording van Afrika. Met elke reis hierheen vlek ek oper, en hoe suider hoe séérder. Daar kom ook 'n Afrika-boek van my: die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval.

Jy vra waar lê my lesers? Vir wie skryf ek? Ek het hom een laat aand in die donker teëgekom!

**Wat dink jy is die betekenis van 'n beraad soos hierdie vir Suid-Afrika?**

Dis die kennisneem van die belangrikheid van die kulturele dimensie van ons menswees. Dit bring nuwe ruimte aan die holrughings "identiteit" en die gewaarwording van 'n groter Suid-Afrikaanse bewussyn.

Dit moet uitkristalliseer in demokrasie, verdraagsaamheid en nie-rassisme.

**Maar sal die Afrikaners dit kan doen?**

Nee. Ons het slagoffers van onsself geword, die resultaat van soveel jaar se ontkenning van die vasteland waarop ons boer, soos Blum geskryf het.

Die Afrikaners dink graag hulle is politieke diere, maar is eintlik maar wollerige skape. Die Afrikaner is van alle groepe in Suid-Afrika die meeste gedepolitiseer, want van vroeg af is hy van alle keuses ontneem.

Maar dan het ons nog gelieg ook oor die vasteland. Want as dit ons pas, het ons ons beroep op die "realiteit" van Afrika. Maar dis 'n skynsel van realisme wat ons bedonder, en waardeur ons die liberale en die humane laat links lê.

Ons sogenaamde realisme is 'n brutale persepsie van Afrika. Daarom is konfrontasie met bepaalde magte onafwendbaar. Die Afrikaner sal nie sy eie hearts and minds kan wen nie. Die hart-Afrikaner sal nie kan metamorfeer nie.

Maar kyk na die mense van die Universiteit van Wes-Kaapland: dis mense met 'n greep op hulle lewens. En weeg dit op teen die swaarmoedigheid van die Maties.

Ons het 'n apokaliptiese siening ontwikkel met ons apartheidbril wat aanpassing verhoed. As ons nie kan kry wat ons wil hê nie, dan vernietig ons alles.

Deur ons loop daar 'n diep donker stroom van selfmoord.

*9 Februarie 1974*

***die bourgeoisie trek hul luike dig***
***ingesakte boemelaars snuif warm lug uit die aarde***
***en vertroetel skurwe dinge tussen heupbene***
***koere roer in halse van parende duiwe***
***die lug staan hoog op glaspilare***

***ek trek my droom tot dagbreek toe***

*('n Gedig van Breyten uit 'n bundel wat later vanjaar by Taurus verskyn. Breytenbach se poësie is beskikbaar by Taurus, Posbus 39400, Bramley 2018)*

Breyten sien daar goed uit, veral na die koerantstories oor hoe hy sou stry om aan die lewe te bly. Soos 'n budgie by sy spieëltjie kuier hy lang rukke by Yolande gedurende die beraad. Ook dit is goed. Uiteindelik sal hulle weer suide toe kan reis: na Oubaas toe.

(Onthou u nog?: "Noudat ek uitgeswel van lyf is kan ek treur oor die eelte van my vader, die lugoë van my ma.")

**Wat is die betekenis van die beraad vir jou?**

Ek hou myself dop. Ek wil net opsuig en inneem, proe en eet, al is dit morsig soos 'n mango. Ek staan op die kant en ek kyk in op 'n stimulerende én bewegende omgewende.

Maar die ou wat dophou, is een wat loop en huil. Ek kyk na die lug, na hierdie boom; ek ruik die lig. Ek wéét voor die tyd hoe seer dit gaan maak: so naby en so ver. En al die soorte Afrikaans. En dat julle donners nie een 'n tas saamgebring het wat groot genoeg is om my mee terug te neem nie.

Ek het lank gehuiwer voordat ek besluit het om tog te kom, maar daar was ander dinge ook. Maar noudat ek hier is, weet ek dat dit nie anders kon nie.

Eers in Afrika en eers in die suide is jy volledig - hier loop jy op al jou pistons.

(Onthou u nog?: "Môre kraanvoël blou keelskoonmaker/ heuningsnawel kwêvoël, bosduif ou boomkoelte/ swaeltjie en hotnotsgod, makou wat waar skater!/ môre verbeelding")

**Wat is jou persepsie van die Afrikaanse skrywers? Wat maak hulle byvoorbeeld binne die Afrikaner-establishment? Wat kan hierdie saamkomslag vir hulle beteken?**

Ek is bang dat hierdie soort ding mense nog soepeler en taaier gaan maak. Noem my maar 'n doemprofeet, maar ek is te veel ontnugter - ek is swartgallig oor hulle vermoë om die sprong te maak en hulle potensiaal werklik te gebruik. In ander opsigte moet ek my onkunde bely. Ek weet nie wat alles geskryf word nie. Dit lyk of die outjies baie sensitief is vir hulle eie ervaring, en ook juis die ervaring van die woede en die geweld en die pyn wat ons land is.

Maar dis of hulle daarvoor terugdeins, en het 'n agterdeur oopgekry na regse denkvorme. En die literatorre steun hulle in hierdie witvoetjie soek by regse gedrogte van oorsee.

Gras moet weet van gras-heid, bloed moet weet van taai en geweld moet weet van oopgesperde oë.

Nou kom die hiper-intellektualisme wat die input van die nitty-gritty weer neutraliseer.

Maar ek weet ook nie. Is Breyten Breytenbach nog organies deel van die Suid-Afrikaanse literatuur?

Uit: "The memory of birds in times of revolution" (Berlyn, Mei 1989):

"What is this revolution the birds keep singing about? When I haven't said anything. Will it ever come? This could be a beginning. Maybe somebody will call me.

One should never giVe up hope. Time has passed again and again. It is good to sharpen the pencils. Tomorrow - of this I am sure - I shall put in a good day's work. Now I shall dream. I smooth my feathers, wrap drawings around my hands and go to bed with a memory of light."

Dis Woensdagoggend en die sebrabus dreun op vertrek. "Wanneer sal ons kan ophou groet?" is sy laaste woorde, met stukkies trane op die tong.



**Breyten plant 'n boom in Afrika - Ougadougou, Burkina Faso, 1987**




Betogers met olifantmaskers voor 'n ivoorwinkel in Parys, Frankryk

# Ivoor: Hongkong stem in, SA weier

**Anton Steenkamp en Charles-Henri Coudeville (AFP)**

HONGKONG is die jongste land om hom te skaar by 'n besluit om die handel in ivoor te verbied.

Die VSA, Japan, die 12 lidlande van die Europese Ekonomiese Gemeenskap, Switserland en Kanada het reeds verlede maand besluit om die invoer van ivoor na dié lande te verbied.

Verlede week het pres Daniël Arap Moi van Kenia in die openbaar 12 ton ivoor wat by wilddiewe afgeneem is, verbrand.

Dié optrede is ondersteun deur die Tanzaniese president, Ali Hassan Mwinyi, wat op 'n besoek aan Kenia was.

Die sekretaris van Zimbabwe se ivoorhandelaarsvereniging, Patrick Mavros, het dit afgemaak as 'n "tipiese skouspel van emosie wat die wêreld oorgeneem het wat die ivoorkrisis aanbetref".

Zimbabwe, Suid-Afrika en Botswana ondersteun nie die ivoorverbod nie.

Volgens dr Pie-ter Mulder, Direkteur van Natuurbewaring in Transvaal, oefen hierdie lande streng beheer uit oor ivoorhandel en sal 'n algehele verbod juis veroor-saak dat wilddiefstal toeneem omdat 'n onbeheersde sluikhandel sal floreer.

Hongkong is op 19 Junie vanjaar saam met Suid-Afrika, Japan en Ekwatoriaal-Guinee deur die Internasionale Dieregte-hof in Genèva skuldig bevind aan onwettige ivoorhandel.

Vyf jaar gelede het dié hof Soedan, Burundi en die Belgiese lugredery Sabena veroordeel vir hul aandeel aan die onwettige verkoop van ivoor.

Die Hof het verlede maand daarop gewys dat Japan se verbod nie wyd genoeg strek nie - dié land het die invoer van verwerkte ivoor verbied, maar nie van "rou" olifanttande nie.

Omtrent 80 000 olifante word jaarliks vir hul tande doodgemaak.

Bewaringsbewustes waarsku dat olifante teen die jaar 2 000 kan uitsterf as ingrypende stappe nie gedoen word nie.





Omdat verpakkingstegnologie so gespesialiseerd geword het, is Metal Box vandag sewe onafhanklike ondernemings wat elk op 'n spesifieke terrein konsentreer.

Ons werk saam deurdat ons mekaar se tegnologiese bronne, kundigheid en navorsingsfasiliteite deel en deur ons oorsese bondgenote gerugsteun word. Tog ding ons almal met mekaar mee om besigheid.



Dus kan u op Metal Box staatmaak om u die beste in verpakkingsekonomie, opsies en dienste te bied.

Ons gediversifiseerde verpakkingsafdeling word Divpac genoem.

Elke dag van u lewe is ons produkte in menigte vorm êrens naby u — van houers vir skoenpolitoer tot herverseëlbare oliekanne, versierende blikprodukte en — Pssst! — spuitkannetjies natuurlik.

MB SAAM BEWAAR ONS DIE BETER DINGE IN DIE LEWE.

Metal Box Suid-Afrika Beperk


# *Kinders, moenie die Yskor-water drink nie*

**Anton Steenkamp**

**WATER wat erg besoedel is en al tot skadevergoedingseise gelei het, word nog steeds deur die inwoners van kleinhoewes in Steel Valley naby Vanderbijlpark gebruik.**

**Die kleinhoewes word net deur 'n snelweg geskei van Yskor se ashope, wat volgens Jenny Mufford van die anti-besoedelingsgroep Apac die water besoedel.**

**Een van die boere van die kleinhoewes, Jan Tromp, het vier jaar gelede reeds 'n saak teen Yskor aanhangig gemaak nadat bome op sy grond gevrek het. Die saak is buite die hof geskik toe Yskor aangebied het om daagliks 10 000 liter water gratis aan Tromp te voorsien.**

**Nog 'n boer, J Naudé, het Yskor vanjaar hof toe geneem. Ook dié saak is buite die hof geskik.**

**Nog mense is nou van plan om hof toe te gaan. Die ontstellende ding, volgens Mufford, is dat dié mense wat nie bereid is om regskoste aan te gaan nie, nie vergoed word nie en steeds die besoedelde water moet gebruik.**

**Koeie by 'n melkery in Steel Valley drink ook water uit 'n besoedelde dam.**

**Vier jaar gelede het al die visse in die dam gevrek, en Yskor het visse teruggeplaas in die dam. Twee jaar gelede het die visse weer gevrek, maar Yskor wou geen verantwoordelikheid aanvaar nie.**

**Dr T Mort, 'n Natalse geoloog wat die saak ondersoek het, het tot die gevolgtrekking gekom dat die ashope die grond en water aan die ander kant van die pad besoedel.**

**Op 24 Mei vanjaar het die Departement van Waterwese in 'n brief verklaar dat hulle toetse uitgevoer het en dat die water in die gebied "bakteriologies geskik vir menslike gebruik" is, maar dat "die nitraat-inhoud van die water sodanig is dat dit 'n nadelige invloed op kinders jonger as een jaar kan hê".**

# 'Ek wil vir my klong kan sê: Ek het probeer'

**Die baas van Budget Rent A Car in Suid-Afrika het sy werk bedank om vir die Demokratiese Party in die komende verkiesing te staan. ELSABEé WESSELS doen verslag.**



LOUIS DE WAAL se toetrede tot die politiek is 'n berekende risiko. Verloor hy die Noordrandsetel vir die Demokratiese Party op 6 September, sit hy sonder werk.

De Waal, 38, is ná 'n strawwe nominasiestryd deur die DP in die land se grootste kiesafdeling genomineer. Dié bufferstrook aan die noordelike buitewyke van Johannesburg het 44 000 kiesers.

"Ek het klaarblyklik baie om te verloor," sê De Waal. Maar soos dit 'n goeie bemarker en sakeman betaam, floreer hy op risiko's. Hy het die politiek betree omdat hy glo "die ekonomie moet gered word" en "dinge besig is om te verander".

De Waal het 'n blink sakeloopbaan vaarwel geroep en so te sê oornag in die aktiewe politiek beland.

Hy het reeds afstand gedoen van sy pos as uitvoerende direkteur van Budget Rent A Car. Verloor hy sy politieke stryd, moet hy 'n heel nuwe loopbaan begin.

Hy is van vroeg reeds 'n "leunstoel-politikus", maar die Demokratiese Party het hom begeester.

Hy was lank 'n toegewyde Nasionalis wat geglo het die NP moet van binne af hervorm word. "Kan jy glo daar is mense wat steeds so dink, en om dié rede in die NP bly? Dit terwyl almal ooglopend elke jaar armer word. Hoe ver moet die rand daal voordat mense tot hul sinne kom?

"Selfs die armste, konserwatiefste en mees bedreigde wit kieser moet besef die ekonomie kan nie meer tred hou nie. Keer enige huisvrou met 'n supermark-trollie voor. Sy sal jou vertel - elke maand is dit duurder. Dit behoort die mees bemarkbare politieke boodskap te wees," sê hy.

Daarom glo hy ook dat meer sakelui in die politiek hoort. "Pleks dat meer sakelui hul stemme laat hoor, is hul verstrengel in hul eie onbetrokkenheid. Politiek en die ekonomie kan nie geskei word nie. Dis soos 'n Siamese tweeling - die een kan nie sonder die ander nie."

Hy het eers 'n "morele" standpunt ingeneem, maar 'n besef dat die ekonomie op die afdraand is, het die knoop deurgehaak.

"Ek dink dis my laaste geleentheid om onder redelike stabiliteit 'n bydrae te lewer. As my jong klonge van nege en elf eendag die vinger na my wys en vra wat ek gedoen het om die saak realisties aan te spreek, moet ek met eerlikheid kan sê: ek het probeer."

De Waal kom uit 'n kompeterende wêreld. "Om sake in Suid-Afrika te doen, is moeilik. 'n Mens doen sake in 'n milieu waarin 'n regering van 40 jaar die boek geskryf het. Om as sakeman te oorleef, moet jy inpas by dié boek. 'n Mens kan nie wetgewing ignoreer nie.

"Eintlik het die staat se rol in die ekonomie so omvattend geword dat almal met die regering sake doen. Maar as jy dink aan die hoë belasting wat jy betaal, doen jy eintlik sake met jouself."

Met sy ervaring in die sakesektor glo hy dat die meeste sakelui "koelbloedig rasioneel" is. Die sisteem moet aan die gang gehou word: daarom dat die sake-gemeenskap en regering na 'n onheilige alliansie lyk.

"Maar dit is nie net die sakesektor wat tot verantwoording geroep moet word nie. In 'n besigheid is dié ou wat die tjek teken die baas. Maar die belastingbetaler betaal die tjek in Suid-Afrika."

De Waal het homself en sy gesin verbind tot 'n toekoms in Suid-Afrika. "In 1984 het ek 'n kans gehad om 'n Amerikaanse burger te word. Dit was 'n oomblik van waarheid vir my. Dit was ry of bly. Ek het besef my hart en my lewe lê in Afrika.

"Maar ek het toe reeds besef dat indien ek in Suid-Afrika bly, ek iets vir my kinders se onthalwe moet doen."

Hoekom het hy hom nie toe al in die politiek begeef nie? Hy was nog 'n Nasionalis en het geglo dat die NP "sonder beletsel links sou beweeg".

Het hy ooit oorweeg om die Progressiewe Federale Party te steun?

"Ek was bewus van die rol wat die PFP gespeel het, maar ek was té Afrikaans om by die PFP aan te sluit. Daar was net nie die geestesgoedere waarmee ek kon identifiseer nie. Hulle kon nooit genoeg Afrikanersteun mobiliseer nie."

Maar aan Afrikaner-wees vergryp hy hom ook nie. "Dit is Afrikanereksklusiwiteit wat Afrikanerdom op sy knieë gebring het. Die PFP kan opreg vra waar die Afrikaner was toe die stryd fel was."

De Waal glo die DP het die regte Suid-Afrikanisme. Dis 'n hele nuwe span spelers, sê hy.

Die "Wynand/Denis-kombinasie" het hom geroer. "'n Suksesvolle sakeman is een wat 'n risiko kan bestuur. Ek dink juis dat dit die risiko's is wat albei van hulle geloop het wat aan hulle geloofwaardigheid gee. Ek is bereid om dieselfde risiko te loop."

En met die grootste kiesafdeling wat al 'n draai in KP- en NP-hande gemaak het, is die risiko groot. De Waal beskryf sy Noordrand-kiesafdeling as 'n mikrokosmos van Suid-Afrika. Sedert 1987 het die kiesafdeling van 33 000 tot 44 000 kiesers gegroei.

Maar in 1987 kon die NP slegs 'n meerderheid van 1200 oor die PFP behaal in 'n drieparty-stryd. In verlede jaar se munisipale verkiesing kon die NP ook nie 'n meerderheid behaal nie. Die stadsraad is in die hande van onafhanklikes.

Tog glo De Waal hy het 'n "goeie kans en hopeloos te min werkers".

# *SAUK-baas 'n 'oop denker'*

**DIE voorsitter van die SAUK-Raad, prof Christo Viljoen, het vandeesweek die versekering gegee dat hy nie lid van enige politieke party is nie. Hy beskou homself as 'n oop denker wat politieke vergaderings van al die partye oor die hele spektrum bywoon.**

**Viljoen het gereageer op die berig in Vrye Weekblad verlede week waarin gesê is dat hy nog so onlangs as die verkiesing van 1987 aktief by die Nasionale Party se organisering betrokke was. Hy was tot minstens 1986 ook 'n lid van die NP se dagbestuur op Stellenbosch, het die berig gelui.**

**"Ek het nog nooit aanspraak gemaak op politieke steriliteit nie. Ek bevestig dat ek al politieke vergaderings bygewoon het, en is van plan om dit in die toekoms ook te doen - van partye oor die hele spektrum heen.**

**"Ek is nog nooit op Stellenbosch verkies tot die NP se dagbestuur nie, en het beslis nie tot 1986 daarop gedien nie. Dit is by enige NP-ampsdraer op Stellenbosch kontroleerbaar," sê Viljoen in sy kommentaar op die berig deur Pierre de Vos, 'n redaksielid van Die Suid-Afrikaan.**

**Viljoen sê hy was as dosent by die Universiteit van Stellenbosch as ere-lid betrokke by gespreksgroepe soos US-Gesprek, Indaba en die Gorrelklub. Dit is groepe wat die "oop gesprek" bevorder. Iemand soos prof Sampie Terreblanche was self ere-lid van eersgenoemde twee.**

**"Ek beklemtoon dat ek op professionele vlak sake as SAUK-voorsitter onpartydig en onbevooroordeeld beoordeel. As professionele beroepsmens sowel as akademikus vind ek dit maklik om hierdie onderskeid te tref en nie toe te laat dat private oortuigings my professionele integriteit beïnvloed nie," sê hy.**

**Viljoen het verder ontken dat hy 'n voorproduksie-vergadering van TV-programme bygewoon het om 'n ogie oor sake te hou. Hy sê hy is van plan om "die gange te loop" binne die SAUK ten einde vas te stel hoe die plek "werk", want slegs daarna sal hy die Raad behoorlik kan adviseer oor beleidsake.**

**Hy sê hy het wel 'n werkseminaar van die SAUK se oorklankingsafdeling in Kaapstad bygewoon nadat hy deur June Seymour uitgenooi is.**

**"Die ware gesig van die nuwe SAUK-voorsitter wat u probeer skilder het, blyk dus maar 'n drogbeeld te wees," sê Viljoen in sy kommentaar.**

*** De Vos sê in antwoord op Viljoen se kommentaar: `"n Student wat in 1986 op die NP se dagbestuur gedien het, het bevestig dat Viljoen in 1986 op die dagbestuur van Stellenbosch verkies is. Die rol van die Indaba-groep, waarvan Viljoen 'n lid was, was om steun vir die NP onder die studente te werf.**

**"Die kern van die berig oor Viljoen was dat sy beeld in die pers as `Cape liberal' nie sy ware beeld is nie. Dat Viljoen sy pro-NP-opinie op so 'naktiwistiese wyse uitgeleef het, weet byna niemand nie."**




# Shell ondersteun die reg van alle mense om te woon waar hulle wil

Ons werk om nou 'n verskil te maak.

# En waar moet die honde nou hulle bene oplig?

Jacques Pauw

**DAAR is vir 'n hond op 'n wandeling nie meer uitkoms teen enige boom of paal in blank Suid-Afrika nie.**

*Want die ruikplekkies van vroeër is sedert verlede week ingeneem deur die gesigte van FW De Klerk, Andries Treurnicht, die DP-Troika, snaakse skilpaadjies, marionette en leë doppe.*

En tot en met 6 September gaan die 3 170 667 geregistreerde blanke kiesers gebombardeer word deur die verkiesingsboodskappe van die vier politieke partye en sy 425 kandidate plus vyf onafhanklikes.

Verkiesingsplakkate is vir die drie grootste politieke partye - die Konserwatiewe Party, die Nasionale Party en die Demokratiese Party - van deurslaggewende belang in hul veldtogte om kiesers in die volgende vyf weke oor te wen.

En agter al die slim sê-goed, venyn, humor en leë belofte lê 'n fyn uitgewerkte strategie wat elke party bedink om sy teenstanders te uitoorlê.

So byvoorbeeld is die DP se plakkate ontwerp om krag, hoop en vrede te projekteer, die NP s'n is 'n boodskap van nuwe hoop en visie terwyl die KP die kleure van die nasionale vlag gebruik om sy patriotisme te weerspieël.

Suid-Afrika beleef 'n plakkate-oorlog soos nooit tevore nie. Elke party sê dat hy meer én beter plakkate as in die Mei 1987-verkiesing opsit.

En hoewel 'n plakkaat met twee kleure en 'n harde karton aan die agterkant sowat R2,70 kos, meen partye dat dit steeds een van die goedkoopste reklame-wyses is.

Alle partye gebruik 'n tweeledige plakkaatstrategie: aan die een kant 'n negatiewe veldtog wat die teenstander se swak punte aanval, en aan die ander kant een wat die party se positiewe veldtog uitdra.

Tog het Suid-Afrikaanse verkiesingsplakkate 'n gebrek aan illustrasies en is veels te negatief, meen dr Hanneke du Preez, kommunikasiekundige wat 'n studie van verkiesingsplakkate gemaak het.

Sy meen die DP-plakkate is te negatief, die NP maak utopiese beloftes terwyl die groot bedreiging KP-plakkate oorheers.

Maar hoe sien die verskillende partye hul plakkaatveldtogte?

Die NP maak hoofsaaklik van sy nuwe leier, nuwe aksieplan en uiteindelik nuwe Suid-Afrika gebruik om kiesers oor te wen, sê dr. Boy Geldenhuys, adjunk-direkteur van inligting van die NP. Hy sê die NP se plakkate is so ontwerp dat dit aantreklik is en 'n nuwe boodskap van hoop uitdra.

Daarenteen word die KP geló6p dat hy die ekonomie sal verwoes, terwyl die DP se troika as drie blinde muise uitgebeeld word wat deur die ANC uit Lusaka beheer word. In 'n nuwe plakkaat word hy ook gekritiseer dat hy met sy deelname aan grenssetels die KP bevoordeel.

Geldenhuys sê nuwe plakkate word ontwerp en gedruk soos die veldtog ontwikkel en nuwe vraagstukke na vore kom. 'n Advertensie-agentskap help die NP in sy plakkaatveldtog.

Die DP, wat tot dusver baie min plakkate opgesit het, se plakkate is in teenstelling met die KP en NP se plakkate sonder illustrasies en baie eenvoudig.

"Ons probeer minder emosioneel in ons plakkaatveldtog wees omdat ons met 'n meer denkende kieser te make het. Ons glo 'n plakkaat moet een van twee reaksies by 'n kieser uitlok: dit moet 'n vraag by hom laat oor sy keuse om vir die NP te stem, of hy moet hom kan vereenselwig met ons boodskap," sê James Selfe, direkteur van inligting van die DP.

"Ons het probeer om ons plakkate met die blou en geel soos 'n vlag te laat lyk wat krag, groei en 'n nuwe toekoms voorstel. Ons probeer aan die een kant die NP se swak rekord oor die ekonomie en menseregte uitbuit en sê aan die kiesers dat die NP se aksieplan geen nuwe visie is nie.

"Aan die ander kant probeer ons die boodskap oordra dat ons die kern van 'n nuwe politieke toekoms is en dat almal veilig by die DP is," sê Selfe.

Die KP, wat alreeds sowat twintig plakkate uitgegee het en ook nou een in Portugees druk, het met 'n nuwe veldtog begin wat die regering hewig kritiseer vir sy beweerde bande met die ANC.

Drie nuwe plakkate wat pas opgestel is, lui: "After NP action, ANC satisfaction", "NP loves ANC", en "Wat konkel FW en Mandela?". Daar word ook glo 'n plakkaat opgestel waarin Elize Botha en Winnie Mandela saam tee drink.

"Ons gaan die NP loop oor hulle bande met die ANC. Ons gaan hulle looi net waar ons kan, en dit is nogal maklik deesdae," sê Andries Beyers, hoofsekretaris van die KP.

Hy sê die KP-veldtog is veral gerig teen die ekonomiese verarming van die witman, korrupsie en die kontak tussen die ANC en die regering. Daarenteen is hulle positiewe boodskap dat die KP die enigste party is wat die politieke voortbestaan van die witman kan verseker.

Beyers sê plakkate is deurslaggewend vir die KP omdat hulle nie 'n groot koerant het wat hulle steun en hul boodskap kan uitdra nie.

Die KP het in hierdie verkiesing, anders as in 1987, ook op humoristiese plakkate besluit omdat die NP soveel dom dinge doen wat werklik lagwekkend is, sê Beyers. Daarom het hulle 'n plakkaat met 'n skilpad wat lag wat onder NP-plakkate opgesit word.

Die HNP is nog besig om sy plakkate te laat druk.

Hanneke du Preez sê die impak van plakkate kan oorskat word. Daar is navorsers wat beweer dat lojaliteite nie verander kan word deur 'n slim slagspreuk op 'n plakkaat nie. Sy sê dit help egter om 'n sekere politieke klimaat te vestig en die beeld van partye uit te bou.

"'n Party met 'n aggressiewe veldtog kan die indruk wek dat hy aktief en dinamies is. Daarby het plakkate 'n sterk penetrasievermoë. Mens kan die radio of televisie afsit of nie 'n sekere koerant koop nie, maar 'n plakkaat op straat word moeilik misgekyk," sê sy.

Du Preez meen die huidige tendensie van plakkate wat met mekaar "praat", is baie interessant. Die KP se laggende skilpad is ontmasker as 'n leë dop. Die KP het nou 'n plakkaat wat antwoord: "Dit sit nie in die dop nie, dit sit in die kop."

Die KP gebruik ook bekende advertensie-slagspreuke in hul veldtog, soos "After NP action, ANC satisfaction" (Lexington-advertensie), en "SWA: Kyk, dink en oorleef" (Verkeersveiligheidsraad).

Sy meen ook dis insiggewend dat die NP en KP hul by die landsvlagkleure hou, terwyl die DP op blou en geel besluit het. Dit mag simbolies wees van wie ou simbole aanhang en wie bereid is om nuwes te skep.

Die meeste KP-plakkate is aanvalle op die regering, terwyl dit verder gekenmerk word deur imperialistiese stellings soos "Hierdie is KP-wêreld", swart gevaar-boodskappe en 'n visie van bedreiging.

Die NP lê veral klem op sy nuwe boodskap en nuwe leier en teenaanvalle teen die KP. "Vir die mens wat huiwer tussen die vertroude verlede en 'n beter môre, is hier 'n goeie kombinasie. Tog is daar behalwe die utopiese belofte nie veel konkrete beleidsuitsprake nie."

As die DP-plakkate met die ou PFP-plakkate vergelyk word, kom dieselfde ou kwaal na vore: daar word te veel op die negatiewe aspekte van die NP gefokus ten koste van die ontwikkeling van eie argumente, meen Du Preez.

"Die DP-plakkaat wat dit teen kruipende armoede het, sê nog nie hulle hulle dit self gaan keer nie. Die tema van versoening word net in een DP-plakkaat aangetref: 'Minderheidsgroepe is veilig by die DP'," meen sy.







Dr Hanneke du Preez, kommunikasiekundige van Pretoria, wat 'n studie van plakkate gemaak het
















Berig deur J Pauw, Breestraat 153, Johannesburg

## Hier is gesin-wees die luukse van 'n paar dae per jaar

# 'n Gestrykte wit hemp is 'n daad van verset

**Die lewe in 'n hostel is vir duisende Suid-Afrikaners die beliggaming van apartheid in Suid-Afrika. Dit is waar die "amagoduka" - dié wat huis toe gaan - woon. Dit is waar 82 565 mense 25 701 beddens deel. Dit is waar verset gebore word. DAVID LEWIS, 'n organiseerder van die General Transport Workers Union en deeltydse lektor in ekonomie aan die Universiteit van Kaapstad, het die "Kirk"-hostel in Guguletu besoek en gee sy indrukke. Die foto's is geneem deur ROGER MEINTJES van Afrapix**

**AS jy 'n nabootsing van 'n konsentrasiekamp uit die Tweede Wêreldoorlog wil sien, moet jy net met die hoofpad deur Guguletu, een van Kaapstad se swart woonbuurte, langs ry.**

*Dit is waar die "Kirk"-hostelkompleks geleë is. 'n Langwerpige, nou, enkelverdiepinggebou is nie die vuilheid wat jou aan die spreekwoordelike Stalag 17 laat dink nie, maar die geïsoleerde, anderwêreldse gevoel van die plek. Dit is asof die gebou sy inwoners van die wêreld wil afskei.*

Die "Kirk"-hostel (uitgespreek as "Kik" of "Kiki") is vernoem na die eerste wit opsigter wat oorspronklik na die kompleks moes omsien. Die kompleks, wat in die vroeë sestigerjare gebou is, is net so oud soos Guguletu.

Die kompleks is omring deur die vuurhoutjiedosie-huisies van die township. Daar is geen heinings nie, tog eindig 'n lewenswyse by die grense van die kompleks.

Dit is waar die "amagoduka" - dié wat huis toe gaan - woon.

Op die mure staan "Umtata, Cofimvaba, Engcobo" geskryf; dit is die tydelike bushalte vanwaar die bus na dorpe en distrikte in die Transkei vertrek.

Vir miljoene swart Suid-Afrikaners is die lewe in 'n hostel die beliggaming van apartheid in Suid-A-frika.

Dit verteenwoordig die hart en siel van die apartheidswette. Hier woon mans - en minder gereeld, vroue - wat die reg ontneem is om hulself permanent in die stad te vestig, of om saam met hul gesinne te wees.

Mense wat elf maande van die jaar in die hostel deurbring, en dekades lank na dieselfde slaapsaal, selfs dieselfde bed, terugkeer.

Gaan besoek "Kirk" op 'n Saterdagmiddag. Sommige mense sal dit selfs romantiseer.

Daar is verkopers wat hulle ware in die sand ten toon stel; kinders en hoenders hardloop rond; middeljarige mans met hoede en pakke op pad na 'n begrafnis; groepe mans wat op tuisgemaakte bankies sit; jong mans wat sit en bier drink terwyl mbaqanga oor luidsprekers op die hostel se dak blêr.



Mnr Nosam en Bongani Maruhuba in hulle kamer op 'n Sondagmiddag

Dié gesig verteenwoordig 'n onwrikbare wil om 'n waardige bestaan te voer. Die werklikheid van armoede is egter meedoënloos wreed.

Volgens 'n ondersoek wat in 1988 deur die regering gedoen is, woon daar 82 565 mense in hostelle in Langa, Nyanga en Guguletu wat 25 701 beddens deel! 'n Mens huiwer om te dink aan die lugtoevoer, lig, toiletgeriewe en krane as daar meer as drie persone per bed is.

Uit die omstandighede word verset gebore. Om op 'n Saterdagmiddag in 'n netjies gestrykte hemp uit te gaan, is 'n daad van verset; om die helfte van 'n dubbele kajuitbed met 'n gordyn toe te span om sodoende 'n bietjie privaatheid aan 'n man en sy vrou te verskaf, is 'n daad van verset.

In die sewentigerjare en vroeë tagtigs was die hostelbewoners die ruggraat van die vakbondbeweging. Hoewel hulle nog in 'n groot mate 'n belangrike deel van die beweging uitmaak, het die vakbonde meer gesofistikeerd, en jonger geraak en is minder hostelbewoners in leiersposisies.

Op 'n onlangse vergadering van Numsa het die vakbond besluit om aktiewe deelname van hostelbewoners aan te moedig. Numsa is veral bekommerd dat die hostelbewoners onder die invloed van "reaksionêre magte" kan kom, indien die vakbond nie meer aandag aan hulle behoeftes gee nie.

In verskeie gebiede het die hostelbewoners hulself begin organiseer. Een van die doeltreffendste organisasies is die Hostel Dwellers Association (HDA) wat in Wes-Kaapland werksaam is. Dié organisasie spog met 14 000 lede wat bestaan uit informele en formele netwerke wat tot in die tuislande strek. Die HDA is deeglik bewus van die behoeftes en voorkeure van sy mense.

Dit is nou drie jaar sedert die paswette afgeskaf is. Vroue en kinders het na die stede gestroom. 'n Hele gesin slaap in een bed.

Die gevolg was dat die staat die hostelle net verder laat verwaarloos het. Verskeie hostelle is in gesinsbehuisingseenhede omskep, die hostelbewoners is uitgesit en op 'n lang waglys vir behuising geplaas. Die HDA is by 'n ambisieuse projek om behuising vir hostelbewoners en hul gesinne te verskaf, betrokke.

Die staat se banadering teenoor lae-inkomstegroepe het verskuif van hostelle na plakkerskampe - "informele vestigings" - wat om stede paddastoel.

Maar trekarbeiders en hostelle gaan nie verdwyn nie. Ook nie die stryd van die hostelbewoners nie. Baie hostelbewoners behou sosiale en ekonomiese kontak met die platteland; baie kan nie saam met hulle gesinne na plakkerskampe in die stede verhuis nie. Baie wil nie trek nie.

Ek het een van die leiers van HDA oor sy rol in 'n bevryde Suid-Afrika uitgevra. "LP vir Idutywa," het hy gesê, "in die Suid-Afrikaanse Parlement natuurlik".



'n Koue kamer met baie koue vooruitsigte



'n Kamer is 'n huis en 'n bed is 'n kamer



Twee mense, vyf honde en 'n bleek toekoms




'n Hartseer afskeid ... nou lê die lang wag voor

# Afrikaans: 'n regte kruidjie-roer-my-nie

**LOSPRAATJIES deur Fanie Olivier**



VIR Afrikaanssprekendes is taal nou maar eenmaal 'n saak wat maklik 'n groot ding word.

Of dit 'n anderhalfeeu gelede se stryd teen die ortodokse Kaapse Nederlanders was, of verset teen Milner se verengelsing-beleid; of dit die minagting van Afrikaans in die Kaap dertig, veertig jaar gelede of die verwerping van Afrikaans na Soweto in 1976 is, Afrikaans is 'n regte kruidjie-roer-my-nie.

'n Koerant soos Beeld dra 'n weeklikse taalrubriek en elke Woensdagaand kan luisteraars na Radio Suid-Afrika hoor van "Die taal wat ons praat". Briewe in koerante kla oor omroepers en beeldradio-persoonlikhede se slordige taalgebruik.

Dis te verstane dat 'n mens dikwels in gesprekke oor 'n post-apartheid Suid-Afrika lospraatjies maak oor die posisie en rol van Afrikaans. En dikwels van mense wat so witverstrik is, dat hulle nie eers weet dat daar net soveel "ander" mense is wat Afrikaans as huistaal het nie.

Dis dié dat "verdruktes" keer op keer tot ons redding moet kom om vir die "verdrukkers" die versekering te gee dat Afrikaans nie sal verdwyn nie, en dat Afrikaans een van die baie tale van ons gemeenskap is.

Taalverdrukking het in ieder geval selde sukses. Die oplewing van die taalnasionalisme binne die Sowjet-Unie is daarvan 'n goeie eietydse bewys, terwyl die Bulgaarse veldtog teen Turks groter begrip vir die posisie van die Turkssprekende gemeenskap tot gevolg het.

Hier het die regering alle Turksstalige skole gesluit, mense met Turkse name gedwing om Bulgaarse name te kry en kwaai boetes gehef vir die gebruik van Turks in die openbaar.

Omdat die taal ook intiem verweef is met die geloof, word die veldtog ook teen Islam gevoer. In hierdie proses word seuns van Turkse afkoms gereeld deur die amptenary ondersoek om seker te maak dat hulle nie besny is nie.

(Laasgenoemde het darem nooit deel van Milner se strategie uitgemaak nie! My ma kan darem vertel dat hulle in die destydse Suid-Rhodesië bordjies moes dra wat verklaar: I AM A DUTCH DONKEY indien hulle Afrikaans op die skoolterrein gepraat het.) Dat Engels nie sonder meer in post-koloniale Afrika die septer swaai nie, kom ek agter in 'n rubriek in die Zimbabwiese The Sunday News.

Hierin verklaar die skrywer dat die mense moet ophou om hulle tale ondergeskik te stel aan Engels. Mense wat meen dat Engels beter is as die tale van Afrika, word beskryf as sou hulle "darkened minds" hê.

Die besluit van die gevierde prosaskrywer uit Kenia, Ngugi wa Thiong'o, om nie in Engels te skryf nie, sluit ook hierby aan.

Ngugi se jongste werk, Matigari, het onlangs eers in Engels verskyn nadat dit byna drie jaar gelede reeds in Gikuyu gepubliseer is. (Die ontvangs van die roman in Kenia is self 'n hele storie. So oortuigend is die roman se hoofkarakter geskep en so na aan die waarheid is sy kommentaar en sy soeke na geregtigheid, dat die regering opdrag gegee het dat hierdie karakter gearresteer moes word.

Toe dit blyk dat hy net op papier bestaan, is die boek "in hegtenis geneem" en nog nie weer vrygelaat nie!)

Ngugi glo dat die skoonheid van die Afrika-taal, geskep binne die kokon van uitdrukkings, beeldspraak en omgangstaal van die mense, die werklikhede van Afrika kan verwoord soos Engels dit nie kan doen nie.

"We African writers are bound by our calling to do for our languages what Spencer, Milton and Shakespeare did for English; Pushkin and Tolstoy did for Russian, and indeed what all writers in world history have done for their languages by meeting the challenge for languages for philosophy, science, technology and all other areas of human endeavours."

Wit kiesers gaan die volgende ses weke bang gemaak word met stories oor die einde van Afrikaans as apartheid tot sy einde kom.

Niks is verder van die waarheid nie. Dat Afrikaans bly leef het ten spyte van apartheid is die grootste wonderwerk.

# 'Waar daar geen visie is nie, sal my mense vergaan'



**JAN S MARAIS, gewese NP-LV, stigter van Trust Bank en tans voorsitter van 'n internasionale konsultantgroep, skryf oor sy visie vir 'n nuwe Suid-Afrika**

NA 'n gepleit van meer as 40 jaar begin sommige van die voorgestelde idees vir 'n nuwe grondwetlike bedeling darem nou in Suid-Afrika wortel skiet. 'n Toenemende aantal mense aanvaar dat ons al hoe nader aan 'n federasie/konfederasie beweeg.

Onlangs het ek 'n paar kort advertensies in verskillende publikasies geplaas en 'n oorweldigende reaksie vanuit 'n breë spektrum van die algemene publiek ontvang - alle rassegroepe ingesluit.

Ek het bloot gesê: "Mede Suid-Afrikaners, vra en dring daarop aan dat ons politieke leiers hul Visie vir ons Toekoms uitstippel; veral die PFP en die NP.

"Ek het dekades lank betoog dat 'n nie-rassige federale demokrasie soortgelyk aan die Switserse stelsel, asook 'n Verklaring van Regte en Minimum Standaarde in verskillende gebiede, die uitvoerbaarste vir ons sou wees."

Politici wil dit nie geredelik erken nie, maar alle aanduidings is dat ons in die rigting beweeg van 'n gemeenskap wat sal funksioneer binne die raamwerk van 'n vrye demokratiese federasie met 'n groot mate van devolusie van mag soos die geval is met selfs baie klein gemeenskappe in die Switserse stelsel.

Waar ons weer eens 'n algemene verkiesing nader, hoop ek van harte die ambisieuse politieke persoonlikhede en partye sal die evolusionêre ontwikkeling met 'n "beskaafde gedragskode" en "minimum standaarde" vir Suid-Afrika aanvaar en aggressief bevorder. Dié konsepte behoort ingesluit te word in 'n Verkla-ring van Regte.

Hieronder volg sommige van die basiese beginsels wat deel behoort te vorm van 'n toekomsblik in 'n praktiese program van aksie:

1. Maksimum persoonlike vryheid aan enige persoon ondanks ras, kleur, godsdiens, ensovoorts. Uitgesluit alle misdade soos aanranding, moord, intimidasie of diefstal.

Almal behoort egter dieselfde regte en voorregte voor die howe te geniet en die regbank behoort heeltemal onafhanklik te wees.

2. Werksetiek behoort aangemoedig en gehandhaaf te word vir almal wat die vrugte van arbeid wil pluk. Alle liefdadigheidsorganisasies behoort aan te dring op enige bydrae wat 'n ontvanger kan maak, byvoorbeeld om die omgewing skoon te maak, bome te plant, damme te bou, breiwerk te verkoop...

Verder behoort meriete erken en beloon te word.

3. Gelyke opleidings- en beroepsgeleenthede, behuising en vergoeding op meriete is uiters belangrik vir Suid-Afrika se ontwikkeling. Dit moet 'n onverhandelbare beginsel bly.

4. Daar behoort onmiddellik weggedoen te word met alle diskriminerende wette, reëls, regulasies en praktyke; sowel as die oorvloed van ander wat onnodig beperkend is. Terselfdertyd behoort minimum standaarde vir spesifieke omgewings daargestel te word in die plek van Groepsgebiedewet wat onmiddellik afgeskaf moet word. Daar kan nie-rassige minimumstandaarde vir alle omgewings na gelang van die omstandighede onderhandel word.

5. Konstitusioneel is dit noodsaaklik en logies om 'n stelsel van federasie en devolusie van maksimum selfbestuur te bewerkstellig binne die raamwerk van die voorgestelde omvattende gedragskode. Sentrale regering behoort beperk te wees tot enkele afdelings soos buitelandse sake, verdediging, infra-struktuur, opleiding en internasionale finansiële betrekkinge.

Alhoewel die basiese grondslag van die stelsel maksimum vryheid vir almal behoort te wees, moet dit binne die raamwerk van die gedefenieerde dissiplines en morele en estetiese beginsels geskied.

6. Ekonomies en finansieël behoort ons stelsel gebaseer te wees op vrye ondememing en die beginsels van kapitalisme, maar sonder "die lelike trekke van die "gesig" van kapitalisme" soos monopolistiese eksploitasie en onregverdige handelspraktyke.

Terselfdertyd behoort die standardisering, rasionalisering en stroombelyning van die ekonomiese stelsel vir maksimum produktiwiteit en verspreiding van rykdom 'n doelstelling te wees.

7. Daar behoort gepoog te word om die huidige onhanteerbare burokrasie spoedig af te skaal en van al die wette, reëls en regulasies ontslae te raak wat ons hele nasionale administrasie so uitermate en nadelig "blokkeer". Die informele sektor behoort nog groter vryheid te geniet behalwe waar dit noodsaaklike minimumstandaarde van gedrag aangaan soos om gesondheid, sindelikheid en beskaafde gedrag na te streef.

Aanhouding sonder verhoor en onnodige vertragings in hofprosedures behoort nie langer te geskied nie.

8. 'n Verdere mikpunt behoort die daarstelling van 'n skoon, netjiese, goedgedissiplineerde, vriendelike en behulpsame gemeenskap te wees. Opvoedkundige riglyne en strawwe behoort te bestaan vir rommelstrooiery, sinnelose vernieling, ens. Belasting behoort gehef te word op onnette en verwaarloosde eiendomme.

9. In plaas van nuwe wette, is dit belang-riker om die media, opvoedkundiges en ander gemeenskapsleiers te verkry om deur middel van motivering en wetenskaplike sielkunde 'n veldtog te loods teen die voortdurende "programmering van ons mense se gemoedere tot "nuttelose" kennis, moord, verkragting, rampspoed"...

Daar is oneindige moontlikhede om eerder opvoedkundige en ander nuttige, pragtige en verrykende programme, films en nuus te versprei, as die sielsvernietigende programme wat so gewild is by 'n liggelowige en oningeligde publiek. Dink maar aan die helde wat van die "Standerbende" van diewe gemaak was. Soveel so dat elke tweede skoolseun "van die heup af" wou skiet...

10. Ten slotte, die heel belangrikste, het ons leiers met visie nodig wat vir ons 'n beeld kan voorhou van die pad waarop ons Suid-Afrika moet lei. 'n Beeld wat sal motiveer, inspireer en Suid-Afrikaners baie harder sal laat werk om 'n nasie te bou wat sy plek weer kan volstaan tussen die leidende nasies.

Dit mag goed wees om "ewigdurende" komitees en kommissies te hê en om mooi woordjies te wissel oor die "ontwikkeling" van 'n nuwe konstitusie deur onderhandelinge, maar tensy daar ook leierskap met visie is, sal ons aanhou om verder jare en jare lank te praat sonder dat daar veel gebeur.

So ervaar ons dit alreeds jare lank. Dink maar net hoe lank gelede Erika Theron haar verslag voor gelê het.

Die Bybel sê: "Waar daar geen visie is nie, sal my mense vergaan."

# *Skryf bly 'n politieke daad*



**MAKLIKER GESÊ**

**Ryk Hattingh**

**OF jy nou skryf oor die verlore liefde van 'n ontnugterde plaasklong, die gefragmenteerde lewe van 'n grenslose soldaat op die spoor van 'n oorlog in die strate van Hillbrow, oor die viooltjies op die voorstoep wat 'n nuwe lente aankondig, of oor die aktivis wat niksvermoedend sy eie dood tegemoet stap, dit maak nie saak nie, om te skryf bly 'n politieke daad.**

**Dit bemoeilik dinge vir skrywers in die land. Veral as jy in Afrikaans skryf.**

**Want veronderstel jy is 'n skrywer en jy skryf in dié taal; jy het 'n BA; jy het die Calvinisme, die kerk en die volk pynlik besweer en goddank ontgroei; die patriargie laat jou koud en jou pa spook nie meer by jou nie; jy is heel prosaïes uitgesproke teen apartheid en die onmenslikheid van die stelsel; jy lees Stet en gebruik woorde soos revolusie en vryheid sonder om twee keer te dink.**

**Veronderstel jy doen wat Afrikaanse skrywers doen. Jy skryf 'n boek - 'n Afrikaanse een - waarin jy met vernuftige woordgebruik die euwels van apartheid en die gepaardgaande militarisasie oopvlek, die post-namibia-psigoses ondersoek en met ontstellende eerlikheid jou seksuele bewuswording en aandeel in die grensoorlog bely.**

**En veronderstel hulle publiseer die boek en jy skakel jou televisiestel aan: jy sien 'n medaljeparade vir terugkerende soldate, 'n onderhoud met 'n generaal, 'n geredigeerde weergawe van 'n nuwe militêre voertuig, en 'n nuusleser wat aankondig dat jou opwindende boek vernuwing in die letterkunde gebring het. 'n Professor beskryf dit as 'n literêre bom. Jou boek word op 'n kortlys geplaas.**

**Jy skakel jou televisiestel af en voel vervreemd. Kontradiksies konfronteer jou. 'n Edele ideaal het deur die mat geval. 'n Wêreld wat veronderstel was om langs jou voete in twee te skeur, struikel nie eens nie. Jy word nie voëlvry verklaar nie en die sluipskutters word nie aangesê om hul teleskope in te stel nie, inteendeel, hulle ken reeds jou bewussyn en bekroon die produk daarvan met 'n prys.**

**Jou grootse poging om die bestaande bestel te ondergrawe, word voorgeskryf ter wille van die behoud van die bestaande bestel. Jou bankrekening kry 'n stewige hupstoot.**

**Veronderstel jy is 'n Afrikaanse skrywer en dié dinge gebeur met jou.**

**Sal jy dit oorweeg om in Engels te begin skryf? Of as finale daad van terreur jou pen vir ewig in sy skede terugdruk en die stilte begin verken? Of sal jy wéér probeer, steeds in dié taal, en elke stotterende woord so laai dat jou lesers nie anders kan as om hul koppe te verloor nie?**

**Sal jy dit nie oorweeg om jou boek in 'n Wimpy Bar te vergeet nie?**

# Ons is mos nie onredelike mense nie, of hoe?

**Afrikaners is nie Nazi's nie. Hulle is vriendelik, gasvry en het deernis met hul naaste. SIDNEY MEYER, 'n bekende joernalis vertel verder**



TOE ek 'n klein seuntjie was, het daar om 9.45 elke aand 'n sirene in ons dorp afgegaan. Die eerste keer toe ek daaroor gevra het, het my ouer broer gesê dit beteken dat al die kaffers nou uit die dorp moet wees.

"Wat van Selina?" wou ek weet.

"Nee," het hy gesê, "sy's OK, want sy werk mos vir ons."

"Wat gebeur met die wat nie betyds uitkom nie?" wou ek weet. Hy was al amper aan die slaap. Hy het gesê ek moet nou slaap en ophou om sinnelose vrae te vra. As hulle laat is, vang die polisie hulle en sit hulle in die tronk.

Ek het in die donker gelê en my probeer voorstel hoe die laaste paar swartmense oor die Golden Highway na die veiligheid van Bophelong skarrel.

"Nag, lekker slaap!" het hy gesê.

"Maar wat as hulle miskien 'n paar minute laat is?" Gou een laaste vraag.

"Nee wat," het hy geantwoord, "die polisie sal niks doen as dit net 'n paar minute is nie. Ons is mos nie onredelike mense nie."

## Aanklagkantoor

Ons is mos nie onredelike mense nie! Ek het hom probeer glo. Twee weke tevore, toe ek met my fiets deur die park gery het, het ek op twee witmans afgekom wat besig was om 'n swartman lelik aan te rand.

Ek het so vinnig as moontlik die twee blokke na die polisiestasie toe gejaag, by die deur van die aanklagkantoor ingestorm en uitasem gesê: "Kom help asseblief, konstabel! Twee ooms is besig om 'n outa dood te slaan!"

Die twee polisiemanne het na mekaar gekyk. Die een het gevra waar ek dit gesien het en op 'n stuk papier begin skryf. Intussen het hulle kalm aangehou met gesels. Ek het aangedring: "Ek sal konstabel gaan wys!"

Hy het na my kant toe gedraai asof hy my die eerste keer gesien het. "Nee, gaan jy maar, ons sal kom." Ek het uitgehardloop, my fiets gegryp en teruggery park toe - en geglo hulle sal enige oomblik kom. Ons is mos nie onredelike mense nie.

## Sharpeville

Toe ek by die park kom, was die twee mans reeds weg. Die swarte was besig om bebloed uit die stof op te staan.

Hy het sy vuis na die hemel gebal en iets in sy eie taal geskree.

Die twee konstabels het nooit opgedaag nie. Ek het hom my sakdoek gegee. 'n Paar weke later het die Sharpeville-opstand uitgebreek.

Ek het grootgeword en na die Beatles begin luister. In een of ander stadium het die sirene nie meer kwart voor tien in die aand afgegaan nie. Toe is klopjagte gebruik om wat wit is wit te hou.

Maar die klopjagte het ook opgehou en ons het weggedoen met die paswet en so 'n paar ander ou wetjies wat gesê het wie mag wie se hand vashou en wie nie. Ons is mos nie onredelike mense nie.

## Gemors

Vandag is die hel los in die land. Party mense sê dis omdat ons te veel gegee het, ander sê te min. Ek twyfel nie oor wie reg is nie - as ons hulle te veel gegee het, hoekom het hulle dan steeds so min?

Ons moet 'n bietjie begin dink. Waar kom ons vandaan, waar is ons en waar gaan ons heen? Wat gaan ons met die land in die volgende paar jaar doen? Afrikaners wat omgee moet besef dat praat nie meer genoeg is nie.

Ons het die land eiehandig in die gemors gedompel, en ons moet nou iets daaraan begin doen. Net soos die Black Consciousness-groepe moet die Afrikaners ook op hul eie, as 'n groep, sê en doen wat gesê en gedoen moet word.

Ons het as 'n groep teen die mense oortree. Voor ons nie as 'n groep die hand na hulle uitreik nie, kan ons nie verwag hulle moet ophou om as 'n groep teen ons op te staan nie.

Ons verdien nie die nie-rassige opposisie van die ANC nie! Die liberale Engelse anti-rassiste het daarvoor gewerk en hulle verdien dit.

Ons verdien die groepteenstand van Azapo en erger, en dis wat ons gaan kry, tensy...

Tensy ons nou iets doen. Ons kan begin deur vir die ander mense in die land te wys dat ons nie sal toesien dat die skamele vordering wat gemaak is onder hulle voet uitgeruk word nie; dat ons ten minste die aalmoesies wat ons vir hulle gegooi het, sal verdedig teen die aanslae van die KP's, AWB's, BBB's en die Wit Wolfies.

## Vervreem

Die Afrikaner word wêreldwyd beswadder as gevolg van dié kramp-agtige identiteits-onsekeres.

Ons het so te sê geen vriende oor nie as gevolg van die miskraamde apartheidsbeleid, en nou wil hulle nog die laaste paar ook vervreem!

## Eng

Afrikaners is nie Nazi's nie, ons is ordentlike mense! Ons is gasvry, vriendelik, behulpsaam; ons het deernis met ons naaste. Ons het net op die oomblik so effens van 'n probleem oor wie ons naaste nou eintlik is.

Ons het voorheen 'n groot fout gemaak deur ons definisies te eng en eksklusief te formuleer, maar ek het genoeg vertroue in ons mense om te glo dat dit nie weer sal gebeur nie. In die veertiger- en vyftigerjare het baie mense nie van beter geweet nie. Die Afrikaner het self moeilike tye beleef en miskien wou hy homself eers vestig.

Maar vandag geld dit nie meer nie. Ons het uiteindelik die boonste sport bereik. Ons sal mos nie nou omdraai en ons voet in die gesig sit van die mens wat ons probeer opklim nie. Ons is mos redelike mense...

# Studente-joernalis se dilemma: waghond of regeringslakei?



**Wat is die rol van die jong studente-joernalis in vandag se veranderde samelewing? Is dit bloot een van verslaggewing oor studentekarnavalle en bokjolle, of het hulle 'n groter rol in die landspolitiek te speel? CORNIS VAN DER LUGT, wat pas sy termyn as redakteur van Die Matie, studentekoerant van die Universiteit van Stellenbosch voltooi het, het die afgelope vakansie twee kongresse oor die studentepers bygewoon.**

EK het die afgelope vakansie twee studentekongresse bygewoon, een vir die Engelse studentepers en die ander vir die Afrikaanse studentepers. Die een aangebied deur die South African Students' Press Union (Saspu) en die ander deur Jeugkrag SA.

## People's press

"Get the truth out", was die slagspreuk by die Saspu-naweek. Wit en swart studente van Saspu se vyftig affiliate het in groot getalle na die Universiteit van Kaapstad gekom vir "Let us speak of the ways we are kept in darkness" en vir "Sharpen your skills ... forward to a people's press".

Hier was groot dinge ter sprake. Dit is nodig dat die stem van die stemlose meerderheid, hul swaarkry en onderdrukking na vore gebring word, het Saspu president Alex Kühn in haar openingsrede gesê.

By die Saspu-naweek was die boodskap duidelik: Wat is jou bydrae in die "struggle"? In sy openingsrede het Farid Esack, president van die Call of Islam, aan Saspu-lede gesê: "Neutraliteit, of die skyn van neutraliteit, dien net die belange van die status quo." Hy het gesê joernaliste in Suid-Afrika moet subjektief teenoor die breë demokratiese beweging (BDB) staan.

Die toegewydheid van progressiewe joernaliste in die bou van 'n nuwe demokratiese en regverdige Suid-Afrika kan nie oorbeklemtoon word nie.

## RAU

By die RAU het Afrikaanse universiteitskoerante vergader. Die Matie was ook daar, ondanks die feit dat Jeugkrag in die verlede traag was om hom te nooi. Die Matie is kwansuis "te links".

By die kongres het ons onder meer deelgeneem aan paneelbesprekings oor persvryheid en studentekoerante, presensuur en die sosiale en politieke rol van die koerant in 'n veranderende Suid-Afrika.

Oor "Die veranderende universiteitswese in die RSA" het prof Flip Smit, vise-rektor van die Universiteit van Pretoria (UP), daarop gewys hoe bevoorreg ons wit studente is. Maar ons hou te veel bokjolle en daar word te veel rugby gespeel. Ons wit studente is bederf. 'n Groter verantwoordelikheid moet by ons geskep word.

## Plato

"Ons moet ons studente in die biblioteke kry." En dit help nie jy sit met opgeleide barbare nie. Ons moet 'n situasie kry waar ons studente op 'n Saterdagmiddag in die biblioteek sit en die Bybel, Plato, Rousseau, Machiavelli en Marx lees", het die professor gesê.

Harald Pakendorf, gewese redakteur van Die Vaderland, het gesê 'n koerant se rol is om in te lig, en wel om "onbevange" in te lig. 'n Koerant het nie die plig om profeet te speel nie.

En verder, het Pakendorf gesê, moet ons vryhede soos die vryheid van die pers nóú vestig teen die wil van die huidige regering, sodat dit reeds gevestig sal wees onder 'n nuwe SA regering.

## Vrye keuse

Beide Pakendorf en Salie de Swardt, die nuutaangestelde redakteur van Beeld, het beklemtoon dat 'n koerant moet kan oorleef.

"'n Koerant skryf vir 'n spesifieke mark en die mark bepaal wat hy skryf, hoe jammer dit ook al is," was Pakendorf se woorde.

Beeld se steun vir die regering is uit vrye keuse, het De Swardt gesê. Die joernalis gee die werklikheid in sy ekspressionistiese skildery weer, en dié van Beeld het volgens De Swardt nog altyd ingesluit 'n "baie onafhanklike en verkennende rol in die politiek".

Die minister van Inligting, dr Stoffel van der Merwe, het gesê die objektiewe oordrag van inligting in Suid-Afrika is skaars. Wanneer inligting geselekteer word, is daar 'n doel daaragter verskuil.

Hy het gesê Suid-Afika sit met eiesoortige omstandighede wat 'n eiesoortige demokrasie vereis.

Ons pers moet belangrike waardes soos waarheid, vreedsaamheid en vryheid aan die gemeenskap kommunikeer.

Wat word ek as jong studentejoernalis wyser? Die studentekoerante van die Engelse universiteite wemel van landspolitiek, buite-parlementêre politiek in besonder. In die Afrikaanse studentekoerante, buiten Die Matie, word kwalik oor landspolitiek geskryf... en indien wel, is die artikels uitsluitlik tot parlementêre politiek beperk.

By die kongres van die Afrikaanse studentekoerante het daar darem so plek-plek kritiese vrae na vore gekom.

Dit lyk of daar 'n behoefte is om oor meer as bloot net karnaval of parkeerprobleme te skryf.

Maar dikwels ontstaan daar probleme van die universiteitsowerhede of die studenteraad se kant af. Tydens die paneelbespreking oor presensuur op 'n studentekoerant deur 'n studenteraad, is gesê dat die universiteit 'n oefenskool vir die wêreld daarbuite is.

Die SR-lid wat vandag presensuur op 'n studentekoerant toepas, soos by RAU en Tuks voorkom, is die een wat môre in 'n magsposisie sit en die pers inperk. Die redaksielede voel sterk oor hul koerante se rol as waghond oor die studenteraad.

## Waardes

Maar wat betref dié waardes waarvan Van der Merwe gepraat het, het ek 'n vragie gehad wat ek nooit toegelaat was om aan hom te stel nie: "Ja, ek wil daai gemeenskaplike waardes waarvan jy gepraat het, uitbrei. Maar as jou regering daardie waardes nie nakom nie, wil ek dit aan my lesers oordra. Ek wil hulle daarvan vertel, net soos wanneer iemand anders dié waardes oortree. Dit is 'n rol wat ek wil speel. Hoekom verbied jy my dan volgens wet om dit te doen? Of het jy eintlik net jou party se waardes in gedagte gehad?"

Vrye Weekblad

# Die versetveldtog

**Die planne van die UDF-verwante groepe om 'n veldtog van lydsame verset en protes net voor die September-verkiesing te loods, moet met omsigtigheid en begrip benader word.**

Die regerende Nasionale Party het met sy gebruiklike kragdadigheid en opjaag van spoke reeds 'n gevoel van vrees hieroor by die wit kiesers gaande gemaak.

Dit is duidelik dat Adriaan Vlok en sy kollegas vir hul eie party-politieke gewin die saak ten volle wil uitbuit en moontlik selfs voorberei vir optrede teen leierselemente binne die breë demokratiese beweging. Sulke optrede, word glo in regeringskringe gemeen, sal die Konserwatiewe Party se verkiesingsaanklagte dat die NP "met die ANC heul" en "sag is op veiligheid" help teengaan.

Maar kom ons kyk emosieloos na die saak.

Die groepe wat die veldtog beplan, verteenwoordig hoofsaaklik die swart meerderheid. Dié mense het nie die reg om op 6 September te gaan stem vir die regering wat hulle lewens die volgende vyf jaar gaan beheer nie.

Die dae dat dié mense gedweë in die agtergrond gaan sit en toekyk hoe daar oor hul vaderland beskik word, is vir altyd verby. Dit is hulle Suid-Afrika net soos dit witmense se Suid-Afrika is.

Wat anders kan 'n mens doen as jy deur die wet van 'n stem ontneem word as om luidkeels te protesteer? En jou protes so effektief moontlik te maak?

Welmenende kritiek dat optrede soos die beplande veldtog "in die hande van die regses speel", is grootliks onvanpas. Kan 'n mens redelikergewys van mense wat onderdruk word, verwag om suutjies hul eie eise en aspirasies eenkant te skuif sodat die NP beter as die KP kan vaar, of die DP twee ekstra setels kan wen? Vir die meeste Suid-Afrikaners is die rekenkunde van 6 September byna irrelevant.

Maar die protesveldtog hou ook gevare in.

Ons kan hier net die ernstige hoop uitspreek dat die dissipline aan die kant van die breë demokratiese beweging ystersterk gaan wees en dat deelnemers aan die veldtog te alle tye verantwoordelik en beheers sal optree met die doel van die veldtog in gedagte.

Dit is ewe belangrik dat die regering in dié stadium van ons ontwikkeling nie lydsame verset met geweld sal begroet nie. As vreedsame protes onmoontlik gemaak word, kan dit net tot geweld lei.

Die politieke temperatuur van die volgende weke gaan inderdaad koel koppe vereis.

## Gehalte kandidate

Dekades lank was wit Suid-Afrika gestraf met uiters gemiddelde en onder-gemiddelde mense - die enigste wat bereid was om die aktiewe politiek te betree. Dit het so baie gebeur dat mense wat nie die hoogste sport in hul beroepe kon bereik nie, hul toe maar na die politiek gewend het.

Ons het vandag sulke mense in ons kabinet.

Dit is hoekom die gehalte van die Demokratiese Party se kandidate vir die verkiesing van 6 September so 'n aangename verrassing is.

Dié keer is daar 'n groot aantal hoogs suksesvolle mense wat bereid is om die risiko van verloor by die stembus te aanvaar, en selfs om inkomste en status prys te gee en in die Parlement te gaan sit.

Baie van hulle is nog jonk - sommiges aan die begin van belowende loopbane, ander reeds op die kruin daarvan. Nie baie van hulle gaan wen nie.

Dít is wat die Demokratiese Party die mees opwindende en belowendste wit party maak sedert Uniewording: die gehalte van sy mense en die ongelooflike geesdrif waarmee hulle die toekoms aanpak.

## So sê hulle . . .

"Die historiese gebeure in Suider-Afrika het aan ons die taak opgelê om seker te maak dat die tale in ons land nie instrumente van verdeeldheid bly nie, maar instrumente van nasionale eenheid word." - Neville Alexander.

"Ek het teen wit dominasie geveg en ek het teen swart dominasie geveg. Ek het die ideaal gekoester van 'n demokratiese en vrye samelewing waarin alle mense in harmonie en met gelyke geleenthede saamlewe." - Nelson Mandela in die Rivonia-verhoor.




## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

# Groot eensgesinde rugkrap?

**Chris Claassen van Bloemfontein skryf:**

In 'n totalitêre staat word 'n term dikwels op sy kop laat staan. Byvoorbeeld: China is 'n "Volksrepubliek", maar die volk kom maar sleg tweede teen die militêre despote.

Hier te lande het ons die ironiese misbruik van dié begrip "demokratiese". Die Breë Demokratiese Beweging (BDB) bepaal wat aanvaarbaar is en wat nie. Byvoorbeeld: die Interim Cultural Desk laat weet dat Grahamstad weer in is. (Sjoe, dankie tog!) Die Afrikaanse skrywers, normaalweg 'n spul dwarstrekkers, kom terug van die Victoria-valle met die eensgesindheid van 'n spannetjie sendelinge.

'n Eenparige verklaring oor hoe die letterkunde van die toekoms moet lyk, word uitgereik. (Gatties vir die snare wat nie by dié demokratiese idees inval nie.)

BDB demokraties? Come again. Eerder die GER: Groot Eensgesinde Rugkrap. Behoede ons van so 'n Orwelliaanse "demokratiese" post-apartheid Suid-Afrika.

In 'n demokrasie mag 'n ou sy dink dink, en sy sê sê. In die toekomstige demokratiese Suid-Afrika behoort 'n blad soos Vrye Weekblad toegelaat word om die regering van die dag laag te vat. Die toekomstige Volksheld, wie dit ook mag wees, mag byvoorbeeld soos die vertrekkende Volksheld beskryf word: "Die koddige skedel van ons voorste onaktiewe politikus word bevolk deur warm lug." (Vrye Weekblad, 7 Julie).

As dit nie die geval gaan wees in julle demokrasie nie, count me out.

### Retief was die indringer

**Andries Francois Olivier van Pretoria skryf:**

Na aanleiding van prof ISJ van Tonder van Pietersburg se brief in Vrye Weekblad van 14 Julie 1989 die volgende:

Piet Retief en sy volgelinge het juis na Natal opgetrek met die idee om weg te kom van onderdrukking. Hulle het fouteer deur nie eers een persoon of 'n klein groepie persone te stuur om met Dingaan te onderhandel nie. Dus was hulle 'n bedreiging vir Dingaan se stam en daarom die aanval te Bloukrans en Weenen. Wat sou gebeur het indien Dingaan geweier het om sy grond - en dit was syne - te deel met Retief? Sou hulle druipstert teruggekeer het?

Hier kan Dingaan se optrede nie veroordeel word nie. Retief en sy manskappe was die indringers en Dingaan se stam die onskuldige party. Sou God, in sy regverdigheid, werklik indringers help om Dingaan se stam te vernietig? Nee, eerder andersom. Ons blanke bevolking sal baie beter daaraan toe wees as ons ons foute erken en om verskoning vra voordat die swart nasies dalk nie meer ons verskonings wil aanvaar nie en dit dan te laat gaan wees.

### NP visieloos

**Gerrit Brand van Pretoria skryf:**

PW Botha se onlangse ontmoeting met Nelson Mandela van die ANC is weer 'n goeie voorbeeld van hoe die Nasionale Party gedurig strydig optree met vorige uitsprake deur partyleiers. Veral Botha het nou loodreg teen sy eie persoonlike uitsprake ingegaan.

Op die manier slaag hulle daarin om wêreldwye eer en erkenning te kry vir sogenaamde "nuwe inisiatiewe" wat jare al deur linkse opposisie aangevra word.

Hoe lank bepleit die voormalige PFP en nou die DP nie al samesprekings met ANC-leiers nie? Dieselfde regering wat sulke onderhandelaars beledig en veroordeel het, doen nou presies dieselfde.

Hoeveel stemme het nie al opgegaan vir die implementering van Resolusie 435 in Namibia nie? Dieselfde regering wat jare lank 'n oorlog daar aan die gang gehou het en waar talle jong Suid-Afrikaners gesterf het, staan nou as vredemakers bekend. Wat het nou skielik van hulle besware teen 435 geword?

Daar is nog baie voorbeelde wat 'n duidelike aanduiding is dat ons regering eenvoudig nie die visie of motivering het om betekenisvolle onderhandeling met die oog op vrede te bewerkstellig nie.

### Vergeet die verlede

**P Meyer van Bloemfontein skryf:**

Graag skryf ek net 'n paar woorde. Ek verwys eerstens na die skrywe op die brieweblad van 14 Julie 1989 waarin daar geredekawel word oor 16 Junie en 16 Desember.

Al wat ek kan sê is dat die persone die verlede moet vergeet en vorentoe kyk. Die geredekawel gaan julle net strem in jul soeke na 'n beter toekoms vir almal. Ek merk ook dat daar hewige kritiek teen die NP uitgespreek word, maar niemand opper 'n oplossing nie. Ek stem saam dat daar baie probleme in ons land is, maar om net die probleme uit te lig sal niemand iets in die sak bring nie.

Dit het dalk tyd geword dat almal in ons land moet besef dat ons nie die probleme in die land gaan oplos deur van die kantlyn af te skree nie. Ons moet begin saamwerk. Die houding van "samewerking is net samewerking as dit in ons guns tel" deug ook nie. Die mense moet besef dat regte en pligte onlosmaaklik deel van mekaar is. So loop stemreg byvoorbeeld saam met verpligte militêre opleiding.

Ek wil graag hê dat ons in beter toestande kan saamleef. Ek het baie swart vriende en wanneer ek hulle huise sien, skaam ek my vir my voorgeslagte wat ander mense so sleg kon behandel het.

My hart hoop om eendag dalk vryelik te kan besluit waar ek wil bly. Ek sal beter voel as ek deur die townships kan ry en tuis voel, en nie soos 'n vreemdeling nie!

Ek hoop op 'n beter toekoms vir ons almal, en wens dat al die slim mense van ons land saam kan begin werk aan 'n waardevolle nuwe Suid-Afrika.

### Een welsynliggaam

**Linda O'Flaherty, Public Relations Officer of the Johannesburg Child Welfare Society writes:**

The organizations and individuals listed below wish to express their deep concern regarding the state of services to abused children and their families in the Johannesburg area.

Members of the public are now increasingly aware of child abuse and are reporting cases in ever-growing numbers, and more and more abused children and parents under stress are coming forward to help. However there has been no corresponding growth in the provision of treatment services for abused children and their families, or of substitute child care facilities for children who cannot remain in their own homes.

The service network is far beyond saturation point, and a critical situation has developed. Without increased resources it

**Vervolg op bladsy 18**

# En wanneer begin hulle praat van die 'rassistiese regime'?

Brolloks

IS dit nie te oulik hoe die SAUK en die Afrikaanse koerante skielik die benaming Breë Demokratiese Beweging vir die UDF/Cosatu ontdek het nie? Hulle gebruik selfs die afkorting BDB!

Brolloks dink dit is regtig vordering - en nogal 'n verskuilde kompliment. Dit beteken dié groepe het 'n breë basis én hulle is demokraties.

* Nou wonder Brolloks hoe lank dit gaan vat voor dié media gaan begin praat van vryheidsvegters en die struggle en van die wit, rassistiese minderheidsregime?

### Sleep vir jou 'n stoel nader...

STIL soos 'n likkewaan sit Naspers se eie skrywer/joernalis by die Waterval en luister na die skrywers en die kamerade. Droog-oog kyk hy hoe skrywers wat van mekaar weggehou word deur die here wat hy dien, emosioneel van mekaar afskeid neem.

En dan, steeds likkewaan, gaan breek André le Roux die eiers wat hy skelmpies weggedra het - en toe lekker geroer en gekruie het - op die blaaie van Die Burger en Beeld.



"Druk geplaas op skrywers", "eise gestel deur ANC", "self-isolasie" as gevolg van die kultuurboikot klink sy frases in die regeringskoerante. Maar die slinkste een was: "dis waarskynlik emosie en skuldgevoelens wat gelei het tot verskonings. Dit het iemand soos Jeanette Ferreira laat bieg hoe haar pa kleintyd 'n bruinman bebloed geslaan het. Dit het iemand soos Menán du Plessis senuweeagtig laat sê sy's regtig jammer, sy steun die ANC, maar sy hou nie van die voorskriftelikheid van dié organisasie in die hoe en wat die Suid-Afrikaanse skrywer moet skryf nie, jammer."

* Sleep vir jou 'n stoel nader, ou maat, want Brolloks wil vir jou iets sê:

Jy weet goed hoeveel voorskriftelikheid daar regtig van die ANC gekom het. Maar moenie skuldig voel omdat jy sekere goed moet skryf om jou base - wat op die ou einde die apartheidslyk lewendig hou - se guns te behou nie. Oppas eerder om jou skuldgevoelens in te lees in die optrede van ander.

### Die Pous van Perskor

En terwyl Brolloks sy kollegas in die Afrikaanse pers aanspreek, wil Brolloks vandag die Jimmy Krugertoekenning vir Deernis gee aan die nuwe orakel van Heightstraat wat glo as die "pous" bekend staan onder sy werknemers: dominee Gerrit Velthuysen, redakteur van Die Transvaler.

In sy rubriekie Myns Insiens skryf die dominee en aspirant-joernalis oor die besoeke van wit Suid-Afrikaners aan Lusaka wat "absurd" geword het en "lagwekkende afmetinge" aanneem. Die terugkerendes, skryf hy, gee graag die versekering dat die ANC maar net sulke mense soos ons is.

"Hulle het regtig nie nodig om dit vir ons te sê nie. Ons weet dit van die begin af... Ons weet dat hulle ook soos ons kneus en bloei - ons het darem mos gesien wat gebeur wanneer 'n bom in een van hulle se hand ontplof..."




* En jy noem jouself 'n Christen, dominee? Het jy vergeet dat jou politieke mentor 'n koppie tee gedrink het saam met die leier van dié mense oor wie jy so lekker kry as hulle sterf?

Laat Brolloks vir jou voorlees uit Mattheus 5 vers 43: "Julle het gehoor dat daar gesê is jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar ek sê vir julle, julle moet julle vyande liefhê en julle moet bid vir dié wat julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel."

### Die Leeu van die Noorde?

Maar die arme dominee ly boonop aan 'n ernstige graad van wollerige denke. Of miskien moet iemand hom net leer skryf. Die ANC-leiers is net mense met menslike emosies, skryf hy, en voeg by: "Maar ook met alle menslike swakhede - én met die wesenlikste mankement van menswees - die geperverteerdheid wat die gevolg van die sonde is." Of is dit net kanselspraak?

Hierom, seg de paap, gaan dit alles: "Die meerderheid aan dáárdie kant staan die geweldopsie voor - aan hierdie kant is die oorgrote meerderheid ten gunste van vreedsame metodes."

Soos gedwonge verskuiwings en gewelddadige inlywings by tuislande. Soos om gesinne uit hul huise te gooi omdat hulle velle te donker is. Soos om mense wat hul gewone burgerregte opeis, vir jare lank in die tronk te stop.

Soos... nee, nou moet Brolloks briek aandraai voor hy die liewe dominee se vredeliewende regering se noodmaatreëls oortree en óók in die tronk beland.

* Kan dit dieselfde Gerrit Velthuyzen wees van wie Chris Louw onlangs uitasem in Die Suid-Afrikaan geskryf het: "Hy het daardie leeuagtige rustigheid oor hom wat gebore leiers van gewone sterf-linge onderskei"?

### Die naturelle is rustig

'n Prokureursvriend van Brolloks ontdek nou die dag 'n ou verslag van die Voorsitter van die Raad vir die Hervestiging van Naturelle van 1963 in sy lêers.

In sy begeleidende brief skryf die voorsitter, WHL Heckrood, onder meer: "Op genoemde datum was 20 128 Bantoegesinne (waarvan 8 318 vanaf Alexandra, 594 vanaf geproklameerde gebied Johannesburg-suid en 1 237 vanuit Johannesburg se munisipale gebied) met 'n sieletal van 101 187 in die Bantoedorpe onder beheer van die Raad gehuisves. Daar is 'n bykomende 2 470 enkellopende mans en 98 enkellopende vrouens hervestig wat die totale bevolking in die raad se Bantoedorpe en -tehuise op 103 755 te staan bring.

"Daar heers 'n mooi gees van samewerking tussen die inwoners en die Administrasie..."

* Die glimlaggende, minsame gesig van die onderdrukker. Hoe meer dinge verander, hoe meer bly dit dieselfde...

# Broeder, waarom jou plate agterstevoor speel?

VANDAG geliefdes, het ons dit oor die bediening.

Kyk, in die eerste plek, is die bediening in sommige plekke opmerklik maar traag. Vader Mandela moes 25 jaar wag vir sy koppie tee, en dis selfs nog stadiger as die gemiddelde Kaapse restaurant.

Maar dis oor 'n ander soort bediening wat Egbertus die klaaglied wil sing: spesifiek oor broeder Jannie Malan, amper sê ek Jannie Fiskaal. Dit pynig die broeder dat musiekies so duiwels klink wanneer jy 'n plaat agterstevoor speel.

Vrinde, toe Egbertus nog opgeskote was, het hy geleef in die skadu van Antjie Somers en Swart Piet, maar ou Piet is dood nadat sy naamgenoot aangekondig het dat apartheid dood is - en so verdwyn daar toe 'n stukkie swart gevaar.

En toe Antjie en Piet nie meer die Trick wou doen nie, was daar die onheilspellende teenwoordigheid van Koot Vorster wat soos 'n wolk met sy swart toga op alles wat pret was, toegesak het.

Nou ja, broeder Vorster is alive and well and living in the body of broeder Malan, lyk dit my. Broeder, jy's 'n regte ou Volksmoeder, maar afgesien daarvan het jy die Klaagvoorts diep aan die wonder: wat se mentaliteit noop 'n mens om jou plate agterstevoor te speel?

In al sy wedervaringe het Egbertus nog nooit 'n enkele siel teëgekom met so 'n perverse gedagte nie.

### Lepel en radar

Jy herinner aan die ou vroutjie en




Egbertus Klaagvoort

Graaff se poel - 'n swemplekkie vir kaal mans iewers in die Kaap. Die oude dame kla toe eendag te liederlik oor die kaalbasse. Seg sy, wanneer sy haar kombuisstoel op die kombuistafel sit, daarop klim en deur die bo-lig loer, sy kaalsterte in die water kan sien.

Dis mos amper so uitwaans as om 'n plaat agterstevoor te wil speel, of hoe?

Broeder, ek het nuus vir jou: het jy al ooit Egbertus se beskeie woorde agterstevoor gelees? Probeer dit gerus, jy sal heerlik geskok wees. Kyk gerus agterstevoor, soos die Franse, na 'n lepel en radar. Asemrowend.

Maar die ergste van alles is natuurlik Moeder se Diaboliese fyn keuse van die naam Klaagvoort. Die simboliek is van Satan self, spandeer gerus 'n paar minute op Klaagvoort agterstevoor.

Dit lees: Troovgaalk. Ek is seker jy sal die duiwelsheid van die betekenis moet naslaan. Heidelbergse Kategismus.

### Praat van stadig!

Madam de Klerk se man gaan homself nog optrip met sy eie slimmigheid.

Om nou sulke manewales om die Mandela-teeparty te wil weef, is die opportunisme van 'n man wat nie mooi verstaan wat gaande is nie.

Gelukkig het die vent meer begrip vir die organisme van die ou party. Hy vergelyk glo die Harmansdrup-verkiesingsveldtog van sy party met 'n dieselenjin: "Dit neem 'n lang ruk om op te warm, maar wanneer hy aan die gang kom, kom hy regtig aan die gang." Praat van stadig, weet ons dit nie!

Meer as veertig jaar neem dit die ou bees om aan die gang te kom, en dan ook maar net om die logge ou lyf begraafplaas toe te sleep.

Master de Klerk, die vergelyking met 'n masjien is ook darem al te voortvarend.

Die ou NP is tog sekerlik nog nie in die meganiese eeu nie? Sak Sarel, soos Moeder altoos sê; jou party stem eerder ooreen met die koue ou ingewande van 'n afgeleefde dinosaurus.

Darem vreeslik dat 'n partyleier in verkiesingtyd verskoning moet maak vir die onwilligheid van die ontnugterde ondersteuners.

### Omgord jou pruik

Sy Edele A Ragsbanjo wil maar nie gaan lê nie. Wanneer 'n mens so 'n onhebbelik dikke vel het, is dit moeilik om om te rol en te gaan lê. Veel makliker in die tye om maar partyleier te word, daar word immers sulke lae eise aan mens gestel deur sommige partye.

Integriteit is seker nie iets wat 'n aspirant minister hoef te hê nie, of hoe? Sy Edele moet die pruik behoorlik omgord, hy is op 'n selfvernietigingstog. Sy sondes gaan hom sweerlik inhaal. Selfs Indian Rope-tricks kan hom nie daarvan red nie.

### Wildsboud in die botter

Dis seker wonderlik om al die perks van 'n Staatspresident te hê.

Die jongste plesiertjie om aan die lig te kom, is die gebruik van staatvoertuie om 'n mens se wildsboudjies mee te vervoer, alles natuurlik volgens reëls en regulasies, placaaten en edikte.

Nou wonder 'n mens, as dit alles so above board is, waarom dit nodig is om nommerplate van sulke voertuie te vervals en staatsembleme te bedek?

Die jaggedoentes van die hoge siele van die ou volk is darem te pittig. Soms jag die ou spul mos sommer so uit helikopters uit. Dit spaar tog die koste van land en opstyg. Dan is daar ook die voorliefde vir ivoor. Dié gewoontes kom seker van 40 jaar in die woestyn, waar daar na hartelus Boesmans en ander wild gejag is. Om van die townships nie te praat nie.

Moeder sê die Volksheld het met sy wildsboudjies in die botter geval.

### Vierkantige bal

'n Politieke wetenskaplike beskryf toe Madam de Klerk se man as "colourless". Ai, dis mos raak. Kleurloos, maar beslis nie kleurblind nie. Die man se kleurloosheid is sy opvallendste kenmerk, dis die dat geen spotprenttekenaar hom kan vasvang nie. Master het die konkreetheid van 'n wolkie ektoplasma wat kleurloos deur die geskiedenis sweef. So half sonder plan. Sonder logika ook: in 'n dawerende toespraak sê Master: "The ball is now squarely in the ANC's court."

En ek dog dan 'n bal is rond.

### Hart op die mou

'n Onpolitieke beriggie vang so pas die arendsoog van Miesies Klaagvoort. Dis uitgeknip (of afgeknip?) vir die meningsblad.

Iewers oorsee beland 'n kêrel onder 'n grassnyer en raak sy mees private deel kwyt. Amper soos Isak Beyers wat na sy oorlogswond net as IB bekend gestaan het.

Iedergeval, om die gedoente lewendig te hou, met bloedtoevoer, werk die dokters dit toe aan die kêrel se arm vas. Praat van met jou hart op die mou rondloop.

Nou wonder ek mos, as hy hom nie in toom hou nie, sou 'n mens die stomme man 'n armlastige noem?

# Selfs die verklikkers is bang in China



Deng Xiaoping

Patrick Lescot en Sylvie Monier

BEIJING - Vyftig dae na die bloedige onderdrukking van die demokratiese opstand is die gees van verset hier nog nie deur krygswet geblus nie.

Beijing, onderworpe aan versengende hitte, somerreëns en volgehoue militêre toesig, is bitter.

Die bitterheid word versterk deur die wete dat dit net die begin is van volgehoue straf wat daagliks in tronke en deur die staat se onsubtiele propagandamasjien uitgedeel word.

"In Beijing is selfs die verklikkers vandag bang," het 'n inwoner gesê.

Meer as 3 000 verdagtes en teenrevolusionêre, soos hul deur die owerhede genoem word, word reeds aangehou.

Die owerhede bly op hul hoede en snags keer soldate met Kalashnikovgewere voertuie voor op soek na wapens wat tydens die stormagtige dae in Mei en Junie gesteel is.

Die skerp veroordelings deur die staat is nie so doeltreffend soos in die verlede nie aangesien amper almal, selfs die verklikkers, deelgeneem het aan die mobilisasie teen die weermag, het 'n bron gesê.

Steels, met 'n groot glimlag en 'n oogknip, wys 'n vragmotorbestuurder 'n V-teken vir oorwinning aan 'n buitelander wat by 'n verkeerslig stilhou.

Fotokopieerders is onder die neuse van die owerhede gebruik om inligting uit Westerse tydskrifte te versprei. Hierdie tydskrifte is verlede week verbied.

"By die werk is nog nooit soveel gepraat oor gister se weer, vandag se weer en môre se weer nie," sê 'n inwoner, en voeg by dat werkers doelbewus stadiger werk.

"Maar so gou ons tuis is saans, praat ons met ons vriende oor wie dood of gearresteer is, wie oorsee gevlug het, en oor leiers wat verdwyn het en dié wat oorbly."

Die skouers word net opgehaal oor die kommunistiese jargon wat die "ou proletariese revolusionêre" nou laat herleef.

Daar is verpligte vergaderings by die werk om "die belangrike toespraak van kameraad Deng Xiaoping" te bestudeer. Soms word verslae geskryf oor die bedrywighede van werkers tydens die opstand.

Die koerante en televisie word in 'n groot mate geïgnoreer. 'n Klerk lag saggies en beskryf die amptelike pers as "perdevere" - een van die gewilde begrippe van die betogers.

Die TV-nuusuitsendings prys die People's Liberation Army, wat gehaat word sedert dit die opstand op Tiananmen-plein op 2 en 3 Junie onderdruk het.

Daar is programme oor soldate wat ou mense oor die straat help, mense se hare gratis op sypaadjies sny, slagoffers van natuurrampe help en selfs die plek van onderwysers in die laer klasse inneem om die patriotiese vlam by die kleintjies op te steek.

Die propagandamasjien sê dit is een van die belangrikste take om "bourgeois liberalisering" te beveg, en China se sensuurstelsel het nou begin met 'n veldtog om "onge-sonde" denke uit te roei wat politieke tweedrag kan saai.

Die Chinese owerhede hou vol dat Westerse idees - "bourgeois liberalisering" - die pro-demokratiese beweging laat ontstaan het en tot die "teen-revolusionêre rebellie" gelei het.

Waarnemers waarsku egter dat die gaping tussen die jeug, wat met rock-musiek en Coca-Cola grootgeword het, en China se ou leiers, wat die horlosie 50 jaar wil terugdraai, net groter kan word.

Die idees agter die studentebeweging is onder beleg en kunstenaars en skrywers is aangesê om die "gees van Yenan" te herontdek - 'n verwysing na 'n forum in 1942 waarin die rol van kuns en letterkunde as 'n wapen van sosialistiese propaganda deur Mao Tse-Tung uitgespel is.

Skrywers word daarvan beskuldig dat hulle besig is met "kuns ter wille van kuns" en dat hulle Freud lees. Hulle is aangesê om hul werk op sosiale realisme te grond en hul te skaar by die konserwatiewe ou garde wat die party beheer.

Filmregisseurs is daarvan beskuldig dat hulle verwarring onder die massas saai, en 'n uitstalling van kunstenaars wat hulself Avant Garde '89 noem, is 'n dag lank deur die owerhede gesluit om kuns-inaksie van die program te verwyder.

Die voormalige hoof van die Kommunistiese Party, Zhao Ziyang, wat onlangs uit sy amp verwyder is, is dié week deur 'n dagblad in Beijing daarvan beskuldig dat hy kunstenaars beskerm het wat deur Westerse idees "besoedel" is. Daar is ook gesê dat hy die "getroues op die sosialistiese pad" onderdruk het.

Twee weke vroeër is hy gekritiseer omdat hy Westerse popmusiek bo "eerlike sosialistiese" musiek verkies.

Die nuwe partybaas, Jiang Zemin, het onlangs erken dat die jeug nie weet waarom hulle deur kommuniste gelei moet word nie.

Die media hamer die bevolking daagliks met propaganda, soms op skouspelagtige wyse, soos toe 'n stoomroller verlede week voor 'n uitgesoekte gehoor in Shanghai oor 10 000 "pornografiese" video-kasette geloop het.

Binne drie dae is op 30 000 boeke en tydskrifte in Shanghai beslag gelê, en die grootste ondergrondse boekhandel is die stad is gesluit.

In Beijing het polisie klopjagte op boekwinkels uitgevoer op soek na "ongesonde" boeke. Baie van die boeke is geskryf deur Chinese intellektuele wat aan die liberale vleuel van die party behoort.

Die staat se Publikasieburo - die hoofkwartier van China se sensuurstelsel - het onlangs 'n memorandum landwyd uitgestuur wat boeke verbied wat "bourgeois liberalisering", "pornografie" en "feodale bygelowigheid" bevorder.

'n Lys van 60 verbode publikasies is ook landwyd versprei en die owerhede het bevestig dat buitelandse koerante en tydskrifte wat tien dae lank nie beskikbaar was nie, verbied is.

Intussen het die televisie begin met 'n reeks programme wat die regering se siening oor die opstand gee. Die program probeer bewys dat die "naïewe" studentebeweging deur 'n klein groepie ondermyners gemanipuleer is. - AFP

# Mosambiek minder Marxisties



Pres Joaquim Chissano

Lawrence Bartlett

MAPUTO - Mosambiek se regerende Frelimo-party het op sy vyfde kongres dié week besluit dat die burgeroorlog beëindig en die ekonomie herstel moet word. Daar is ook besluit om die party se Marxisties-Leninistiese ideologie af te skaal.

'n Verslag van die party se sentrale komitee wat deur President Joaquim Chissano aan die die 500 afgevaardigdes voorgelê is, het gesê die soeke na vrede sou die fokus van die weeklange kongres wees.

Die verslag sê die oorlog vernietig vooruitgang en bedreig die fisiese bestaan van mense en die georganiseerde samelewing.

Die doel van die rebellegroep Renamo is nie om een regering deur 'n ander te vervang nie, maar om die land onregeerbaar te maak.

Die verslag skets 'n treurige prentjie van die verwoesting wat tydens die 13-jarige oorlog gesaai is. Die totale aantal mense wat in die oorlog omgekom het - ook weens die ontwrigting van die landbou, vervoer en gesondheidsorg - word op tussen 600 000 en 700 000 gestel.

Meer as 'n 1 000 nedersettings is beroof en aan die brand gesteek, 822 plattelandse gesondheidsentra en 2 599 laerskole bestaan nie meer nie, terwyl 44 fabrieke, meer as 1 000 winkels, dosyne lokomotiewe en honderde waens ernstig beskadig of vernietig is.

Die kongres is deur diplomatieke bedrywigheid gekenmerk aan die begin van die regering se vredesproses. Chissano het verlede week aangekondig dat hy presidente Daniel Arap Moi van Kenia en Robert Mugabe van Zimbabwe gevra het om die leiding te neem.

Volgens kongresgangers noem die verslag nie Frelimo se Marxisme-Leninisme nie, maar voorstelle is bespreek waarin Marxisme-Leninisme deur "die universele beginsels van sosialisme" vervang is.

Die verslag beskryf egter planne om die lidmaatskap van die party te vergroot deur sakemane en godsdienstiges as lede toe te laat. Voorheen kon niemand wat meer as drie werkers in diens neem, lid word nie.

Die verslag sê die private sektor het 'n belangrike rol te speel in die verhoging van produksie en die verbetering van dienste.

'n Konsepvoorstel oor ekonomiese ontwikkeling blameer hoofsaaklik die oorlog vir die ekonomiese toestand, maar erken ook dat oormatige sentralisasie 'n rol gespeel het.

In 1987 het die regering 'n ekonomiese herstelprogram met die steun van die Internasionale Monetêre Fonds geloods. Die regering het sy geldeenheid intussen verskeie kere gedevalueer en voedselsubsidies opgeskort. Die ekonomie het effens verbeter, maar die armes is swaar getref.

Die kongres eindig Maandag. - AFP

# Gematigde Mubarak word hoof van die OEA

ADDIS ABBEBA - Die 61-jarige President Hosni Mubarak van Egipte, wat Maandag as voorsitter van die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OEA) verkies is, word beskou as 'n man van balans en gematigdheid.

Die president met die vierkantige ken het in 1981 as staatshoof oorgeneem ná die moord op president Anwar Sadat deur godsdientige ekstremiste. Mubarak het homself intussen bewys as iemand wat strydende magte kan balanseer.

Hy het sy land se posisie in die Arabiese wêreld herstel, Islamitiese fundamentaliste in bedwang gehou en as tussenganger tussen verskeie Afrika-state opgetree, insluitende Soedan en Ethiopië.

Die sterk en atletiese Mubarak praat sag en is goed gemanierd.

Hy is op 4 Mei 1928 in die Menoufieh-gedeelte van die Nyl-delta gebore. Sy familie was laer-middelklas en hy het gematigdheid en oordeelkundigheid van hulle geleer.

Hy het kursusse in Egipte se militêre en lugmag-akademies voltooi voordat hy sy militêre studies in die Sowjet-Unie voortgesit het.

In 1969 het hy hoof van Egipte se lugmag geword.

In Oktober 1973 het hy die Egiptiese magte gelei wat die Suez-kanaal oorgesteek en die versterkings op die Bar Lev-lyn verower het. Hy is tot luitenant-kolonel bevorder en het die hoogste militêre toekenning, die Ster van Sinai, ontvang.

Sadat het Mubarak in 1975 as sy vise-president aangestel en in 1980 is hy tot sekretaris-generaal van die regerende Nasionaal Demokratiese Party verkies.

Tydens sy bewind moes sy land ernstige ekonomiese probleme oorkom, terwyl hy die Moslem Broederskap, wat die toepassing van Islamitiese wette voorstaan, op 'n afstand moes hou.

Mubarak is getroud en het twee volwasse seuns. Hy lewe rustig en eenvoudig, sonder enige van Sadat se flambojantheid. - AFP

boeke blad

Onder redaksie van VICTOR MUNNIK

# Kalmer laat 'n mens regop sit

**Die Waarheid en Ander Stories deur Harry Kalmer, Taurus, R15 plus AVB Resensie deur ANDRé P BRINK**

IN Harry Kalmer, vroeër bekend as dramaturg, het die jonger Afrikaanse kortprosa 'n stem van formaat bygekry. Die dubbelsinnigheid van die titel dui al op 'n vermoë om meervoudig te kyk en te sê: en op die een of ander manier is daar in elk van die bundel se elf stories 'n wegkruipspel met die waarheid aan die gang.

In Tussen die Bome probeer 'n boermeisie ("Ek is die dogter van die distrik wat nooit hier weggegaan het nie. Die een wat nie Pretoria toe is om modeontwerper, tikster of onderwyseres te word nie") die herinnering van 'n pa wat op gruwelike wyse selfmoord gepleeg het, besweer - terwyl haar blote gebruik van 'n woord soos "kaffertromme" verraai dat sy niks "geleer" het nie en - soos ander karakters in ander verhale - ontuis binne Afrika se waarhede sal bly.



Harry Kalmer

In die grimmig komiese Die Einde van die Wêreld staan reekse leuens en waarhede (onder meer ook koerantberig en storie) teenoor mekaar: 'n dominee pleeg selfmoord as hy deur sy skielik ontvolkte dorp loop en hoor dat al die mense "hemel toe" is - nie wetende dat daar 'n jaarlikse piekniek op die plaas Die Hemel gehou word nie. (Kon ons maar ons hemele en ons waarhede duideliker definieer!)

In Bangladesh speel 'n herontmoeting van geskeides hom af teen die agtergrond van wat sou kón gebeur het - maar ook teen die nare waarhede van Bangladesh, Viëtnam, Angola wat uit private verhoudinge verdring word (iets wat ook later in die titelverhaal gebeur: maar dáár slaan die waarheid uiteindelik gewelddadig deur die illusie en stuit 'n droom letterlik op 'n padblokkade).

Die langste storie is die skitterende Tete, waarin die pleknaam 'n konstante is wat hede, verlede en toekoms aaneenryg, namate Afrika verwissel van droom tot werklikheid tot herinnering: 'n ontstemmende deurkyk van koloniale en postkoloniale verhoudinge. ("Wat moet ek doen in hierdie parabiotiese samelewing, waarin almal hulle rolle vervul asof hulle daarin glo?") Totdat op stuk van sake net taal oorbly: "Net wanneer ek hierdie bladsye lees, onthou ek regtig dat ek daar gewoon het".

Ewe indrukwekkend - maar opnuut heeltemal anders aangepak, in 'n demonstrasie van tegniese virtuositeit - is die "grensverhaal in die jongste styl", getitel Die Nag Steek Op Soos 'n Seer Tand: met flink stylwisselinge (wat ironiserende en afstandskeppende voetnote insluit) word by die vroeër grense van ons grensverhale verbygegryp na die moontlikhede van 'n taal waarin die "waarheid" van daardie verskerwende ervaring met ander gedeel sou kon word.

Telkens verraai Kalmer 'n vermoë om 'n hele mosaïek uit tydskerwe op te bou, elk 'n brokkie "waarheid", elk gerelativeer deur die ander, elk ook deel van 'n spel van seine wat oor en weer gestuur word. Dit blyk uit Die Waterwyser, waar iemand militêre diensplig ontduik deur na Holland uit te wyk, waar hy die stok wat sy oupa vir waterwysery gesny het, teen die muur ophang: iets wat vroeër water kon uitwys asof dit 'n verborge waarheid was, maar wat nou nutteloos geword het in 'n land waar álles water is. In Kante van 'n Storie word dit nog verder gevoer in die verhaalskerwe van verskillende personasies wie se heel - "waar"? - wêreld in 'n Kaapse betoging letterlik deur die polisie uitmekaar geslaan is, en wat jare daarna in die buiteland weer die illusie van sin probeer terugvind.

Nie al die verhale staan op dieselfde vlak nie: 'n alte opsetlike manipulasie probeer soms betekenis afdwing op 'n verhaal (Foto's van 'n grasperk), soms is 'n afloop te maklik (Op 'n Eiland soos Kapri). Maar in sy hantering van veelsinnige werklikhede, opgeroep in 'n doodnugter, byna staccato styl wat net heel selde topswaar raak ("as... die vlinders soos 'n lewende tapyt laag op die grond draal..."), en in sy deurbreek van konvensionele patrone (vergelyk Die Eerste Dag wat as 't ware terugwerk na 'n klimaks wat al verby is wanneer die verhaal begin) openbaar Harry Kalmer 'n vertelvermoë wat 'n mens laat regop sit.

# Lasbrief uitgereik vir Ngugi se hoofkarakter

**Stan Frielick se reeks draai dié week in Kenia oor Afrika-skrywers**

NGUGI WA THIONG'O se karakters leef in die verbeelding van Kenia.

Dit is in 1987 onteenseglik bewys toe die president van Kenia, Daniel Arap Moi, 'n lasbrief uitgereik het vir die inhegtenisneming van die hoofkarakter van 'n Ngugi-roman, Matigari.

Toe hy agterkom hy het 'n fout gemaak, het die president beslag laat lê op al die kopieë van die roman van dié skrywer wat nou in ballingskap leef.

Matigari is geskryf in Ngugi se moedertaal, Gikuyu, maar is nou in Engels beskikbaar.

Die held (wat die president so ontstel het) is duidelik besig om Ngugi se siening van die Afrika-skrywer te gee wanneer hy sê:

"Hy het besef dat 'n mens die vyand nie met wapens alleen sal verslaan nie, maar ook dat 'n mens nie die vyand met woorde alleen kan verslaan nie. 'n Mens moet die regte woorde hê; maar hierdie woorde moet gesteun word deur gewapende mag. In die soektog na die waarheid en na geregtigheid moet 'n mens bewapen wees met bewapende woorde."

James Ngugi het in 1970 Ngugi wa Thiong'o geword, nadat dié jong skrywer by 'n Christelike konferensie deur 'n ouderling tereggewys is oor godslaster.

Hy het besef dat sy Christelike naam 'n kontradiksie was en teruggekeer na die weë van sy voorvaders.

Die naamverandering was ook 'n teken van 'n verskuiwing in sy denke: van 'n losse Afrikanistiese liberalisme tot 'n militante anti-kapitalisme.

Hy is in 1938 gebore in 'n familie wat deur grondonteiening tot die kleinboerstand gedwing is. Hy het 'n redelike opvoeding in sendelingskole gekry, ondanks onderbrekings as gevolg van die Keniaanse vryheidsoorlog (die sogenaamde Mau-Mau-rebellie).

Hoewel hy later die Christelikheid van sy sendeling-onderwysers heeltemal verwerp het, bly die Christelike mitologie uit daardie jare 'n sentrale deel van sy verbeeldingswêreld.

Sy eerste drie romans; Weep Not Child (1964), The River Between (1965) en A Grain of Wheat (1967), is 'n losse trilogie, wat handel oor die probleme van geskiedenis, kulturele imperialisme, nasionale bevryding, godsdienskonflik en die betekenis van Christelikheid in 'n Afrika-konteks.

In die vroeë jare sewentig was Ngugi 'n sleutelpersoon in die omskakeling van Keniaanse universiteite se departemente van Engels na departemente van Afrika-letterkunde. Hy was ook aktief betrokke in verskeie kulturele groepe. In sy eerste versameling opstelle Homecoming (1970) skets Ngugi sy posisie as skrywer:

"Letterkunde ontwikkel nie in 'n lugleegte nie, dit word deur sosiale, ekonomiese en politieke magte in 'n besondere gemeenskap gevorm. Die verhouding tussen letterkunde en dié magte kan nie geïgnoreer word nie, veral nie in Afrika nie, waar moderne letterkunde gegroei het teen die bloedige agtergrond van Europese imperialisme en sy veranderende verskyningsvorms: slawerny, kolonialisme en neo-kolonialisme. Ons kultuur het oor die afgelope honderd jaar teen dieselfde belemmerende agtergrond gegroei."

Die belangrikste filosofiese invloede hier is Marx en Frantz Fanon, en in die afgelope twee dekades het Ngugi hierdie insigte ontwikkel tot 'n sterk kritiek op neo-kolonialisme en Westerse kapitalisme. Van sy belangrike opstelle oor letterkunde, kultuur en politiek het verskyn in die bundels Writers in Politics en Barrel of a Pen. Sy vierde roman, Petals of Blood, het in 1977 verskyn.

Dit was 'n keerpunt in die ontwikkeling van radikale Afrika-literatuur - saam met Ousmane se God's Bits of Wood en Serote se To Every Birth its Blood. Die tekste het gesê dat revolusionêre massa-optrede daarin kan slaag om 'n onderdrukte volk hul eie geskiedenis en eie kultuur terug te gee.



Ngugi wa Thiong'o

In die tydperk het Ngugi se vroeë belangstelling in die teater herleef, en het hy saam met Micere Mugo gewerk aan die Trail of Dedan Kimathi, 'n dinamiese, populêre toneelstuk. Dié toneelstuk het 'n probleem opgelos wat Ngugi al lank gepla het: hoe om sy werk toeganklik te maak vir die kleinboere en die werkers. Om dit reg te kry, het hy en Ngugi Mirii die stuk Ngaahika Ndeenda in hul moedertaal Gikuyu geskryf.

Dit het later in Engels verskyn as I Will Marry When I Want, en het regeringskorrupsie en ongeregtighede in die gemeenskap so deeglik blootgelê dat dit onmiddellik verbied is. Ngugi is deur Daniel Arap Moi se polisie vir 'n volle jaar aangehou.

Terwyl Ngugi in die tronk was, het hy gewerk aan sy eerste roman in Gikuyu: Caithani Mutharaba-ini - vertaal deur die skrywer as Devil on the Cross. Sy tronkjoernaal is later gepubliseer as Detained: A Prison Writer's Diary - 'n belangrike bydrae tot hierdie groeiende genre in die Afrika-letterkunde.

Ngugi het ironies genoeg kort na sy vrylating in 1979 in ballingskap gegaan. Nadat hy die beslissende stap geneem het om homself te verbind tot skryf in Gikuyu, het hy homself afgesny van die bron van die lewende taal.

Maar Ngugi se besluit om skeppend in sy moedertaal te werk, het verreikende implikasies vir Afrikaskrywers - hy maak hulle los van die kontradiksie van aanhou skryf in 'n koloniale taal terwyl hulle kolonialisme verwerp.

NUWE BOEKE

TAURUS • 1989

DIE WAARHEID en ander stories
*Harry Kalmer*

In *Die waarheid en ander stories* illustreer Harry Kalmer sy vermoë as prosaskrywer in gestroopte, onderbeklemtoonde vertellings oor ontheemde jong mense in 'n tyd van politieke omwentelings.
**Prys: R15,00 plus avb**

Breyten Breytenbach
Memory of Snow and of Dust
This complex and allusive novel is both a gripping investigation of the South African predicament and also a meditation on exile, betrayal, love and creation.
**Price: R37,00 excl**

LADY ANNE
Antjie Krog
Antjie Krog bekyk die lewe en liefdes van Lady Anne Barnard (1750-1825) uit 'n perspektief van byna twee eeue later.
*Lady Anne* is Antjie Krog se sewende digbundel en haar eerste by Taurus.
**Prys: R18,50 plus avb**

**Beskikbaar by boekwinkels of direk van TAURUS, Posbus 39400 Bramley 2018**

*Vervolg vanaf bladsy 14*

will be impossible to provide adequate protection for abused children in our area.

In terms of the Social Welfare Policy approved by the Cabinet on the 4th November, 1987, in the face of widespread opposition from the private welfare sector, the government has committed itself to a curtailment of expenditure on welfare services. The private sector has thus been left to deal with the problem as best it can.

However, abused children are the direct responsibility of the State, which is obliged to enforce the provisions of the Child Care Act. This vital task cannot be left to the piecemeal efforts of an underfinanced private sector.

We call on the government to accept this responsibility and either to itself provide an effective country-wide service to counter child abuse and its effects, or to provide realistic financing to enable the private sector to do so.

We wish to point out that the racial fragmentation of existing services which has been further entrenched by the Social Welfare Policy mentioned above is highly wasteful of scarce resources. This includes the expensive and inefficient notion of four seperate Child Protection Registers for children of different races in our city.

We welcome the fact that the SA Welfare Council is at present considering recent appeals for one state welfare structure - we hope these will be heeded. We call for a single, unitary welfare system fully accessible to all families in Johannesburg, and offering full protection and care to all children at risk.

**Johannesburg Child Welfare Society**

**Johannesburg Indian Social Welfare Association**

**Family and Community Service of the Catholic Women's League**

**Prof Alan Rothberg, Chairman SASPCAN (Jhb)**

**Mrs Diane Levine, Regional Director, National Association of Child Care Workers**

**Susan Bedil, Legal Advisor, SASPCAN (Jhb)**

**Jewish Family & Community Council**

**Child Line (Jhb)**

# Liefdadigheidsdienste gaan agteruit

## Solidariteit met Bruce

**Statement by the Conscientious Objectors Support Group**

We, the members of COSG express our solidarity with conscientious objector David Bruce on the first anniversary of his being jailed.

On 25 July 1988, David was sentenced to 6 years in jail for refusing to perform military service in the SADF. David refused to fight in support of a racist political system.

Since David made his courageous stand, two more conscientious objectors, Charles Bester and Saul Batzofin, have been sent to jail for refusing to perform military service. More than 143 young men have publicly refused, on grounds of conscience, to do military service, and hundreds or thousands more have left the country to avoid the military. Others remain in South Africa, dodging the call up.

COSG recognises all these objectors and demands that they be granted the right to object on moral, ethical, religious or political grounds to performing military service.

Recent hints by military spokesmen that the length of military service may be reduced offer no relief to conscientious objectors, whose jail sentences are calculated on the basis of the maximum period of service owed by them to the state.

Only a change in the law, recognising the right to refuse to serve in the SADF, will provide an acceptable alternative.

## Rassistiese Bosman

**Celia Theart van Oos-Londen skryf:**

JUST JEREPIGO - PATRICK MYNHARDT

Ek het onlangs saam met 'n vriendin bogenoemde aanbieding van Herman Charles Bosman in Oos-Londen bygewoon.

As jong kind het ek sy stories verslind omdat en in die Marico-distrik gebore is en vir baie jare besoek gebring het aan daardie deel van die land.

Dit was die tweede keer wat ek die kunstenaar met Bosman op die spyskaart in aksie gesien het.

Buiten die gebrek aan groei in vertolking van die vertellinge, is ons met dieselfde keur uit sy verhale getrakteer.

Wie van ons ken nog nie sy luiperd-storie en die dominee se glips met Ps 119 nie? Ons het dit nie net gelees op skool vanaf St 6 nie, maar het dit telkemale vorentoe teëgekom. Ek was totaal verveeld om die minste te sê.

Wat my hare egter regop op my kop laat staan het, was die rassistiese inslag van sommige van die vertellinge wat twee verdwaasde swartmense in die gehoor moes verduur, nadat hulle R10 vir 'n kaartjie moes betaal ('n paar peanuts ingesluit). Kon die kunstenaar nie sy verhale aanpas nie of selfs 'n ander keur voorgedra het nie? Ek het baie skaam gekry vir die uitbundige plesier waarmee die gehoor dit aangehoor het.

Ek sê nie ons moet die realiteit van ons samelewing soos dit was (en nou nog is) probeer uitwis nie, maar dit is totaal onvanpas in hierdie tyd om dit voor gehore uit te basuin, sonder die inagneming van die gevoelens van andere - myne ingesluit.

# Vrye Weekblad

# KLEINADVERTENSIES

**Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Karien (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

## PERSOONLIK

Engeltjie - Dankie, daai fotoboekie is duisend maal beter as Mark Condor of Kyk - die Mekêniek

Internasionale pen-vriende: Ons klub het nou 160 000 lede in 153 lande en ons verskaf 'n penvrienddiens aan 'n ieder en 'n elk. Om nadere besonderhede skryf aan Johan van der Schyff, Posbus 128, Welverdiend 2700

Die Takhare vir Vrede speel julle preke agteruit want dan hoor ons nie die duiwel nie

Die Tannies by Magoebaskloof-vakansieoord sê "Slegs Blankes". Van Hendry Snyman

## WOONPLEK

Te Koop: Pragtige eenslaapkamer-woonstel in Victoriaanse gebou in Berea (naby Windybrow) R40 000 ona. Maureen Ashe (011) 782 0087/0024

Semi in Troyeville vanaf 1 Augustus by pyproker en kat. R200 basies. Skakel Mauritz Moolman by (w) 403-3600, (h) 614-1388

Melville: drieslaapkamerhuis te koop. R125 000 ona. P Kruger (w) 716 5654 (h) 487 1239

## DIENSTE

AFRAPIX: Ons maak duplikate van kleurskyfies en beskik oor 'n swart/witdonkerkamer. Billike pryse. Skakel: (011) 643-1654

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Methodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Vir meer inligting skakel (011) 642 4345

Kry jy gereeld jou Vrye Weekblad? Indien nie, skakel Jan van den Bos (011) 836 2151

Soek vertaalwerk. Engels na Afrikaans. Redelike tariewe. Bel Annemarie by tel (011) 836 2151 (w) of 726 2285 (h)

Spesiale Aanbod: Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 724 0784

Vir 'n alternatiewe transaksie op 'n alternatiewe motor deur 'n alternatiewe verkoopsman. Kontak Nick Wildeboer te Bill Troskie BMW, Welkom (0171) 52591

Geleentheid aangebied op 18 of 19 Augustus vanaf Kaapstad na JHB. Deel petrolkoste en help bestuur. Tel (021) 476944

## GEBEURE

Die Koekie Ziervogel-klub hou op Dinsdagaand 'n noodvergadering in Betlehem om haar stilte te betreur

Demokratiese Party Kermis: 29 Julie. Donasies van tweedehandse klere, snuisterye ens. sal waardeer word. Bel Di Franklin (011) 836 9541

3 Aug. U word uitgenooi om u wegneemete na die USIS-Ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n middaguurvideo oor Dans in die VSA - Choreografie deur George Balanchine Deel 1

## MARK

Wêreldspektrumnaslaanboeke - splinternuut. Volledige stel. R550 afbetaalbaar. Mev Esposito (011) 880 2881

**KASHGAR Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566**

Third World Spectator in Melville verkoop die pragtigste handgemaakte vroue- en mansklere in die hele wêreld. Skakel Murray by (011) 726 6615

Die nuwe STET 5-4 het verskyn. Bestel nou by STET, Posbus 39400, Bramley 2018. Die prys is R3,50

## WERK

Die advertensie en promosie-afdeling van Vrye Weekblad soek hulp! Halfdagpos beskikbaar - begin so gou moontlik. Persoon moet kan tik en 'n rybewys hê. Salaris onderhandelbaar. Skakel Karien, Gwynne of Jan by (011) 836-2151

## VAKANSIES

Resthaven Vakansieoord Kom en geniet 'n ontspanne vakansie in ons eenvoudige rusoord. Ongeveer 10 minute van Shelley Beach af. Swem, gholf, rolbal en visvanggeriewe is byderhand. Spesiale tariewe buite seisoen. Volwassenes vanaf R14,00 per dag, ontbyt en aandete ingesluit. Skakel mev Jameson by (011) 834 1708


JACOB REGOP

**HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG**

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ....................

Adres: ....................

.................... Poskode: ....................

Telefoon: ....................

**OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK**

**Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!**




Vir R60 (AVB ingesluit) m kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingeluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

**Naam:** ____________

**Adres:** ____________

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/30



Vrye Weekblad

# Vet vroue soos wyn: Hulle word mooi oud en het baie om die lyf

Claude Casteran



WASHINGTON - In die ou dae kon 'n mens Amerikaners enige plek ter wêreld aan hulle groot mae en reuse-agterstewes uitken.

Die afgelope tien jaar het dinge egter begin verander. Minder mense bestel dubbele roomyse en meer sluit by aërobiese-oefenklubs aan. Om vet te wees, is nie meer in die mode nie.

Volgens die Nasionale Buro vir Gesondheid en Voeding is ongeveer 25 persent van alle Amerikaanse tieners oorgewig. Navorsing het getoon dat vetsug onder kinders die afgelope dertig jaar toegeneem het, maar vet kinders word nie noodwendig altyd vet volwassenes nie.

Amerikaners is behep met verslanking. Volgens kenners is dié behepheid nie altyd gesond nie.

'n Spreker by 'n konferensie van die American Dietic Association, wat onlangs in San Francisco gehou is, het gesê: "Mense in die VSA is behep met hulle figure. Veral vroue is nooit tevrede met hulle liggame nie."

Die obsessie met slankheid word deur die media aangemoedig. Volgens 'n lesing wat by die konferensie gelewer is, is die gewig van modelle in tydskrifte soos Playboy net 82 persent van die gewig van die gemiddelde Amerikaanse vrou met dieselfde lengte.

Vet mense het gewoonlik onbevredigende sosiale lewens.

Omdat daar vooroordeel teenoor hulle bestaan, sukkel hulle om verhoudings met die teenoorgestelde geslag aan te knoop.

Gelukkig hoef vet Amerikaners nie meer Saterdagaande alleen voor die TV deur te bring nie: daar is nou 'n vriendskapsklub net vir hulle. Rosanna Radding, wat 38 jaar oud en 30 kilogram oorgewig is, het die "More to Love"-klub gestig nadat 'n paar vriendskapsklubs haar nie wou aanvaar nie omdat sy te vet is.

"Hulle het gesê ek moet eers 25 kilogram verloor voor ek kan aansluit," sê sy.

"Ek was vet en alleen." Die verweping maak nog seerder, sê sy.

"More to Love" het vandag heelwat lede. Barbara Hansen, 'n 41-jarige telefonis wat twee maande gelede by die klub aangesluit het, sê vet vroue is soos goeie wyn: "Hulle word mooi oud en het baie om die lyf."

Volgens Barbara vind baie mans vet vroue meer vroulik.

Sy sê vet mans is ook minder selfsugtig en verwaand en gee meer aandag aan hulle metgeselle.

Die meeste lede van die "More to Love"-klub is tussen 30 en 40 jaar oud en weeg tussen 100 en 180 kilogram. "Een lid weeg byna 200 kilogram en het al 'n paar keer uitgegaan sedert sy by die klub aangesluit het," vertel Rosanna.

John Springer, 'n 45-jarige kantoorwerker van San Francisco wat 130 kilogram weeg, sê hy het by die klub aangesluit omdat hy moeg is om na kroeë te gaan.

Larry Riley, 'n 60-jarige eiendomsagent, het nie 'n gewigsprobleem nie: hy is 1,90 meter lank en weeg 80 kilogram. Hy het by "More to Love" aangesluit omdat hy vet vroue meer aantreklik vind: "Vet vroue is pragtig."

Larry vertel dat hy nog altyd in kuns belang stel en dat hy as jong man geboer het in museums waar hy die kunswerke van die ou meesters bewonder het. Toe hy Rubens ontdek het hy besef hy is tot vet vroue aangetrokke.

Danksy "More to Love" het hy nou die vrou van sy drome ontmoet. Haar naam is Bonnie Aisles en sy werk vir 'n skakelonderneming in Castro-vallei. Die 41-jarige Bonnie vertel sy het met 15 mans van die klub uitgegaan voordat sy die regte een ontmoet het.

Rosanna sê nie een van die lede is al getroud nie. "Maar baie mense is nou gelukkig. Die mans en vroue wil uitgaan, hulle wil hulself geniet, en ek help hulle. Dit is ongetwyfeld die moeite werd." - AFP

## MY WÊRELD!

## Maak fossiele jou melaats?

**NIEU-DELHI - Volgens twee Indiese mikrobioloë is daar 'n sterk verband tussen melaatsheid en ondergrondse fossielneerslae.**

**In 'n artikel in 'n Indiese tydskrif vir eksperimentele biologie beweer die wetenskaplikes dat melaatsheid hoofsaaklik deur grond - eerder as menslike kontak en uitskeidings - oorgedra word.**

**Dr AN Chakrabarty en SG Dasti Dastidar van die Jadavpur Universiteit in Kalkutta het oor melaatsheid op vier kontinente navorsing gedoen. Hulle het gevind die siekte kom voor in gebiede wat ryk aan fossielneerslae is.**

**Dit is bekend dat bakteriEë wat melaatsheid veroorsaak fossielolies verteer, en dat dié organismes ondergronds floreer totdat dit na die oppervlak deursypel.**

**Volgens die huidige teorie word melaatsheid net deur menslike kontak oorgedra.**

**Die twee wetenskaplikes sê egter daar is in Indië, die VSA, die Sowjet-Unie en Kanada 'n sterk verband tussen die voorkoms van melaatsheid en ondergrondse fossielvelde.**

**Die grond-tot-mens infeksieteorie kan die voorkoms verklaar van melaatsheid in die voetsole van mense wat in bergagtige gebiede werk.**

**Tien miljoen mense oor die hele wêreld ly aan melaatsheid, vier miljoen van hulle in Indië. - AFP**

## *Jong moordenares begenadig*

INDIANAPOLIS, Indiana - Die Hooggeregshof het hier beslis DAT 'n 19-jarige vrou nie tereggestel kan word vir 'n moord wat sy vier jaar tevore gepleeg het nie.

Die hof het beslis dat Paula Cooper 'n gevangenisstraf van 60 jaar moet uitdien. Sy het 'n bejaarde godsdiensonderwyseres met 'n mes doodgesteek toe sy 15 was.

Die beslissing is gebaseer op 'n besluit van die Hooggeregshof in 1988 waarvolgens moordenaars onder die ouderdom van 16 nie tereggestel kan word nie.

Pous Johannes Paulus II, Amnestie Internasionaal, die Amerikaanse Burgerlike Vryheidsunie en linksgesinde groepe in Europa wat teen die doodstraf gekant is, het vir begenadiging gepleit.

Cooper moet die helfte van die vonnis uitdien voor sy vir parool in aanmerking kan kom.

Sy het skuldig gepleit op die aanklag van moord op die 78-jarige Ruth Pelke in 1985. Pelke is 33 keer met 'n mes gesteek. Cooper en drie vriende is na Pelke se huis onder die voorwendsel dat hulle bybellesse wil neem.

Cooper is ter dood veroordeel en die ander drie tot gevangenisstraf van tussen 25 en 60 jaar gevonnis. - AFP

## Dié week in die nuus

### Suid-Afrika



**Adriaan Vlok, Minister** van Wet en Orde, dreig die Breë Demokratiese Beweging met polisie-optrede indien voortgegaan word met die beplande versetveldtog teen afsonderlike geriewe soos busse, parke en hospitale. Volgens Vlok word petrolbomaanvalle op kandidate in die verkiesing ook beplan.

**'n Jagultstappie deur** staatspresident PW Botha wek opspraak toe dit bekend word dat die bokke wat hy geskiet het in 'n polisievoertuig met vals nommerplate vervoer is. Die polisie sê hulle ondersoek die saak.

**Elf mynwerkers sterf** in twee afsonderlike ongelukke by die Kloof- en Hartebeesfontein-goudmyne.

**NP-LP's en** ministers het toutjies getrek sodat hul seuns nie grensdiens hoef te verrig nie, sê voormalige Nasionalis Kobus Jordaan op 'n vergadering in Durban.

**Die prokureur-generaal** van die Transvaal weier om te vervolg oor die aanranding van plakkers by Chicken Farm buite Soweto in Julie 1987. Volgens die polisie kon niemand gevind word wat vir die aanrandings verantwoordelik is nie. The Star het foto's gepubliseer van 'n plakker, Lola Morris, wat deur 'n munisipale polisieman aangerand word.

**Die verbod op** massa-vergaderings deur vakbonde om die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge te bespreek, word deur Cosatu, Nactu en ongeaffilieerde vakbonde in 'n gesamentlike vergadering bespreek.

**Twaalf Suid-Afrikaners** woon vir die eerste keer in dertig jaar die Wêreldfees vir Jeug en Studente by. Verteenwoordigers van die South African Youth Congress (Sayco), Nusas en die South African National Students Congress (Sansco) het die fees in Noord-Korea bygewoon saam met 'n groep van die ANC, wat in Lusaka by hulle aangesluit het.

**President Joaquim Chissano** van Mosambiek doen 'n beroep op die Suid-Afrikaanse regering om apartheid af te skaf en streeks-destabilisasie te beëindig.

**Twee seuns van** Randburg word in afsonderlike voorvalle deur 'n Amerikaanse veghond ("pit bull terrier") aangeval. In nog 'n voorval word 'n baba se gesig deur 'n boelterriër verskeur.

**Twee van die** regering se ekonomiese deskundiges, prof Jan Lombard en dr Simon Brand, het vroeër vandeesmaand samesprekings gehou met verteenwoordigers van die ANC oor die ekonomie in 'n post-apartheid Suid-Afrika, onthul Southern African Report. Prof Lombard, assistent-direkteur van die Reserwebank, en dr Brand, uitvoerende beampte van die **Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika**, het van 9-13 Julie in Lausanne, Switserland, saam met ander ekonome met verteenwoordigers van die ANC, die Sowjet-Unie en Oos-Duitsland oor die toekomstige ekonomiese beleid van Suid-Afrika gepraat.

**Nog 'n tak** van Eerste Nasionale Bank word in Johannesburg beroof. Dit bring dié bank se takke wat vanjaar beroof is, op 45 te staan.

**Sestien mense word** in hegtenis geneem in verband met die dood van nege Bophuthatswana-polisiemanne by Leeuwfontein op 1 Julie. Een van die verdagtes is deur die polisie in die been geskiet.

**Die veiligheidspolisie** besoek die huise van drie lede van die Transvaal Indian Congress (TIC) en voer 'n klopjag uit op die Nuril-Islam-sentrum in Lenasia, waar tien lede van die TIC besig was om pamflette vir hul kongres dié naweek voor te berei.

**Krygkor verkoop wapens** aan 39 lande, sê die minister van Verdediging, Magnus Malan.

**Twee mense sterf** in 'n bomaanval op die landdroshof en polisiekantoor in Athlone.

### Wêreld



**Margaret Thatcher,** Britse eerste minister, verwyder Sir Geoffrey Howe uit sy pos as minister van Buitelandse Sake. Hy verwerp haar aanbod om Douglas Hurd se pos as minister van Binnelandse Sake oor te neem, en sy bied hom die pos van assistent-eerste minister aan.

**Pous Johannes Paulus** wys die eerste biskop in meer as sestig jaar in die Sowjet-republiek Byelorussia aan.

**President Daniel Arap** Moi van Kenia doen by die spitsberaad van die Organisasie vir Eenheid in Afrika 'n beroep op Suid-Afrikaanse bevrydingsbewegings om hul verskille by te lê en saam teen apartheid te stry.

**Die staking** van Sowjet-mynwerkers nader sy einde ná samesprekings met regeringsverteenwoordigers, maar etniese konflik in die Sowjet-republiek Georgië duur voort.

**Solidariteit-leier Lech** Walesa word deur Poolse koerante gekritiseer omdat hy weier om 'n koalisie met die regerende Kommunistiese Party te vorm.

**Omtrent 1000 mense** sterf en nog 2000 word vermis in 'n vloedramp in Indië.

**In China word** twee mense ter dood veroordeel vir hul aandeel aan betogings in Beijing se Tiananmen-plein. Meer as 3500 mense is al in hegtenis geneem ná die betogings.

**Unita skiet 'n** Sowjet-vliegtuig af in die ooste van Angola en 42 passasiers sterf.

**Frelimo se vyfde** kongres open met 'n onderneming om die 'n einde te bring aan Mosambiek 13-jaar oue burgeroorlog.

**Kambodja se premier,** Hun Sen, begin in Parys samesprekings met die rebelleleier Norodom Sihanouk om vrede te beding wanneer Viëtnamese troepe in September uit Kambodja onttrek word.

**Japan se eerste minister,** Sousuke Uno, kondig aan dat hy bedank nadat sy regerende Liberaal-Demokratiese Party die verkiesing verloor.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 2151. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Lautreweg 2, Stormill.



afgekom. - AFP

RUGBY:

# Nie-rassige sport is heel elementêr, sê Cheeky Watson

**Die National Sports Congress (NSC) het by hul onlangse eenheidskonferensie witmense uitgenooi om nie-rassige sport te begin speel. Iemand wat al dertien jaar gelede dié uitnodiging aanvaar en in die townships 'n groot rugbyheld geword het, is Cheeky Watson van Port Elizabeth. Hy gesels met CHARLES LEONARD**



Die Watsons, Ronnie, Cheeky en Valence word deur ondersteuners gedra nadat hulle in hul opspraakwekkende hofsaak in 1987 op borgtog vrygelaat is. *Foto: Guy Tillim (Afrapix)*

DANIEL "CHEEKY" WATSON is 35 jaar gelede op 'n plaas buite Somerset-Oos gebore. Hy is een van vier broers wat nog altyd op die nuusblaaie van die wêreld geboer het. Nie op die sportblaaie waar hulle as bobaas-rugbyspelers in 'n ander land sou wees nie, maar daar waar sensasie en politiek in vet letters geskryf staan.

Hy en sy broers, Ronnie, Valence en Gavin, het in 1976 in die swart townships buite Port Elizabeth tot die ongewone stap oorgegaan en die eerste witmense geword om nie-rassige rugby te begin speel.

Op die plaasskool waar Cheeky begin skoolgaan het, was daar ongelukkig nie rugby nie omdat daar te min seuns was om 'n span vol te maak. Op laerskool het hy die eerste keer met sy geliefde spel kennis gemaak.

In 1970 was hy as 15-jarige die jongste hoërskoolspeler op die Cravenweek. Hy het vier jaar lank as vleuel vir die Oostelike Provinsie se skolespan uitgedraf en in 1973 was hy ook kaptein.

Hy was ook die OP-skole se naelloopkampioen in die 100 en 400 meter.

Na skool het hy 'n offisierskursus by die Genie-korps op Betlehem gedoen en "is gelukkig nooit vir 'n kamp opgeroep nie".

In 1976 het hy vir die OP se senior span gespeel en is in dieselfde jaar gekies om vir die Junior Springbokke teen Andy Leslie se All Blacks te speel.

Teen die einde van dié seisoen nooi Mono Badela, die destydse president van Kwaru - een van die unies in die nie-rassige Suid-Afrikaanse Rugby-unie - Cheeky en sy broers uit om met afrigting in die township te help.

Na twee vertoonwedstryde besluit die broers om permanent daar rugby te gaan speel. Hulle draf vir vier verskillende klubs uit en soos Cheeky sê: "Ons het mekaar goed geduik wanneer ons teen mekaar gespeel het."

In 1976 het die townships begin brand en baie bloed het gevloei. Dit was ook die eerste seisoen wat die Watsons hul Kwaru-kleure verwerf het.

"Ons kon vryelik, sonder enige probleme, die township in- en uitgaan vir oefeninge en wedstryde," sê Cheeky.

"In die begin was daar 'n houding van verwondering en nuuskierigheid, maar dit het gou oorgewaai en ons is deur die mense op die hande gedra.

"Ons het geweier om permitte te kry om die township te besoek en is selfs 'n keer deur die owerhede aangekla. Die saak het in die Hooggeregshof beland en ongelukkig moes ons opdok."

In die swart townships in die Oos-Kaapland is rugby besonder gewild.

"Die standaard van rugby was hoog. Veral in 1979 het Kwaru een van hul beste spanne nog gehad. Dié span sou sy man kon staan teen enige van die top-spanne in die Curriebeker.

"Omdat ek self vir OP gespeel het en die standaard daar geken het, kan ek in alle eerlikheid sê dat Kwaru daardie jaar OP van die veld af sou gespeel het.

"Dit is tragies dat dié groot spelers geïsoleer was van wit oë."

Ander wit spelers het ook toe by van die nie-rassige klubs aangesluit.

"Hulle het ongelukkig probleme by die werk begin optel. Dinge was toe baie erger as nou en wanneer dié ouens saam met hul swart spanmaats in die kantien wou eet, het die base ongelukkig geraak.

"Onderdrukking was baie straf en van die wit spelers het die stad verlaat. In een geval was die intimidasie so erg dat die een ou die land verlaat het.

"Ons is openlik deur Koornhof, Punt Janson (minister van Sport en Ontspanning) en Craven aangeval. Die SAUK het geweier om ons name oor TV te noem!"

Nie almal was egter so venynig nie.

"Ian Kirkpatrick, die Springbokafrigter, het my by ons winkel kom besoek en probeer oortuig om weer aan die 'wit-kant' te kom speel. Hy het gesê dat ek beslis vir die Springbokke sou speel. Die Franse sou binnekort in Suid-Afrika kom toer."

In dié stadium het Cheeky reeds saam met sy broers as vennoot in hul klerewinkel in Port Elizabeth gewerk.

"Ons het selfs briewe van maatskappye begin kry waarin hul navraag doen omdat ons kamtig die land sou verlaat.

"Ten spyte hiervan en aaklige gerugte oor ons wat in die townships versprei is, het ons ons rugby terdeë geniet."

Die Watsons is vier fris boerseuns wat menige teenstander vrees ingeboesem het. Maar hulle was egter nie net 'n bedreiging vir hul teenstanders nie.

"Ons was normale, gewone rugbyspelers wat veronderstel was om tipiese Nasionaliste te wees - wat ons steeds nie is nie. Ons kom van 'n plaas af en rook of drink nie. Ons kom uit 'n sterk Christelike agtergrond wat nog steeds baie belangrik in ons lewens is.

"Om dié redes het ons meer trefkrag as ander mense aan die 'Left' gehad. Ek dink dít is hoekom die staat ons as so 'n groot bedreiging beskou het."

Nadat Cheeky-hulle in 1982 hul toks opgehang het, het hulle nie bande met hul kamerade in die townships verbreek nie. Die staat het ook nie die kleurryke familie onder sy arendoog laat uitgaan nie.



Cheeky, Valence, Gavin en junior Watsons *(Foto: Mike Loewe)*

In 1986 is hul familiehuis deur 'n brand verwoes. Hierna is hulle aangekla weens brandstigting, bedrog en poging tot moord.

"Met ons inhegtenisname het ek gedog dit was 'n grap. Ek het hardop gelag toe hulle sê ek is 'n 'liberal'."

Aanvanklik is hulle op van die klagtes skuldig bevind, maar eindelik op appél vrygespreek.

"Ek kan sonder twyfel sê dat dit 'n sameswering was," sê Cheeky.

Toe die broers gedurende die saak op borgtog vrygelaat is, het oor die 3 000 jubelende, toyi-toyiende swart ondersteuners hulle skouerhoog in Port Elizabeth se hoofstraat afgedra.

"Dit was wonderlik en het bewys dat 'n mens deur swartmense aanvaar kan word. Dit is nie witmense wat gehaat word nie, maar wel houdings."

Steun vir die Watson-familie is verder bewys met die verbruikersboikot in 1985.

Die swart gemeenskap het die wit-beheerde winkels van Port Elizabeth geboikot, maar nie die Watsons se klerewinkel nie. Dit was "business as usual".

Hoewel hulle nie meer self speel nie, is die broers nog aktief by sport in die Oos-Kaapland betrokke, veral by pogings om sportmense te verenig.

Hulle was afgevaardigdes by die NSC se onlangse sportkonferensie by Wits.

"Sport is 'n wonderlike manier om verandering in ons land te bewerkstellig," sê Cheeky.

"Gedurende die afgelope dertien jaar het al hoe meer witmense ons standpunt oor nie-rassigheid begin ondersteun.

"Die tyd is nou ryp om dié steun in positiewe optrede te omskep en só die basis te verbreed.

"Afrikaners is volgens my meer as bereid om deel van die stryd te wees. Vir Afrikaners is daar geen tussengrond nie. As hulle 'n stap neem, is dit opreg - hulle luier nie tussen-in nie.

"Omdat Afrikaners self slagoffers van kolonialisme was, verstaan hulle die posisie waarin swartmense hulle bevind."

Oor mense wat sê dat politiek en sport geskei moet word, lag hy net.

"Elke aspek van die onderdrukte mens se lewe word deur politiek bepaal.

Dit sluit natuurlik sy sport in.

**Werk jy van jou huis af?**

Ons verkoop 'n reeks van nuwe en ou meubels van gehalte

**Office Furniture Traders**

LESSENAARS STOELE LIASSEERKABINETTE

**Alle pryse onderhandelbaar**

***Ons is ook bereid om te ruil!***

BYRON ANDREWS

161 COMMISSIONERSTRAAT
JOHANNESBURG

Tel: 337-2567/8

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 28 Julie 1989

# Edi se nuutste is begeester deur media-muilband

Chris du Plessis

**DIT het byna drie jaar geneem, maar Edi Niederlander het nou uiteindelik haar tweede langspeler voltooi. Dit sal binnekort op die rakke wees.**

*Die titelsnit van die langspeler Hear no Evil, wat in Kaapstad deur Mountain Records vervaardig is, is geïnspireer deur die media-beperkings van 1984.*

En dit kan die tweede plaaslike treffer word met hierdie tema - ná Bright Blue se Weeping verlede



Edi Nederlander

jaar.

Hear no Evil beloof beslis om net so 'n mylpaal in ons musiekgeskiedenis te wees as haar debuut Ancient Dust - waarvan die titelsnit gebruik is vir die rolprent Jock of the Bushveld. Ancient Dust, wat ook in Brittanje vrygestel is, is nou op CD beskikbaar.

Edi, ongetwyfeld ons beste vroue-ghitaarspeler van folk/rock, skram nog altyd weg van die "mite van faam". Dit het haar meer as tien jaar geneem om haarself na die ateljee te sleep vir die opname van Ancient Dust. En toe ook net "omdat soveel van my vriende my so lank gevra het."

Waar die eerste langspeler grotendeels bestaan het uit ou gunstelinge uit haar folk-dae, stel Hear no Evil 'n nuwe Edi bekend. Met minder angs en meer optimisme.

Aan die einde van verlede jaar toe ek tydens die meng van die plaat by UCA se ateljee in Kaapstad haar gevra het hoekom, het sy net gesê: "I ran out of minor chords" - tradisioneel die meer melankoliese akkoorde.

Sy was besig om 'n snit wat sy toe Shebeen wou noem vir die nuwe langspeler te meng. Dis 'n opgewekte township-deuntjie uit die vyftigs. Halfpad slaan dit om in Edi se esoteriese Rock 'n Roll - en dan draai dit moeiteloos uit na Sophiatown...

Die deuntjie se naam is later na The Pony Jive verander. Sy wou die langspeler "There must be a Pony" genoem het. Dit kom van 'n storie wat Edi se verwisseling van gemoedstoestand weerspieël: 'n optimis en 'n pessimis bevind hulle in 'n kamer vol ch...mis. Die optimis begin deur die drek wandel en sê "Met al hierdie mis MOET daar 'n ponie iewers wees..."

Hoewel al die snitte op die plaat "local colouring" het, is Pony Jive die enigste snit met duidelik herkenbare townshipbotone.

"Ek het maar onlangs eers weer my Rock 'n Roll roots ontdek," sê sy, "die ou doo-wha, en besef hoe belangrik dit vir my is." Die snitte Breaking Free Blues ("'n soort liefdeslied"), en Keep on Running ("ietwat introspektief"), sal aanhangers van Edi se eiesoortige blues-rock goed besig hou.

Edi se nuwe lewenshouding en musikale insigte beteken egter nie dat sy van haar sterk spirituele oortuigings afstand doen nie. Een van die snitte, Sii Krsna Caitanya Prabhu, word in sy geheel in Sanskrit opgedis. En sy ontken ook nie heeltemal haar sosio-politiek bewussyn nie. Sulke kommentaar word net met 'n meer satiriese houding aangebied.

Behalwe vir die steeds ietwat melankoliese Hear no Evil ("dit was Johannesburg in Julie, in die middel van die winter, toe dit geskryf is"), word vroeëre sinisisme en anti-establishment sentimente met meer lighartige sarkasme voorgedra. Little Fallout Shelter is geïnspireer deur 'n plakkaat met karikature van Reagan en Thatcher wat sy in Londen gesien het, en in 'n ander lied jubel sy: "Don't worry if the world is in ashes/I can take you to where the cash is".

Ou melankolie of vars sarkasme, enige Niederlander-produk is 'n veilige kopie.

Ancient Dust verkoop steeds goed en die moontlikheid is goed dat Hear no Evil - met die nuwe internasionale belangstelling in ons musiek sowel as die onlangse oplewing van die neo-folkies soos Tracey Chapman, Michelle Schocked, Suzanne Vega en Nathalie Merchant - Edi uiteindelik die erkenning sal gee wat sy verdien.

Die kortspeler, Dance to Me, is verlede week reeds uitgereik.

## Laurika se hartstog op die planke



Laurika Rauch, wie se nuwe produksie Op Die Hartstog Boulevard op 1 Augustus die Staatsteater se nuwe Théâtre Rendezvous aangebied word. Stephan Bouwer het die nuwe konsert saamgestel vir Laurika Rauch en Jannie du Toit na die reuse-sukses van Van Berlyn Tot Bapsfontein.



OTmoet Steven Cohen, binneshuise versierder. Moet ons nie varkeerd varkstaan nie. Sy uitstalling van gesogte en onotbeerlike nagemaakte en oorspronklike meubels begin op 30 Julie by die Gallery on the Market en duur tot 23 Augustus. (Hy is die beer wat die soggenaamde Alice en Oom Paul-lappe gedruk het.) Oinksovoorts.

## Word 'n Mahargis



Betree Hillary Graham se towerwêreld gratis - 5

Daan de Beer se nuwe video-rubriek - 5

Kringe is storieboekteater - 2

Noise Khanyile maak 'n wonderlike lawaai - 3

Stars and Bars: O'Connor se kultusprent - 3



*Paul Slabolepszy as die Pa op die plot in Slabolepszy se Smallholding - wat 'n treffer was op die Grahamstadse Kunstefees. Die stuk wat deur bale as Paul se beste beskou word, het gister in die Nico-Arena in Kaapstad begin en speel tot 19 Augustus. Die regisseur is Bobby Heaney en die ander spelers is Kate Edwards, Martin le Maitre en Sello Maake Ka-Ncube*

# Chris Isaak maak snot-en-trane van gehalte

HAKNAS

Charles Leonard



Chris Isaak - dit is darem 'n helse lewe

**Plate word op 'n skaal van 0 tot 10 beoordeel**

**Larger Than Life - Jody Watley (1)**

My ma het altyd vir my gesê dat as jy nie iets mooi van iemand kan sê nie, dan bly jy liewer stil.

Jody Watley het pragtige hare en is 'n besonder aantreklike persoon.

Oor haar siellose diskomusiek bly ek dan liewer stil.

**Blast - Holly Johnson (4)**

Daar is niks so frustrerend soos gemorspos waarmee die posman jou posbus dikstop nie. Soms is dit oraait want dit is darem beter as rekeninge. Daar is ook dié soort gemorspos wat jou vertel van die winskopies wat jy by die supermark net om die hoek kan kry.

Blast laat my aan die beter soort gemorspos dink. Jy kan darem daarna kyk voordat jy dit in die snippermandjie gooi.

'n Mens kan ten minste na Holly Johnson se plaat luister. Hy was immers die hoofsanger van Frankie Goes To Hollywood, wat met hul heerlik dekadente treffer, Relax, t-hempvervaardigers iets anders as James Dean gegee het om op dié westerse kommoditeit te druk. Jy het ook daardie lekker verbode-vrugte-in-die-kies-gevoel gekry wanneer jy daarna geluister het, omdat die plaat vanweë sy "stoute" lirieke verbied was.

Nou is Holly op sy eie en trakteer ons steeds met haai-energie. Dit is nie baie gevaarlike haai-musiek nie. Baie energie, baie glans, baie kortstondig.

Jy sal daarvan in die gemorspos lees. Binnekort - as jy daarvan hou - kan jy dit vir 'n appel en 'n ei optel in die gemorsrak.

Intussen kan jy daarna in enige diskoteek luister en baie lekker daarop dans.

**Heart-Shaped World - Chris Isaak (8)**

Dit is darem lekker om soms Martie Martelgat op so 'n selfkoesterende hoekom ék?-manier te wees. Wanneer 'n mens in so 'n bui is, is daar niks beter om na te luister as die Kaliforniër, Chris Isaak, met sy seersoet melodieë, Roy Orbison-mooi stem en sy kitaarspeler, James Calvin Wilsey, se "twangy" blou klanke nie.

Heart-Shaped World is Isaak se derde plaat en die ander twee is ook dubbel en dwars die moeite werd om aan te skaf.

As daar nou ooit 'n plaat was wat plaaslik behoort vrygestel te word, is dit dié een. Nie alleen is dit uitstekende musiek nie, maar dit sal kommersieël ook goed vaar.

Kwaliteit snot-en-trane dié. Koop!

Raadpleeg Vrydag! se gidse op bladsy 6,7 en 8 vir tye en plekke van teater, musiek, kuns en rolprente


dié week by die MARK-TEATER

MARK-TEATER

Maan - Vry: 8nm
Sat: 5.30nm & 9.15nm
MY CHILDREN! MY AFRICA!
Regie deur Athol Fugard
Met John Kani, Kathy Jo Ross en Rapulana Seiphemo.

UPSTAIRS-TEATER

IN A DIFFERENT LIGHT
deur Reza de Wet
Maan - Vry: 8.15nm
Sat: 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER

Maan - Vry: 8.15nm
Sat: 6.15nm & 9.15nm
TOOTH AND NAIL
Openingsaand 1 Augustus om 8nm

WAREHOUSE BY DIE MARK

INYANGA WOMEN OF AFRICA
Dins tot Vry: 8nm
Sat: 6nm tot 9nm Son 6nm

KIPPIES BY DIE MARK

Dins - Don: 8.30 (Ingangsfooi R6)
Vry - Son: 8.30nm (Ingangsfooi R8)
TSIDI LELOKA met ANANSI

MARKGALERYE

Groot Galery
Peter Magubane:
Kinderarbeid in Soweto
Klein Galery:
Peter Magubane

Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Onthou die snuffelmark elke Saterdag van 9vm tot 4nm op die Mary Fitzgerald-plein


# Goeie storieboekteater

**Kringe in 'n Bos. Met Louis van Niekerk, Paul Luckhoff, Jannie Gildenhuys en ander.**

**ANDREA VINASSA**

MENSE wat verwerkings van trefferromans aanpak - in watter medium ookal - moet hare op hulle tande hê. Peet van Rensburg is so 'n mens, maar gelukkig beskik hy ook oor die gawe om 'n sukses daarvan te maak.

Kringe se oorgang van roman na toneelstuk - al is dit meer dramatiese voorstelling as ware toneelstuk - was glad en gemaklik. Van Rensburg het met helderheid universele essensies in die roman uitgesonder, en met 'n verrassende toneelmatige verhoogaanbieding vorendag gekom.

Kringe is konvensionele storieboekteater waarin die hoofkarakter Saul as't ware "eet van die Boom van die Kennis van Goed en Kwaad". 'n Mens is heeltemal tevrede met die eenvoudige ontvouing van Saul se dilemmas - sonder dat daar diep in die randkarakters gedelf word.

Die kleiner temas van die bewaring van olifante, die natuur en die plattelandse Afrikaner; die uitbuitingsverhouding tussen kapitaal en arbeid en klassekwessies word uitgespeel teen die oorheersende tema van Saul se stryd om om hom te bevry van die beperkinge van sy erfenis.

Van Rensburg gebruik fundamentele simboliek baie behendig - die Adam- en Eva-verhaal, en die sprokies waarin die band tussen mens en dier erken word.

Sy voorstelling van Matthee se ontleding van die vroeë geskiedenis van die Kaapprovinsie is gelaai ten gunste van die Afrikaner kleinboerestand. Die houtkappers se verhouding met die houtkopers was van so 'n aard dat die houtkappers afhanklikes bly.

Dié klas-analise is sigbaar in Saul se innerlike konflik en wek meegevoel vir hom, maar as 'n mens die analise verder wil voer: ons weet mos wat het gebeur toe die Afrikaner hom losgemaak het van die kleinboerestand... 'n objektiewe geskiedenis van Suid-Afrika is nie die bedoeling agter Kringe in 'n Bos nie.

Paul Luckhoff se vertolking van Saul het 'n oortuigende intensiteit. Louis van Niekerk se uitbeelding van sy knorrige pa laat die kleurvolle Afrikaans van die teks tot sy reg kom... die gebruik van die wonderlike "kombuishollands" vol keelklanke is reeds rede genoeg om die stuk te gaan sien.


BO
*Vry en Sat:*
Larry Amos en The Naughty Boys

*Wo:*
Neil Solomon en The Passengers

*Don:*
Fat City

ONDER

*Vry, Sat en Son:*
Neil Solomon en Stuart Wood

*Di:*
Colin Shamley

*Wo:*
Ian McCormick

*Don:*
Annie


# *Engtevrees van swart vrouwees*

**Helen Sibidi, wat die 1989 Standard Bank Jongkunstenaarstoekenning in Grahamstad ontvang het, se werk is tot 11 Augustus in Johannesburg te sien (by Wits se Gertrude Posel-galery), dan vir drie weke by Unisa en dan - tydens 'n toer van langer as 'n jaar - in al die groot kunssentra. ROSE KORBER gee 'n kykie op haar werk**

HELEN SIBIDI se werk wat by Grahamstad te sien was, wys dat sy 'n dramatiese verandering ondergaan het.

In haar vroeë skilderye het sy plattelandse tonele naturalisties uitgebeeld: gehul in gloeiende lig en sagte kleure. Haar nuwe werk is in tekenmedia: pastelle en houtskool. En dis monumentale, intens gekleurde, ekspressionistiese collages wat ryk is aan betekenis en voortgebring word deur digte patrone van verwronge menslike en dierlike vorms.

Die koppe, byvoorbeeld, word dikwels tegelyk uit verskillende oogpunte uitgebeeld - baie soos Picasso se jukstaposisie van voor- en sy-aansigte in sy Kubistiese portrette. Hier sit 'n interessante ironie: Picasso het 'n ideë-basis vir Kubisme gaan soek in Afrika-beeldhou; vir Sebidi is sulke verwringing - vermoed 'n mens - 'n kwessie van suiwer aanvoeling.

Wat waarskynlik 'n Westerse, Eurosentriese kyker die meeste sal ontstel is die gebrek aan ruimte in Sebidi se kragtige werke, die manier waarop die figure oorvleuel en neig om op die kyker se eie ruimte te bedreig.

In 'n goeie opstel in die katalogus doen dr Marion Arnold 'n verklaring vir hierdie gevoel van engtevrees aan te hand: "Sebidi se werk gaan oor swart vrouwees in Suid-Afrika. Dit gaan oor wat sy noem "life cut to pieces", en dit druk die konflik tussen die lewe op die platteland en in die stad, mans en vrouens, die hede en die verlede uit. Voorwerpe en mense word uitmekaar geskeur, letterlik en figuurlik. Die figure wat in die skildery-ruimte saamgedruk word, wil uit die skildery uit stroom.

"Dit dui op die ruimte van die gemeenskap van vandag en die oorvol townships wat lei tot sielkundige spanning en geweld.

"Hierdie ruimte is in Sebidi se werk 'n metaforiese ruimte, waar waardestelsels met mekaar in botsing kom, die manlike die vroulike uitdaag en die Eerste en Derde Wêrelde bots."

# Is dít in 'n ander lig?

**In a Different Light. Deur Reza de Wet. Met Andrew Buckland, Terry Norton, Dawid Minnaar en Reza de Wet. Regie: Lyndsay Reardon. Upstairs by die Mark**

**CHRIS DU PLESSIS**

VERHOUDINGS bly die mensdom se grootste probleem. En hoe mense verstrengel en afhanklik raak van mekaar se verborge onsekerhede en vrese.

Reza de Wet kry dit wel reg om van hierdie psigiese interaksies uit te lig en te ontbloot in haar nuwe stuk - en soms op 'n manier wat jou laat regop sit met kil herinneringe - maar die energie en spanning breek nooit sterk genoeg deur dat mens die drama self vir lank sal onthou nie.

Nietemin: hoewel die elemente vir die emosionele oorlog na kos vir 'n soapie klink, delf dit gelukkig tog heelwat dieper as Dallas.

Twee paartjies (twee susters en hulle mansmaats) word deur die dood van die susters se moeder bymekaargebring. Sara (De Wet) en Jan (David Minnaar) woon nog in die ouerhuis. Jamie (Andrew Buckland) en Alice (Terry Norton) reis soontoe vir die begrafnis van Sara en Alice se moeder wat in 'n gestig dood is nadat sy haarself vir jare tot die huis beperk het.

Sara se groeiende introversie en vrees vir die buitewêreld dwing haar in dieselfde rigting. Jan, 'n kunstenaar, se sinisme is nie 'n sterk genoeg wapen om hom van haar weg te skeur nie. Alice is net mooi gatvol vir haar man Jamie se onvermoë om konflik te konfronteer. Sy raak tydelik behep met Jan se rebelsheid en gedelf na die "waarheid". Jamie het sy jeugliefde vir Sara geprojekteer deur met Alice te trou en nou probeer hy die ou vlamme aanblaas.

In a Different Light dui op 'n nuwe wending in Reza se werk. Haar vorige stukke soos Diepe Grond en Nag Generaal was, soos sy self erken het, slegs uitinge van haar onverwerkte reaksionêre gevoelens teenoor haar herkoms. Dié stuk sou dieper persoonlike invloede openbaar...

Die vreemdheid van die Gotiese atmosfeer wat geskep word, die ongepoleerde openingsaand-spel (hakkerige ritme en ongemaklike verhoog-verhouding tussen die spelers) of swak regie, kan alles skuld dra vir die vakuum.

Maar die feit dat die stuk nooit rêrig deur die dop van vaagheid bars nie - en die gedagte dat jy na 'n Barbara Cartland novelle kyk soms moeilik onderdruk word - lê tien-teen-een by die konsep self.

Reza het moontlik in haar poging om teater te vermy wat 'n morele boodskap oordra of lesse leer, soveel self-sensuur toegepas dat selfs die energie en gepaardgaande insigte wat natuurlik uit die stuk kon spruit, ook onderdruk is.

Aan die ander kant kan die feit dat die drama net "terg" en nooit deurbreek nie toegeskryf word aan die aanbieding in ses dele. Of miskien was sulke onopgelosdhede presies die skrywer se doelwit. Die Vader alleen weet.

In ieder geval IS dit goeie afleiding van sosio/politieke dogma.



Noise Khanyile - 'n wonderlike lawaai

# Kom nou BY met mbaqanga!

SHIFTY RECORDS bied vanaand en môreaand om 9 nm 'n mini-musiekfees aan by die Summit Club in Claimstraat, Hillbrow. En dit is die ideale geleentheid vir mense wat nog steeds sukkel om mbaqanga uit te spreek of die rykdom van ons musiek-erfenis tot dusver geïgnoreer het, om 'n bietjie by te kom. Die groepe wat optree is Tananas en Noise Khanyile en die Jo'burg City Stars.

Noise is een van ons grootse "onontdekte" sterre. Hy het sy loopbaan begin saam met baie van die ander bekende musikante wat die tradisionele Zoeloe-straatghitaartegnieke wat in die vyftigerjare ontstaan het en later deur Johnny Clegg en Sipho Mchunu in Juluka se musiek gepopulariseer is, bemeester het. Dis veterane soos Moses Mchunu, Uthwalofu (Nama Nkentshane - die Wildehonde), Amaphisi (die Hiënas), Gabriel Zulu en Themba Dlamini.

Noise het ook destyds opgetree met die Mbaqanga-koning, Mahlathini, en die Mahotella Queens (so genoem omdat hulle so baie getoer het en in hotelle moes woon). Mahlathini het die "groan" of "goat-voice" (diep manlike voorsang) op die Suid-Afrikaanse musiekkaart geplaas en hierdie styl oor die afgelope twee jaar wêreldberoemd gemaak. Moontlik sal Suid-Afrikaners nou uiteindelik hulle %@$$*! ore daarvoor spits.

Noise se uniekheid lê in die feit dat hy die viool nog as sy hoofinstrument in township-musiek gebruik, hoewel hy ook perfekte Zoeloe-ghitaar en mandolien speel. (Die viool het destyds uit Kaapstad na die mynvelde in Kimberley saam met die oppertuniste getrek waar dit deur swart arbeiders aangegryp is. Teen die jare vyftig het slegs 'n paar mbaqangiste soos Noise daarin "gespesialiseer" - hoewel die instrument steeds populêr was.)

Saam met Moses Mchunu is Noise een van die min township-musikante wat tussen al die dubbelspoed Zoeloe jive-deuntjies ook nog ballades kan voordra wat melankolies genoeg is om ou mans te laat huil terwyl hulle dans.

Noise en die Jo'burg City Stars se "Groovin Jive No1" (wat net jive-snitte bevat) en 'n nuwe langspeler (van verlede maand) wat uit 16 snitte van beide jive en tradisionele Zoeloe deuntjies is in Brittanje deur Globestyle Records uitgereik. Die nuutste, Art of Noise, is ook op CD en kasset beskikbaar.

Die Stars se ghitaarspeler is ewe tuis met jazz as met die tradisionele plukstyle. Die ongelooflike Steve Howells - van Cherry Faced Lurchers faam - sal moontlik vir hulle dromme speel, soos verlede week by Jamesons.

Die mees verruklike dans en agtersangbegeleiding in die wêreld in die Zomqashiyo-tradisie van die Queens, sal deur die drie-vrou koor, Namagugu Akwazulu, verskaf word. Siedaar!

Die Suid-Afrikaanse vrystelling van Noise Khanyile en die Stars se tradisionele langspeler vind Vrydag by die Summit Club plaas.

Tananas, wie se betowerende mengsel van verskillende Suid-Afrikaanse musiekstyle nie bekendstelling nodig behoort te hê nie, reik in September hulle nuwe langspeler uit en tree hierdie naweek saam met Noise en die Stars by die Summit Club op. In Tananas se spesifieke Crossover lê ons toekoms. Hulle behoort al wêreldbekend te wees. Gaan luister hierdie naweek as julle nog nie het nie.

**CHRIS DU PLESSIS**

# Amerika: Land van openhartigheid en vreemdsoortigheid



Daniel Day Lewis

**Stars and Bars. Met Daniel Day Lewis en Harry Dean Stanton. Regie: Pat O'Connor**

**ANDREA VINASSA**

STARS AND BARS is deel van my versameling kultusprente in dieselfde kategorie as Local Hero, Desperately Seeking Susan, Something Wild, Housekeeping, After Hours, Bagdad Cafe en Rikky and Pete.

Dis daai soort idiosinkratiese prent vol ongeloofbare karakters wat jy heelwaarskynlik agter elke bossie in die Suide van Amerika, die Australiese "outback", die Skotse platteland, kleindorpse Amerika en alternatiewe New York sal kan uitskop.

Die kêrel met die naam Rockets Redglare is een van die meer "normale" karakters.

Die Britse akteur en/of verkleurmannetjie wat 'n mens in A Room with a View en The Unbearable Lightness of Being gesien het, speel die sentrale karakter, 'n pieperige Engelsman wat besluit om die groot supermark, Amerika, aan te durf. Daniel Day Lewis is Henderson Dores, 'n kunskenner wat na New York emigreer. Een van sy opdragte is om 'n Renoir-skildery in die Suide van Amerika te gaan koop.

Die eienaar van die skildery is 'n eksentrieke ou man wat gespeel word deur Harry Dean Stanton. Dores se netjiese Engelse manier van dinge doen - dis nie dat hulle regtig jok nie, hulle is net te beskaafd en goed gemanierd om hul ware gevoelens te uit te druk - word die teiken van 'n groot geskeerdery.

Die regisseur, ook 'n Engelsman, geniet die gespot gate uit. Hy het vir Day Lewis die rol gegee omdat hy hom sien as 'n hedendaagse Charlie Chaplin. Hy is inderdaad.

Dores se ervaring van die kultuurskok word op 'n skreeusnaakse manier in Stars and Bars uitgebeeld, wat terselftertyd so byna-byna 'n huldeblyk aan die Amerikaners en hul openheid word.

After Dark
RESTAURANT
Queenstr. 80
Pretoria Sentraal
Tel: 325-6613
BIED AAN
TWEEDE suksesvolle week
THE DRIVEL AND THE SONG
met Elzabe Zietsman & Casper de Vries
tot Sondag 6 Augustus behalwe Vrydag 28/7 en Saterdag 5/8
Ingang: R10 p.p. (ete verpligtend)
Bespreek nou by:
(012) 325-6613
(012) 26-0724

Jameson's
56A COMMISSIONER ST. JHB
Vry, Sat Son Dins, Wo & Don
Robbie Jansen
Tel: 836-6002/838-1769

Ons verkoop die allerbeste inheemse handwerk en kuns
ZONA
Ons rare artikels is 'n fees vir die oog én die sak
Grantlaan 64, Norwood.
Tel: (011) 728-4154



# Twee lékker terte

SUURLEMOEN-meringue vind ek 'n oneetbare tert. Kondensmelk met 'n suurlemoengeur is doodeenvoudig te soet, al het hy 'n suur smakie by. Daardie soetsuur brand teen die mangels staan my nie aan nie.

Ek sê dus sonder skaamte: Ek het geen ambisie om ooit so 'n tert te bak nie. Dan bly ek eerder tertloos.

Vandag wil ek oor twee lékker terte skryf: 'n suurlemoentert wat nié met kondensmelk gemaak is nie, en 'n bruinsuikertert. Hulle het iets in gemeen: albei bevat room.

Ek het voorheen 'n reseppie vir 'n eenvoudige appeltert gegee, en gesê mens het nie fênsie tertpanne nodig nie. Maar as jy die buurt se bobaas-tertbakker wil word en die tannies van die ACVV, Oranje Vrouevereniging (OVV), VLU, en VLV wil uitstof, is dit die moeite werd om 'n paar rand aan tertpanne te bestee.

Daar is honderde tipes tertpanne op die mark. Vergeet maar van alles wat van glas gemaak is. Doen die moeite en soek vir jou 'n metaal-tertpan met 'n los bodem, sodat jy die tert in sy volle glorie kan tentoonstel deur die bodem op te druk en die rand te verwyder.

Jy kry tertpanne met geriffelde rande, wat vir jou 'n mooi tert gee. Die beste is egter 'n tertpan met 'n regop kant wat jy met een of ander hakie vas- en losmaak. Dit gee jou die geleentheid om die deeg bo die rand fyn knypies te gee voordat jy die res van die deeg afsny. Só moet 'n tert lyk.

Begin met een groot tertpan, ten minste tien duim (ek het in die ou dae grootgeword) in deursnit. Groot terte is mooier as kleintjies.

Ek het vantevore oor broskors geskryf en dié eenvoudige broskorsresep gegee. Jy kan dit ryker maak deur die botterverhouding op te skuif.

**500 g koekmeel**
**300 g botter (of meer)**
**'n eetlepel strooisuiker**
**2-3 eetlepels melk**

Haal die botter uit die yskas, laat 5 minute ontdooi en sny in klein blokkies. Vryf die botter tussen jou handpalms in die meel en strooisuiker in. Voeg 'n klein bietjie melk by wanneer dit soos fyn krummelpap lyk en bewerk liggies totdat dit net-net 'n stywe deeg vorm. Moet dit nie oorwerk nie.

Plaas 20 minute in die vrieskas en rol uit. Smeer die tertpan met botter. Laat die deeg oor jou koekroller hang en lig dit netjies oor die pan. Voer die pan netjies uit. As jy 'n pan met 'n riffelrand het, kan jy die koekroller oor die rand laat loop en die deeg netjies afsny.

As jy 'n pan met 'n gladde rand het, kan jy dit die knypies gee waarna ek verwys het. Prik die deeg oraloor met 'n vurk sodat die deeg nie blase vorm nie.

Bak die deeg nou blind (moenie skrik nie, jy het oë daarvoor nodig). Plaas kombuisfoelie bo-op die deeg en druk dit dat dit vorm van die deeg aanneem. Vul die tertpan met droë boontjies of klein stukkies skoon graniet om die deeg sy vorm te laat behou.

Bak nou tien minute lank teen 180 grade Celsius (350 grade Farhrenheit). Haal uit, verwyder die foelie en boontjies, en bak nog tien minute lank.

Vul met die vulsel en bak.

Die vulsel vir die suurlemoentert (dit is genoeg vir 'n groot en 'n klein tertjie - halveer as jy net een tert bak):

**4 suurlemoene**
**350g strooisuiker**
**9 eiers**
**300 ml dik room (verkieslik - bak effe langer as jy dun room gebruik)**
**nog 'n bietjie strooisuiker**

Was die suurlemoene, rasper die skil en druk die suurlemoene uit. Gooi die gerasperde skil in die sap.

Breek die eiers, voeg die suiker by en klop liggies met 'n draadklopper totdat die mengsel glad en goed gemeng is.

Gooi die room in die eiermengsel in en en klop liggies. Roer die suurlemoensap en skil in en gooi in die tertpan.

Bak 40 minute lank (indien die tert gou bruin word kan jy dit met foelie bedek). Haal uit, laat effe afkoel en sif strooisuiker deur 'n teesiffie oor die tert.

As jy eers dié suurlemoentert geëet het, sal jy nagmerries oor suurlemoen-meringue kry.

En wat drink jy saam met dié tert? Koffie? Tee? Nee, 'n effe soet wyn. Heerlik.

Die basis vir die bruinsuikertert is ook broskors. Die vulsel bestaan uit:

**200 g sagte bruinsuiker**
**50 g verpoeierde amandels (amandels raak nou vrek duur)**
**50 g botter**
**2 eetlepels dik room (verkieslik)**
**2 eiergele**

Meng die suiker, verpoeierde amandels, botter en room in 'n kastrol. Smelt hierdie bestanddele liggies teen lae hitte. (Moet dit nie heeltemal smelt nie).

Verwyder van die stoof, en roer die twee eiergele in. Die eiergele help om die mengsel te laat rys: gebruik vars eiers.

Smeer die vulsel nou vinnig op die tertdop en bak 20 minute lank in 'n voorverhitte oond teen 175 grade Celsius (350 grade Fahrenheit). Bedien warm.

Die tert smaak baie anders as bruinsuiker. Die hitte en ander bestanddele het iets totaal anders daarvan gemaak.

Moenie skrik as hierdie tert nie baie hoog rys nie (is jou eiers vars?) Dis ook lekker as dit effe dig is. Bedien altwee terte warm. Dit kan ook herverhit of koud geëet word. Bedien die bruinsuikertert met 'n bietjie room, maar dis werklik nie nodig by die suurlemoentert nie. Dit is twee heerlike terte.

KOOS COETZEE

# *Wildeals - in jou neus en jou sandale*

IN Lesotho het ons op 'n klomp kinders afgekom met gerolde wildealsblare in hul neusgate. Hulle het nie 'n speletjie gespeel nie, hulle het verkoue gehad. Die sterk, balsemagtige reuk van dié inheemse krui vervul dieselfde rol as ons hedendaagse Vicks.

Die Zoeloes gebruik die krui as bloed- en velreiniger.

Volgens oorlewering het die Israeliete tydens die uittog uit Egipte wildealsblare in hul sandale gedra om sweterige voete teë te werk.

Die wildeals is miskien nie so nuttig in die kombuis nie, maar as huisdokter in die tuin - en in die neusgate en sandale - het dit min gelyke.

'n Tee van die blare en met heuning versoet is baie doeltreffend in die behandeling van borskwale en keelaandoenings. 'n Sterk treksel in die oor kan oorpyn verlig, of in die mond gehou word om tandpyn te verdryf. 'n Verdere deug van die krui is dat dit as tonikum vir senuwee- en maagaandoenings kan dien. Verder stimuleer dit die eetlus en help die galblaas en lewer so 'n bietjie aan.

Wees egter versigtig vir groot, gekonsentreerde dosisse: dit kan die senuweestelsel aantas, hallusinasies veroorsaak (pas op) en in uitsonderlike gevalle selfs verlamming meebring. Swanger vroue moet die krui liefs vermy.

'n Brousel wat gerus op die proef gestel kan word, is 'n mengsel van brandewyn, heuning, tiemie, gemmer, roosmaryn, mint en wildeals. 'n Slukkie af en toe behoort die keel geolie en die maag gesond te hou.

Wildealstakkies in die klerekas hou alle ongewenste insekte uit en 'n treksel van die krui kan selfs in die blomtuin gebruik word om slakke en plantluise die nekslag toe te dien. Die krui groei baie maklik en is 'n aanwins vir enige tuin.

RYK HATTINGH

Krui vir jou...



*Artemisia affra*

# Ons port verbeter by die dag

BJ LANKWARDEN

DIT lyk of die verkope van port nou besig is om te styg nadat verkope oor die afgelope paar jaar gedaal het.

Dit is 'n goeie ding omdat port 'n lieflike wyn is en ook 'n voortreflike naam het.

Aangesien ingevoerde port uit Portugal bobelasting van 60 persent daarop het, het plaaslike port nou 'n voordeel.

Die boere het vinnig opgetree en die pryse van plaaslike port het oor die afgelope jaar skerp gestyg.

Toegegee, dit is oesjaarport waarvan ek praat. Maar die wynjaarregulasies is hier nie so streng soos in Portugal nie.

Dáár moet oesjaarport gebottel word binne drie jaar nadat dit gemaak is en dit word gewoonlik na twee jaar gedoen.

Natuurlik het so 'n port 'n sediment in die bottel wanneer dit verouder.

Die sediment is goed vir die wyn en as die port op hierdie sediment gehou word, ontwikkel dit in 'n klassieke rooiwyn.

Port is 'n ou drank, in sy huidige vorm ten minste 200 jaar oud.

Die Engelse het dit beroemd gemaak, maar die Franse is vandag die grootste verbruikers.

Dit is merkwaardig omdat die Franse dit nie na ete drink nie maar as 'n lusmakertjie voor ete.

'n Glas wit port is veral lekker yskoud. 'n Glas koel muskadel is ook lekker voor ete.

Dit is die gewoonte hier op militêre funksies en amptelike dinees om 'n wynkraffie met port aan te gee.

Jy moet eerder die wyn uit die bottel skink en die bottel op die tafel los. Die kanse is goed dat jy die bottel nie sal terugsit nie.

Daar is 'n ou spreekwoord wat sê dit is port se plig om rooi te wees.

Dié reël word vandag nie meer streng toegepas nie: die porthandelaars se gunsteling is vandag "tawny" (bruin) port. 'n Tawny is 'n rooi port wat lank in hout verouder is - daarom verander die kleur van rooi in bleekrooi of bleekbruin.

Hierdie port word so lank as 10, 20, 30 of selfs 40 jaar in hout gehou en is baie duur. Jy kan natuurlik wit en rooi port meng om dit 'n bruin kleur te gee, maar as die prys van so 'n port onder R20 'n bottel is, is die kanse goed dat dit slenterport is.

Portugese port is duur maar van 'n hoë gehalte. Die gehalte van plaaslike port styg ook. Monis is een van die reekse wat jaar na jaar aansienlik meer verkoop, en hulle verdien dit.

Omtrent 'n maand gelede het hulle 1961 Collectors Port vrygestel met artilleriestukke van die Anglo-Boere-oorlog op die etikette.

Daar is ses etikette, maar dit sal moeilik wees om hulle almal te versamel aangesien net 460 kiste vrygestel is. Dit is die laaste port van 1961, wat 'n uitstekende wynjaar was.

As jy nie 'n bottel oesjaarport kan kry nie, is daar altyd Monis Very Old Port wat uitstekend is en goeie waarde vir geld is.

Hierdie wyn het 'n ferm ryk smaak, en as jy in ag neem dat dit 'n versnit is van port wat tussen 10 en 15 jaar oud is, kan jy verstaan waarom sy gewildheid so toeneem.




**'n Uitstekende port van Monis. Hulle 1961-portreeks is onlangs bekend gestel.**

HARRIDANS RESTAURANT
JANET TELIAN
JACQUI CRAIG
By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960

THE COMPANY
Vegetariese en seekos-restaurant
Oop elke dag behalwe Maandae
11vm - 3.30nm en 6.30nm - 12.30
Rockeystraat 9a
Bellevue
648-0801
THE COMPANY IS SO LEKKER

ONTHOU
Koala Blu Restaurant
is elke middag en aand oop
482-2477/8
Ons bedien besondere kos uit Suidoos-Asië



# Sluit aan by die teater van Maharg - dis skadeloos

**CHRIS DU PLESSIS het onlangs op Grahamstad per toeval by 'n deur ingeduik om die chaos van die Kunstefees (wat nou al erger as die Randse Paasskou geword het) te ontsnap... en 'n nuwe wêreld ontdek**





Graham en sy alter-ego Maharg lyk al te veel op mekaar.

WANNEER 'n mens na nege dae van die Oos-Kaapse Disneyland van die Kunste skielik met Hillary Graham se werk gekonfronteer word, voel jy soos iemand wat vroegoggend deur 'n vriend uit 'n lawaaierige nagklub die stad in gesleep word. Die chaotiese "feestelikhede" daar buite raak vergete terwyl jy geleidelik in 'n ander - ewe chaotiese, maar tog vriendeliker - wêreld verdwaal.

Op 'n afstand lyk die werk Breughel-agtig. Groot, met vrolike feodale figure in antieke rame. Net donkerder...

Maar hoe nader 'n mens kom, hoe duideliker word dit die Oos-Kaap (spesifiek die Tyume Vallei waar Thomas Baines ook geskilder het), Suid-Afrika, Afrika... en hoe makliker kan die figure herken word as inboorlinge van hierdie kontinent. 'n Klein Akropolis op die heuwel word skielik 'n tipiese plaaspondok...

Hillary Graham het dit reggekry om perfekte kruiskulturele werk te produseer. Sonder stereotipe "curio"-ontwerpies of ander pretensieuse etniese truuks. En daar is geen duidelike skeidslyn tussen die twee kulture - Afrika en Europa - in Hillary se werk nie.

"Die afgelope paar jaar se gepraat oor 'Images of Transition' en die kulturele kruisbestuiwing in kuns is sommer snert," sê Graham egter nadat ek myself aan hom voorgestel het. "Die wit elite kan nie uit 'n verhewe posisie kontak maak met primitiewe swart kuns nie. Dit help swart kunstenaars net van die wal in die sloot. Daar is 'n etniese wanbalans in so 'n situasie."

Hillary glo jy kan slegs kulturele kontak maak nadat jy op 'n gelyke MENSLIKE vlak kontak gemaak het.

Hy word skielik ondeund en geheimsinnig: "Mens kan slegs ware kontak maak deur middel van die imbongi (die digter) in mense."

Baie van sy konsepte en sy werk is geïnspireer deur die Xhosa imbongi's of prysdigters. En spesifiek deur die geskiedkundige geskrifte van Mqhayi, die imbongi wat aan die begin van die eeu voor Prins Edward opgetree het en later as Imbongi Yesizwe - Nasionale Digter - vereer is.

Hy het 'n ruk gelede 'n reeks geskilder wat gegrond is op Mqhayi se weergawe van die dood van Hintsa, die destydse opperhoof van die Xhosa. Volgens Mqhayi is Hintsa en sy mense soos gevangenes behandel deur Sir Harry Smith ná 'n veediefstalonderonsie waarin Smith Hintsa se hulp gevra het. Toe Hintsa probeer wegbeweeg van die Britse kamp is hy deur Smith self in die rug en been geskiet. Hintsa het in die rivier geval en is deur 'n ander Brit, Southey, in die kop geskiet voordat sy ore afgesny is. Hintsa se ore is triomfantlik na Grahamstad gedra.

Dit is blykbaar ook dié insident wat tot die terugroeping van die destydse Goewerneur, Benjamin D'Urban gelei het. "Southey se nasate bly nog hier..." glimlag Graham sinies terwyl hy sy hand in die rigting van die dorp swaai. Sy reeks skilderye oor die storie het hy "The Ears of Hintsa" gedoop.

Dan wys hy na 'n figuur in een van die swart en wit afdrukke in 'n ander reeks van vier. "Dit is Hintsa se sluipmoordenaar," sê hy half trots. Die figuur is 'n deurlopende simbool in sy werk. "Alle bekende mense het 'n versteekte sluipmoordenaar."

Maar in dié skets is die moordenaar se geweer gerig op Maharg.

Maharg, letterlik Graham agteruit gespel, is Hillary se alter-ego en sy sleutel tot die werklikheid: "Om in die regte lewe te kan rondbeweeg het mens 'n voertuig nodig - ek het lank na een gesoek en toe vir Maharg gekry," verduidelik hy.

Maharg kom oral in sy werke voor. Hy ry rond in 'n opgewarmde kruiwa, 'n ANONTUR NEVES, en dra 'n vleismes vir beskerming. "Alle helde het beskerming nodig," verduidelik Hillary voor hy sê: "As iemand vir my 'n slegte krit gee sit ek Maharg op hom". Maharg is ook baie akkuraat - geblinddoek - met drie-puntige veerpyltjies.

Maharg reis oral met 'n opblaas-bobbejaan, BOSSE-de-NAGE, wat geseën is met SAWAGTAW: 'n fatale maar "Sweet and Aromatic Wine and Garlic Tainted Anal Wind".



'n Paar Mahargiste en ander mense by Port Elizabeth se brandende stadsaal in 1981.

Maharg lyk al te veel na sy skepper en Graham praat soms (onbewustelik?) van hom in die eerste persoon.

Hoe meer hILLARY praat en hoe dieper mens na die werk kyk, hoe verder raak jy verlore in die Tolkien-agtige wêreld (hy woon op Hogsback - waar The Hobbit se skrywer sy inspirasie gekry het) van patafisika (Maharg/Graham se persoonlike filosofie) en die Mahargiese teater.

Die Mahargiese teater en sy karakters beweeg soos Batiss se Fook-fantasie al jare lank deur sy skilderye.

CLOTTED GARTER U-RYNE is nog een van Maharg se persoonlike metgeselle. 'n Gloeiende, buustige vrou met Renaissancewulpsheid wat bars van seksualiteit bo-op haar lewensvoertuig: 'n menslike Centaur (twee mans wat as perd dien). En dan is daar BLUE BELLY BONES, half-Samurai, half-slet met sy onderlyf slegs in hoë hakke, sykouse en kousgespes geklee. "Maharg het hom (Blue Belly) eenkeer na Hogsback gestuur sodat ek 'n portret van hom kon maak," vertel Hillary.

Die Sigeuneragtige Mahargiese karakters lyk soos strokieskarakters (Asterix?) Hulle oorskry gedurig die grense tussen die kontemporêre en die klassieke, die realiteit en die fantasie (Charlie Parker en Benny Goodman speel albei byvoorbeeld in die Maharg-orkes).

"Die wêreld is soos 'n teater," se Hillary. "Ek stel belang in die burleske. Waar MENSE dinge doen. Daar is geen Gode in my werk nie."

Die donker lyne en duistere atmosfeer van sy werk is 'n invloed van die Oos-Kaapse Bradshaw-skool (bekend vir sy swaar, abstrakte landskappe) én die Spaanse skilders ("Ek is tog 'n witman met Westerse, Europese agtergrond").

Hillary gee kunsklas aan die universiteit van Fort Hare, maar beskryf homself as: "Amptelike hofskilder vir Maharg - Patafisikus, Koning van Konings".

Die satire, die komieklike karikature en die donkerder, bissarre elemente herinner sterk aan Goya, wie se ondeundheid as hofskilder ook nie deur swartgalligheid OORHEERS is nie.

Daar is ongelooflike beweging en 'n geweldige losheid in Hillary se werk. (Mens VOEL dit in die warboel van plukkers in 'n sitrusboord, die lewensdans van die Mahargiste...). Terselftertyd is daar ook die orde, en die bonkigheid van Picasso. So dit is nie altyd MOOI nie.

Maar hier haal Hillary die skepper van Kubisme aan: "Skilderye is nie gemaak om te versier nie. Hulle is instrumente van oorlog teen chaos."

**Vries raampie (die eerste aflewering van DAAN DE BEER se nuwe video-rubriek)**

# Film is fascisties

LAAT ek nou maar as video-resensent oop kaarte speel: film is fascisties.

Die verskil tussen fliek en video is mag. Fliek beheer jou. Dit wys net by sekere plekke op spesifieke tye, of jy daar is of nie. Jy't geen beheer oor die toerusting nie, dis onsigbaar. Die beelde is meer as lewensgroot. Hulle is in staat om selfs van iemand se neus 'n skouspel te maak - en hulle sluk jou in.

Kyk liewers video. As die beelde te erg raak, sit ek 'n groot foto van my Ouma in haar ou Voortrekker-kappie bo op die kassie. Dan lyk die beeld onder haar maar baie pieperig en skaam. Ouma is enige man se Moses, selfs De Mille en sy Ten Commandments s'n.

Video is beheerbaar. Nes by boeklees kan jy self besluit wanneer jy wil begin en eindig. Of vinnig vorentoe en vries raampie. Ek vries raampie op die sexy dele, en wanneer daar iets is wat spat; soos iemand se kop wat ontplof. Die sensors sny die beste stukkies uit maar ek vergoed daarvoor met my vries raampie, verleng 'n bietjie wat oorbly van die ecstasy en die agony wat hulle verkort.

Die SAUK-mense vertel ons die TV-stel is 'n gas wat kom kuier. Ja. Maar 'n vervelige gas, wat nooit vloek nie, elke Sondag kerk toe gaan en die oë wegdraai van sekere dinge. Dis mos hoe ek as kind moes optree.

Die TV is ook 'n gas wat dink ek is 'n Nasionalis, veral wanneer hy nuus het. Hy praat eindeloos oor alles waarin die Nasionaliste belangstel, haat dieselfde dinge en mense as hulle en swyg oor die res. Dis miskien onkunde. Of dalk goeie maniere: hy weet dalk waar dit jeuk, maar hy mag nie krap nie - ten minste, nie in iemand anders se geselskap nie.

Sit dit af, kyk liewers video. Ek kyk baie video. As dit 'n goeie video is, maak ek maar min koffie, want ek wil nie kombuis toe stap en iets mis nie.

Maar 'n video-resensent moet video's resenseer, né? Dus moet ek erken ek het baie koffie gemaak tydens Little Nikita, wat nuut is op die video-rakke.

Dis 'n Rooi Gevaar-prent: 'n jong seun ontdek sy ouers is Kommuniste. 'n Swart speurder moet die saak ondersoek. Kommuniste en swartes saam in een prent!

Maar die eintlike rede hoekom ek baie koffie gemaak het is omdat ek nie 'n jong seun so aanhoudend wou sien huil nie, veral aangesien River Phoenix dit so onoortuigend doen.

Ook nuut is For Keeps. Molly Ringwald, wat altyd so pragtig in pienk was, gaan deur die volle katastrofe, soos Zorba die Griek sou sê. Sy verloor haar maagdelikheid, raak swanger en trou - dit is mos die oorgangsrites vir vroue in Hollywood prente. (Mans moet iemand doodskiet.) Dis 'n video vir 'n biersuipery want die karakters lyk laerklas.

She was Marked for Murder is, daarenteen, 'n video wat vra om 'n stywe dop. 'n Ryk ouer vrou (Stefanie Powers) raak verlief op die jong breker Hunt Block. Die gespierde vent is agter haar geld aan. Uiters amateuragtig.

Ek't ook nuus vir die Amerikaanse skrywer Jerome Charyn wat Madonna die "rou pret" van New York genoem het, 'n kind van die stedelike rommel. Sy woon nou in Los Angeles. Haar klere bly rommel: vuil T-hemde, afgesnyde denims, baie krale en armbande. Maar sy doen inkopies by baie lanie plekke.

Sy's 'n tekstuele kontradiksie: die liggaam is arbeidersklas, die bankbalans opgestop-kapitalisties. Eintlik probeer ek sê ek hou meer van Cyndi Lauper. Sy's 'n beter aktrise en haar kleredrag is basies net verflenterde kitsch.

Sy lyk nes 'n vriendelike papegaai wat net mooi inpas by haar prent Vibes, tropiese, eksotiese gebrabbel oor Indiaanse skatkiste.

Dit het by die loket geflop. Maar fliekgangers, soos almal weet, het g'n smaak nie.

# MUSIEK

**Jameson's Bar**, Commissionerstraat: Een van die laaste buiteposte van "live 'n local" musiek. Wye verskeidenheid van mbaqanga tot rock. Jazz saam met Saterdagmiddagete; geen toegangsgeld. Briljante Kaapstadse mbaqanga/klopse jazz- veteraan Robbie Jansen speel vanaand, Saterdag en Sondagaand en dan weer die heelweek volgende week tot Donderdag. Maandag is die plek toe.

## Kyk uit vir krulkop op die sax

**Base:** Vanaand, Saterdag- en Sondagaand is dit Wired to the Floor met 'n baie selfbewuste krulkop sax-speler iewers in die voorgrond. Woensdagaand is lewendige reggae.
**Tatler's**, Silversands, Seepunt: Rumours speel vanaand en Saterdagaand. Sondagaand is Jeff Weiner en Mainstream aan die beurt. Rumours tree weer Woensdag- en Donderdagaand op.
**Arties Cellar Pub**, Riebeeckstraat 34: Verskeie jazz-groepe tree elke Saterdagmiddag tussen 2 en 6 hier op.

**Koala Blu**, Melville: Jazz elke Sondag in die binnehof aangebied deur die Transvaalse Jazzklub.

**Roxy Rhythm Bar**, Mainstraat, Melville: Vanaand: Die fantastiese African Jazz Pioneers is terug uit die buiteland. Saterdag: Jack's Band. Maandag: Wendy Oldfield. Dinsdag: Little Sister. Woensdag: Rush Hour. Donderdag: The Jive.

**Kippies**, Markteater, Newtown: Township-jazz se voorstedelike tuiste. Tsidii Leloka sing elke aand tot 13 Augustus.

**Harbour Cafe:** Rockeystraat. Net om te RELAX met ander leep-oog pseudo-intellektueles.. Goeie kos. Swak bediening. Nice ou en nuwe musiek. Beste laatnagplek in die dorp.

**The Junction**, h/v Breë- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave met 'n aparte vertrek vir "live" groepe, 'n daktuin en video en pool-kamer. Welkome afleiding van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior en Neil Johnson is soms op Saterdagaande die platejoggies. Aanbeveel vir denkende jollers.

**The Thunderdome**, h/v Claim- en Noordstraat: "Mega"-disko, kroeë en groepe. Baie spieëls en hoë hakke. Oop van Dinsdae tot Saterdae.

**Rumours**, Rockeystraat: 'n Tipiese Rockeystraatse laataand-"joint" vir mense wat soms werk en van jazz hou.

**Late Nite Duke's**, Melville: Laatnag-alternatief vir middelstedelinge. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.

**Club Manzattan**, Moletsane, Soweto: Hoër-inkomstegroep disko. Oop van 11 nm. Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Alle soorte musiek.

**Idols**, bokant van Endstraat: Yuppie-paradys! Lang toue van baie entoesiastiese jollers buite. Almal irriterend mooi.

**King of Clubs**, h/v Marken Von Wiellighstraat: Hi-NRG gemors op boonste verdieping op Woensdae, Donderdae, Vrydae, Saterdae en Sondae. Disko-mbaqanga op die onderste verdieping.

**Blues**, Marshallstraat 165: Wesens van die noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35) se uithangplek. Disko-musiek, flitsende ligte, spieëls, mense met grimering... daai soort van ding.

# TEATER

Malcolm Purkey en die Junction Avenue Theatre se werkswinkelproduksie **Tooth and Nail** is in die Mark se Laagerteater te sien tot 9 September.

Pieter Toerien bied: **We and Them** - die storie van die hertogin van Windsor, gespeel deur Lena Farugia, by die Leonard Rayne-teater. Ook met Chris Weare. **Blithe Spirit** met Sandra Duncan, Vanessa Cooke en Paddy Canavan by die Alhambra-teater en **Beyond Reasonable Doubt**, André Huguenet-teater, Hillbrow: **Who Goes Bare** met Errol Hart, Eleni Cousins en Malcolm Terrey duur tot 5 Augustus.

**My Children! My Africa!** die kontroversiele nuwe Fugard-stuk. As redelik polities naief en te lank gekritiseer maar vat 'n meer roerende pas in die tweede helfte. Hoofteater, Markteater, Newtown. Met John Kani, Kathy Jo Ross en Rapulan Seiphemo.

**Elsabé Zietsman en Casper de Vries** tree op by After Dark in Queenstraat, Pretoria. Tot 6 Augustus.

**Inyanga Women of Africa** by die Markteater se Warehouse. Vier vroue met Jennifer Ferguson as die honkie harmoniseer oor ons kontinent. Goeie stemme, goeie komposisies, goeie musikante. Tot 3 September.

Black Sun: (Louis Bothalaan - Orange Grove). Susan Pam se **Curl Up and Dye** is terug! Met Val Donald-Bell, Lilian Dube, Nandi Myembe, Sue Pam en Debra Watson. Daagliks om 8.15 en Saterdag en Sondag om 5.30 en 8.30. **Puppet in a Bell Jar** met Isabel Smit, Anandre Stapelberg en Annecke Campbell is elke Dinsdag, Donderdag en Saterdag om 10.30.

**In a Different Light** deur Reza de Wet is in die Markteater se Upstairs. Tot 12 Augustus.

**Blonde Sisters** by Windybrow se Dalro-teater. Met Judy Broderick, Sue Marshall, Barbara Puren, Mandy Kunene en Brian Schimmel op die klavier.

## KAAPSTAD

Baxter-teater, Mainstraat: **"Buckingham Palace" - District Six** van wyle Richard Rive duur tot 29 Julie. Die Osprey-filmfees is dan aan die beurt, tot Saterdag 5 Augustus. Stagedoor: **A Room with a Review** is verleng tot 12 Augustus. In die Studio is dit Pieter-Dirk Uys se **Just Like Home** tot 5 Augustus.

Nico Malan, Strandgebied: In die Teater is Shakespeare se bloedige **Macbeth**, oorgeskryf deur Heiner Müller en onder regie van Marthinus Basson, te sien. Tot 12 Augustus. Paul Slabolepszy se Grahamstad-treffer **Smallholding** word in die Arena opgevoer. Tot 19 Augustus.

Theatre on the Bay, Kampsbaai: **A Trinity of Two**, 'n toneelstuk oor Oscar Wilde, duur tot 5 Augustus. Met Michael Atkinson en Neville Thomas.

# GALERYE

Kuns uit Venda is tot 19 Augustus te sien by die **Sanderling-galery** in die Smalstraatkompleks.

**Johannesburgse Kunsmuseum**, Joubertpark, Kleinstraat: Beelde: Images in Wood. Duur tot 13 Augustus.

**Kim Sacks-galery**, Cavendishstraat, Bellevue: klere, krale- en handwerk uit Botswana. Kuns van die San, Herero en Mbukushu.

**Markteater, Newtown:** Foto-uitstalling van Peter Magubane genaamd Child Labour in Soweto. Tot 5 Augustus. Hoogs aanbeveel.

**Gallery on the Market**, Newtown: Uitstalling genaamd Animals. Sluit werk van talle bekende plaaslike kunstenaars in. Tot 26 Julie. Steven Cohen se uitstalling Living Room begin 30 Julie en duur tot 23 Augustus.

**Galery 21: Izak de Villiers** se uitstalling van skilderye en etswerke duur tot 5 Augustus.

**KAAPSTAD**

**Baxter-kunsgalery:** Groepsuitstalling van kuns en fotografie genaamd Hanover Street - oor Distrik Ses. Tot 29 Julie. From the Centre is 'n nuwe uitstalling van drukwerke op papier en materiaal deur Philipa de Beer. Van 2 tot 26 Augustus. Nuwe tel: 685-7880.

**Gallery 709**, Adderleystraat: Robin Mann, Pieter van der Westhuizen, Naama Nothmann, Ann Linsell-Stewart, Lukas van Vuuren en andere. Beeldhouwerke deur Eduardo Villa en David Brown. Ook bekende internasionale kunstenaars.

**Cape Gallery**, Kerkstraat 60: Galeryversameling van onder andere Ruth Squibb, Nico Verboom en Douglas Treasure.

**Kunskamer**, Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier.

**Gallery International**, St Georges-sentrum: Etswerke deur John Clarke.


NU METRO THEATRES PRETORIA
Now Showing 28 July - 3 August

OSCAR 341-7682 Jeppe Street, Sunnyside
INDIANA JONES and the LAST CRUSADE — Action Adventure (A) Harrison Ford, Sean Connery DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

METRO 44-9867 Esselen Street, Sunnyside
THE 'BURBS — Comedy (A) Tom Hanks, Carrie Fisher DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VILLAGE 44-6096
1 Nowhere To Hide — Action (2-16) Amy Madigan, Michael Ironside DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 The Princess Bride — A Comic Tale of Love and Adventure (A) Mandy Patinkin, Chris Sarandon DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 JULY 31 & AUGUST 2 9.45 a.m. SOLD OUT

MENLYNPARK 47-4568/348-8611 Atterbury Rd., Menlyn Park
1 INDIANA JONES and the LAST CRUSADE — Action Adventure (A) Harrison Ford, Sean Connery DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 TIMOTHY DALTON as IAN FLEMING'S JAMES BOND 007 Licence To Kill (PG 2-10) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
3 Police Academy 6 — A Riotous Comedy (A) Bubba Smith, Michael Winslow DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 KINJITE FORBIDDEN SUBJECTS — Crime Thriller (2-18) Charles Bronson, Perry Lopez MON-SAT 6.00, 8.30
150 Tough Guys Don't Dance — Thriller (2-18) Ryan O'Neal, Isabella Rosselini MON-SAT 6.00, 8.30

BOOK AT COMPUTICKET



NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 28 JULY-3 AUGUST BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO CITY 1-8 CLAIM STREET 337-3033
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PLAIN CLOTHES Arliss Howard, Diane Ladd (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE PRINCESS BRIDE Mandy Patinkin, Chris Sarandon (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WHEN I FALL IN LOVE Timothy Hutton, Dennis Quaid (2-16) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LAST RITES Tom Berenger, Daphne Zuniga (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
TEQUILA SUNRISE Mel Gibson, Michelle Pfeiffer (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
POLICE ACADEMY 6 Bubba Smith, Michael Winslow (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MARKET ST. METRO 29-8493
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

HYDE PARK METRO 447-3091
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BALFOUR PARK METRO 887-8548
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

ALBERTON METRO 907-2362
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

LEBA KLERKSDORP (018) 24564
MOON WALKER Michael Jackson, Sean Lennon (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LICENCE TO KILL Timothy Dalton as James Bond (PG 2-10) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SPLIT DECISIONS Gene Hackman (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 KINJITE Charles Bronson, Perry Lopez (2-16) MON-SAT 6.00, 8.30
150 TOUGH GUYS DON'T DANCE Ryan O'Neal, Isabella Rossellini (2-18) MON-SAT 6.00, 8.30

HILLBROW METRO 724-2511 1-7
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WHEN I FALL IN LOVE Timothy Hutton, Dennis Quaid (2-16) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LAST RITES Tom Berenger, Daphne Zuniga (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE PRINCESS BRIDE Mandy Patinkin, Chris Sarandon (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
POLICE ACADEMY 6 Bubba Smith, Michael Winslow (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PLAIN CLOTHES Arliss Howard, Diane Ladd (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BEDFORDVIEW METRO 616-6828 1-6
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
POLICE ACADEMY 6 Bubba Smith, Michael Winslow (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WHEN I FALL IN LOVE Timothy Hutton, Dennis Quaid (2-16) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PLAIN CLOTHES Arliss Howard, Diane Ladd (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LAST RITES Tom Berenger, Daphne Zuniga (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

RANDBURG METRO 787-0340
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

7 ARTS NORWOOD 483-1680
MY NEW PARTNER The French 'Beverly Hills Cop' (2-14) DAILY 2.15, 5.30, 7.45, 10.00

SHARE THEATRES 835-1704 1-8 BARAGWANATH RD.
INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE Harrison Ford, Sean Connery (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
LICENCE TO KILL Timothy Dalton as James Bond (PG 2-10) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE 'BURBS Tom Hanks, Carrie Fisher (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THREE FUGITIVES Nick Nolte, Martin Short (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
MOONWALKER Michael Jackson, Sean Lennon (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
RIDING THE EDGE Raphael Sbarge, Catherine Mary Stewart (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SOUL OF BLACK CHARLIE Fred Williams, Dennis Nicolas (2-12) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WHEN I FALL IN LOVE Timothy Hutton, Dennis Quaid (2-16) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MEGACITY METRO MMABATHO (0140) 2-3553
LICENCE TO KILL Timothy Dalton as James Bond (PG 2-10) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
RIDING THE EDGE Raphael Sbarge, Catherine Mary Stewart (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
A CRY IN THE DARK Meryl Streep, Sam Neill (2-14) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
MOON WALKER Michael Jackson, Sean Lennon (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

CINESUN MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING: Gene Hackman MISSISSIPPI BURNING Drama (2-18)



Kaapstad
NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 28 July-3 August

STUTTAFORDS METRO 26-1818 TOWN SQUARE
1 INDIANA JONES and the LAST CRUSADE Action Adventure (A) Harrison Ford, Sean Connery DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 THE 'BURBS Comedy (A) Tom Hanks, Carrie Fisher DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 The Princess Bride Romantic Comedy (A) Mandy Patinkin, Chris Sarandon DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

FISH HOEK METRO 82-2404 TOWN SQUARE, MAIN STREET
1 THE 'BURBS Comedy (A) Tom Hanks, Carrie Fisher DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 Three Fugitives Comedy (A) Nick Nolte, Martin Short DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 INDIANA JONES and the LAST CRUSADE Action Adventure (A) Harrison Ford, Sean Connery DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

SEA POINT METRO 44-7951 MAIN ROAD
1 INDIANA JONES and the LAST CRUSADE Action Adventure (A) Harrison Ford, Sean Connery DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 THE 'BURBS Comedy (A) Tom Hanks, Carrie Fisher DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 Call Me Sex Thriller (2-18) Patricia Charbonneau, Stephen McHattie DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 MOON WALKER Musical (A) Michael Jackson, Sean Lennon DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BRACKENFELL METRO 901-8100 CHECKERS WAREHOUSE CENTRE
1 INDIANA JONES and the LAST CRUSADE Action Adventure (A) Harrison Ford, Sean Connery DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 THE 'BURBS Comedy (A) Tom Hanks, Carrie Fisher DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 Three Fugitives Comedy (A) Nick Nolte, Martin Short DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 Call Me Sex Thriller (2-18) Patricia Charbonneau, Stephen McHattie DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

OSCAR Adderley St. 45-2585
Call Me Sex Thriller (2-18) Patricia Charbonneau, Stephen McHattie DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

MITCHELL'S PLAIN 32-2040
1 LOST BOYS Thriller (2-18) Kiefer Sutherland, Corey Haim PLUS POLICE ACADEMY 6 A Riotous Comedy (A) Bubba Smith, Michael Winslow MON-FRI 9.30, 2.00, 7.30 SAT 11.00, 3.30, 8.00
2 Time Of Destiny Drama (2-14) William Hurt, Timothy Hutton PLUS BAT 21 Action (2-16) Gene Hackman MON-FRI 9.30, 2.00, 7.30 SAT 11.00, 3.30, 8.00

RONDEBOSCH METRO 685-4569
INDIANA JONES and the LAST CRUSADE Action Adventure (A) Harrison Ford, Sean Connery DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN

# FILMS

*** Sterk aanbeveel
** Sien gerus
*Vermy as jy nugter is
Prente sonder sterretjies is nog nie beoordeel nie

***/*BAGDAD CAFE - 'n Verfrissende, fabelagtige moderne mite met genoeg straatmeriete en komiese oomblikke om die mees rebelse punk 'n traan te laat wegpink. Met Jack Palance en Marianne Sägebrecht.

***MY NEW PARTNER - 'n Komedie met Philippe Noiret en Thierry L'Hermitte. 'n Film deur Claude Zidi.

***THREE FUGITIVES - Die storie van 'n bankrower op parool wat deur 'n ander (patetiese) bankrower aangehou word. Die polisie wil hom nie glo dat hy hierdie keer die onskuldige is nie. Met Nick Nolte, Martin Short en Sarah Rowland Doroff as die ses-jarige introverte meisietjie wat hulle avonture meemaak.

***1969 - Die Viëtnam-oorlog is alweer 'n tema in hierdie soetsappige (dieselfde regisseur as On Golden Pond) weergawe van hoe die Hippie-era 'n klein Amerikaanse dorpie tref. Dit draai dié keer om twee kollege-vriende (Kiefer Sutherland en Robert Downey Jr).

***INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE - Harrison Ford is vir die derde keer terug met sy Pa (Sean Connery) en die pragtige Allison Doody as 'n kunshistorikus. Die prent begin met Indiana as jong seun (gespeel deur River Phoenix) en eindig met 'n geestelike ontwaking tydens 'n soektog na niks minder as die Heilige Graal nie.

***RIKKIE AND PETE - 'n Broer en suster-span (Stephen Kearney en Nina Laudis) ontvlug na die Australiese platteland. Briljante "off-beat" Australiaanse komedie.

***DANGEROUS LIASONS - 'n Briljante rolprent. Glenn Close, Michelle Pfeiffer en die wonderlike John Malkovich lewer uitstekende vertonings in die rolprent waarin seksuele en emosionele speletjies tot tragedie lei.

***MISSISSIPPI BURNING - Drie jong menseregte-aktiviste word gedurende die "Freedom Summer" van 1964 in Neshoba Country deur verregses vermoor. William Dafoe speel die rol van die liberaal Ward wat die CIA moordondersoek lei. Gene Hackman is Anderson, Ward se regterhand wat tradisionele sekuriteitstruuks gebruik om die Klan-lede wat die moord gepleeg het, vas te trek.

**TAP - Die verhaal van 'n klopdanser wat na sy tronkstraf nie kan besluit oor sy toekoms nie. Met Gregory Hines (White Nights) en Suzanne Douglas.

**LICENCE TO KILL - James Bond word "gefire" en hy is vol wraakgedagtes. Ongelooflike waagtoertjies. Met Timothy Dalton.

**HAWKS - Anthony Edwards en Timothy Dalton speel die rol van twee pasiënte wat uit 'n hospitaal wegloop om die lewe te gaan geniet (in 'n bekende bordeel in Amsterdam) voor hulle sterf.

**THE PRINCESS BRIDE - Al die klassieke elemente - swaardgevegte, wonderwerke en ware liefde - word gesatiriseer en gemoderniseer in die prent. Met Peter Falk, Robin Wright en Britse komediante Peter Cook en Mel Smith.

**CRIMINAL LAW - Word beskou as die riller van die seisoen. 'n Moordenaar loop los op straat rond en die advokaat wat vir sy vryheid geveg het, moet kies tussen sy professie en sy eie morele standaarde. Met Kevin Bacon, Gary Oldman en Tess Harper.

**A CRY IN THE DARK - Meryl Streep vertolk die rol van Lindy Chamberlain in hierdie ware Australiese drama oor 'n getroude paar wat slagoffers van die media word. Die gesin se babadogter word tydens 'n naweekkamp deur 'n dingo weggesleep en hulle word van moord op hulle kind aangekla. Sam Neill speel die rol van Michael Chamberlain. Streep is vir 'n Oscar benoem vir haar rol.

**TEQUILA SUNRISE - 'n Polisieman, 'n dwelmhandelaar en 'n pragtige vrou raak met mekaar gemoeid en die vonke begin spat as emosies en plig teen mekaar gestel word. Met Michelle Pfeiffer, Mel Gibson en Kurt Russel.

**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN - Kim Basinger is 'n wese uit die buitenste ruim en Dan Aykroyd 'n ruimtenavorser - wat uiteindelik met haar trou.

**DEAD RINGERS - Briljante wenner van 10 Kanadese Genie-toekennings waarin Jeremy Irons albei lede van 'n tweeling veretolk. 'n Regte Cronenberg-riller. Ook met Genevieve Bujold.

*SKIN DEEP - John Ritter (van Hooperman

*Na bladsy* 8



**John Ritter in die prent Skin Deep.**

## Die Afrikaanse weergawe van die filmgidse kom ongelukkig te laat om te plaas

# Kaapstad

SK **NOW SHOWING** 28th & 29th JULY 1989 **MOVIES**

**CONCESSION PRICES STUDENTS AND SCHOLARS AT ALL PERFORMANCES**

**CINEMAS** ADVANCE BOOKING AT COMPUTICKET (ENQUIRIES (021) 21-4715)

### Maynard Mall Wynberg
MAIN ROAD, TEL. 761-0131
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
• JOHN RITTER in BLAKE EDWARDS' ADULT HIT
**SKIN DEEP**
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK (2-19)
DAILY: 9.30, 12.10, 2.30, 5.15, 8.00, 10.20 pm
• HARRISON FORD • SEAN CONNERY •
**INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE**
Thrilling Adventure for Everyone!
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
• MICHEAL JACKSON •
**MOONWALKER**
A MOVIE LIKE NO OTHER – WAY OUT MUSICAL (All)
DAILY: 9.45, 12.00 and 2.30 pm ONLY
WHEN THE FEELING GETS TO STRONG FOR WORDS
**SING** • PETER DOBSON (All)
DAILY: 5.15, 8.00 and 10.20 pm ONLY
• TIMOTHY DALTON AS JAMES BOND IN
**LICENCE TO KILL**
THE BEST BOND EVER! (P.G. 2-10)

### Protea Claremont
MAIN ROAD, TEL. 61-7979
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
• JOHN RITTER in BLAKE EDWARDS' ADULT HIT
**SKIN DEEP**
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK (2-19)
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
• DIANE KEATON •
IN THE POWERFUL DRAMA
**GOOD MOTHER**
Every Passion has its Price. (2-18)
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
• NICK NOLTE • MARTIN SHORT •
**THREE FUGITIVES**
Laughter-Packed Comedy for Everyone
★ SATURDAY ONLY at 10.00 am ★
**SING** Starring Peter Dobson (ALL)

### Constantia Rosebank
MAIN ROAD, TEL. 686-6649
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
A WACKY-WILD SPIRITED COMEDY
**STARS AND BARS**
DANIEL DAY-LEWIS • HARRY DEAN STANTOW (2-18)
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
JEREMY IRONS • GENEVIEVE BUJOLD
**DEAD RINGERS**
TWO BODIES. TWO MINDS. ONE SOUL! COMPELING ENTERTAINMENT. (2-18)
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
EXQUISIT AND UNIQUE SET TO BECOME A CLASSIC
**AN AFRICAN DREAM**
KITTY ALDRIDGE • JOHN KANI

### Tyger Valley
Tyger Valley Centre, Bellville Tel. 97-6710
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
• JOHN RITTER • – IN – BLAKE EDWARDS' ADULT HIT
**SKIN DEEP**
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK (2-19)
DAILY: 9.30, 12.10, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30 pm
• HARRISON FORD • SEAN CONNERY •
**INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE**
Thrilling Adventure for Everyone!
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
• MICHEAL JACKSON •
**MOONWALKER**
A MOVIE LIKE NO OTHER – WAY OUT MUSICAL (All)
DAILY: 9.45 and 12.00 noon ONLY
**OLIVER & CO**
WALT DISNEY ANIMATION (All)
DAILY: 2.30 and 5.30 pm ONLY
WHEN THE FEELING GETS TO STRONG FOR WORDS
**SING** • PETER DOBSON (All)
NIGHTLY: 8.00 and 10.20 pm ONLY
• Timothy Dalton as James Bond
**LICENCE TO KILL**
THE BEST BOND EVER! (P.G. 2-10)

### Kine Parow
Sanlam Centre, Parow Tel. 92-5126
MON-THURS: 10.30, 2.30, 5.30, 8.30 pm
FRIDAY: 10.30, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SAT: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
• NICK NOLTE • MARTIN SHORT •
**THREE FUGITIVES**
Laughter-Packed Comedy for Everyone
FRI: 10.30, 2.30 and 8.00 pm ONLY
SAT: 9.45, 2.30 and 8.00 pm ONLY
MON-THURS: 2.30 and 8.30 pm
• HARRISON FORD • SEAN CONNERY •
**INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE**
Thrilling Adventure for Everyone!
FRI: 5.30 and 10.20 pm ONLY
SAT: 12.00 noon, 5.30 and 10.20 pm ONLY
MON-THURS: 10.30 am and 5.30 pm ONLY
• MICHEAL JACKSON •
**MOONWALKER**
A MOVIE LIKE NO OTHER – WAY OUT MUSICAL (All)

### Golden Acre
CITY, TEL. 25-2720
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
• JOHN RITTER in BLAKE EDWARDS' ADULT HIT
**SKIN DEEP**
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK (2-19)
DAILY: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
• MICHEAL JACKSON •
**MOONWALKER**
A MOVIE LIKE NO OTHER – WAY OUT MUSICAL (All)
DAILY: 9.30, 12.10, 2.30, 5.15, 8.00, 10.20 pm
• TIMOTHY DALTON as James Bond
**LICENCE TO KILL**
THE BEST BOND EVER! (P.G. 2-10)

### Monte Carlo
FORESHORE, TEL. 25-3052
FRI: 10.30, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SAT: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
MON-THURS: 10.30, 2.30, 5.30 and 8.30 pm
• DIANE KEATON •
IN THE POWERFUL DRAMA
**GOOD MOTHER**
Every Passion has its Price. (2-18)
DAILY: as "Good Mother" above.
• NICK NOLTE • MARTIN SHORT
**THREE FUGITIVES**
Laughter-Packed Comedy for Everyone!

### Elite Sea Point
SEA POINT, TEL. 44-8941
FRI & SAT: 2.30 and 8.30 pm ONLY
MON-THURS: 2.30 and 8.30 pm ONLY
JEREMY IRONS • GENEVIEVE BUJOLD
**DEAD RINGERS**
TWO BODIES. TWO MINDS. ONE SOUL! COMPELING ENTERTAINMENT. (2-18)
DAILY: at 5.30 pm ONLY
**TAP** CO-STARRING SAMMY DAVIS Jr
Sometimes no matter where, you can't escape the rhythm. (ALL)
★ SATURDAY MORNING only at 10.30 am ★
**LICENCE TO DRIVE**

### Stellenbosch
TEL. (02231) 4464
FRI: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
SAT: 11.00, 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
MON-THURS: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
• JOHN RITTER • in BLAKE EDWARDS' ADULT HIT
**SKIN DEEP**
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK (2-19)
FRI: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
SAT: 10.30, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
MON-THURS: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
• NICK NOLTE • MARTIN SHORT •
**THREE FUGITIVES**
Laughter-Packed Comedy for Everyone
FRI: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
SAT: 11.00, 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
MON-THURS: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm
A WACKY-WILD SPIRITED COMEDY
**STARS AND BARS**
DANIEL DAY-LEWIS • HARRY DEAN STANTOW (2-18)
FRI: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
SAT: 10.30, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
MON-THURS: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 pm
WHEN THE FEELING GETS TO STRONG FOR WORDS
**SING** • PETER DOBSON • (All)

### Somerset West
TEL. (024) 2-5581
FRI: 2.00, 4.30, 7.00, 9.30 pm
SAT: 10.30, 2.00, 4.30, 7.00, 9.30 pm
MON-THURS: 2.30, 5.15, 8.00 pm
• HARRISON FORD • SEAN CONNERY •
**INDIANA JONES AND THE LAST CRUSADE**
Thrilling Adventure for Everyone!
FRI: 2.00 and 7.00 pm ONLY
SAT: 10.30, 2.00 and 7.00 pm ONLY
MONS-THURS: at 3.00 pm ONLY
• MICHEAL JACKSON •
**MOONWALKER**
A MOVIE LIKE NO OTHER – WAY OUT MUSICAL (All)
FRI/SAT: 4.30 and 9.15 pm ONLY
MON-THURS: 6.00 and 8.30 pm
• NICK NOLTE • MARTIN SHORT •
**THREE FUGITIVES**
Laughter-Packed Comedy for Everyone

### DRIVE-INS
★ NIGHTLY AT 7.30 pm ★
R8,50 per Car, Combi or L.D.V. for 2 Films

**Goodwood-Tel 54-4339**
**MOONWALKER**
Micheal Jackson – Way-out musical (All)
**POLICE ACADEMY VI**
Bubba Smith. The team is in the city. (All)

**Seabreeze-Tel 701-3309**
**SKIN DEEP**
John Ritter in Blake Edwards' adult comedy. (2-19)
**BACK TO FREEDOM**
Philip Brown, Cathy Paine. Thriller. (All)

**Skyvue-Tel 903-5130**
**KINJITI**
Charles Bronson – Adult action thriller (2-19)
**A CRY IN THE DARK**
• Meryl Streep •
Gripping and powerful emotional drama. (2-14)

# SK STER-KINEKOR MOVIES

28 JULY – 3 AUGUST
ADVANCE BOOKINGS AT COMPUTICKET
ENQUIRIES (011) 331-9991 – ALL WELCOME

PRETORIA COMPUTICKET ENQUIRIES (012) 322-7460

## CENTRAL

### KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**STARS & BARS** (2-18)
A COMEDY STARRING DANIEL DAY-LEWIS!
**THE GOOD MOTHER** (2-18)
EVERY PASSION HAS ITS PRICE!
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK!
**MOONWALKER** (A)
**THREE FUGITIVES** (A)
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN** (2-12)
**SING** (A)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30 pm
**OLIVER & CO** (A)
Daily: 5.20, 8.00, 10.20 pm
**MISSISSIPPI BURNING** (2-18)
Daily: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm
**LICENCE TO KILL** (2-10)
COMING ATTRACTION
4 Aug – HER ALIBI
UNDERCOVER PARKING AVAILABLE AT FRONT ENTRANCE TO KINE CENTRE




### KINE HILLBROW 1-3 725-3134
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK! WITH JOHN RITTER!
**THREE FUGITIVES** (A)
THEY ROB BANKS, SHE STEALS HEARTS! A COMEDY WITH NICK NOLTE!
Daily: 10.00, 2.30, 7.45 pm
**MOONWALKER** (A)
Daily: 12.15, 5.30, 10.00 pm
**LICENCE TO KILL** (2-10)
COMING ATTRACTIONS
4 Aug – HER ALIBI
11 Aug – SAY ANYTHING

## NORTH

### SANDTON CITY 1-7 783-4430/1
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**THE GOOD MOTHER** (2-18)
EVERY PASSION HAS ITS PRICE! WITH DIANE KEATON!
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK! WITH JOHN RITTER!
**MOONWALKER** (A)
SUPERSTAR MICHAEL JACKSON IN AN ADVENTURE MOVIE LIKE NO OTHER!
**THREE FUGITIVES** (A)
**OLIVER & CO** (A)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30 pm
**SING** (A)
Daily: 5.30, 7.45, 10.00 pm
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN** (2-12)
Daily: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm
**LICENCE TO KILL** (2-10)
COMING ATTRACTIONS
4 Aug – HER ALIBI
4 Aug – THE DECEIVERS
11 Aug – SAY ANYTHING

### KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446
Mon-Thurs: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**THREE FUGITIVES** (A)
A COMEDY WITH NICK NOLTE!
Daily: 10.00, 12.15, 2.30 pm
**OLIVER & CO** (A)
Mon-Thurs: 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat: 5.30, 7.45, 10.00 pm
**SING** (A)
COMING ATTRACTION
4 Aug – HER ALIBI

### CRESTA RANDBURG 476-3802
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK!
Daily: 10.00, 12.15, 2.30 pm
**OLIVER & CO** (A)
Daily: 5.30, 7.45, 10.00 pm
**LICENCE TO KILL** (2-10)
Daily: 10.00, 2.30, 7.45 pm
**SING** (A)
Daily: 12.15, 5.30, 10.00 pm
**MOONWALKER** (A)
COMING ATTRACTION
4 Aug – HER ALIBI

## NORTH

### NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**THE GOOD MOTHER** (2-18)
EVERY PASSION HAS ITS PRICE! WITH DIANE KEATON!
**THREE FUGITIVES** (A)
COMING ATTRACTIONS
4 Aug – A TOUCH OF INFIDELITY
11 Aug – SAY ANYTHING

## EAST

### EASTGATE 1-6 622-3617/8
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK!
**MOONWALKER** (A)
SUPERSTAR MICHAEL JACKSON IN AN ADVENTURE MOVIE LIKE NO OTHER!
**THREE FUGITIVES** (A)
THEY ROB BANKS SHE STEALS HEARTS!
**SING** (A)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 3.45, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**OLIVER & CO** (A)
Daily: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm
**LICENCE TO KILL** (2-10)
COMING ATTRACTION
4 Aug – THE DECEIVERS

### KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023
Mon-Thurs: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**THE BURBS** (A)
TOM HANKS IN HIS LATEST HIT COMEDY!
Mon-Thurs: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45 pm
Fri-Sat: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm
**INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE** (A)
COMING ATTRACTION
4 Aug – HER ALIBI

### CONSTANTIA BENONI 422-3305
Mon-Thurs. 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
Sat. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK!
Sat 29 July 10.00, 12.15 pm
**CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND** (A)
COMING ATTRACTION
4 Aug – HER ALIBI

### 350 BOKSBURG 52-4631
Mon-Thurs: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**LICENCE TO KILL** (2-10)

### PALMSPRINGS 1 & 2 56-3223
Mon-Thurs: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45 pm
Fri-Sat: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm
**INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE** (A)
HE S BACK WITH HIS FATHER FOR ANOTHER ACTION ADVENTURE!
Mon-Thurs: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**THREE FUGITIVES** (A)
COMING ATTRACTION
11 Aug – SAY ANYTHING

## POTCH

### KINE POTCHEFSTROOM 930378
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK!
**TAP** (A)
GREGORY HINES IN THE SPECTACULAR DANCE FILM!
Daily: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm
**INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE** (A)
COMING ATTRACTION
4 Aug – HER ALIBI

## WEST

### WESTGATE 1-3 764-2530
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK!
**THREE FUGITIVES** (A)
A HILARIOUS COMEDY WITH NICK NOLTE!
Daily. 10.00, 12.15, 2.30 pm
**OLIVER & CO** (A)
Daily 5.20, 7.45, 10.15 pm
**LICENCE TO KILL** (2-10)
COMING ATTRACTION
4 Aug – HER ALIBI

### KINE FLORA 1 & 2 472-1658
Daily 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm
**INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE** (A)
HE S BACK WITH HIS FATHER FOR ANOTHER ACTION ADVENTURE!
Daily 10.00, 12.15, 2.30 pm
**OLIVER & CO** (A)
Daily 5.30, 7.45, 10.00 pm
**POLICE ACADEMY 6** (A)
COMING ATTRACTION
4 Aug – HER ALIBI

### CINE HIGHGATE 1-5 474-2013
Tickets: Adults R5.00. Scholars R3.50
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK!
**MOONWALKER** (A)
SUPERSTAR MICHAEL JACKSON!
**KINJITE – FORBIDDEN SUBJECTS** (2-18)
Sat 29 July 10.00, 12.15 pm
**THE GOONIES** (A)
Daily: 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 7.45, 10.15 pm
**INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE** (A)
**LICENCE TO KILL** (2-10)
COMING ATTRACTION
4 Aug – HER ALIBI

### KINE KRUGERSDORP 665-5330
Mon-Thurs: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
Sat. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
**INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE** (A)
COMING ATTRACTION
4 Aug – KINJITE

## VAAL △

### RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928
Mon-Thurs. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK!
**TAP** (A)

### KINE VANDERBIJLPARK 016-330072
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**THREE FUGITIVES** (A)
Daily 10.00, 7.45, 2.30 pm
**INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE** (A)
Daily: 12.15, 5.30, 10.00 pm
**MOONWALKER** (A)

## PRETORIA

### STERLAND 1-8 341-7568/9
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**STARS AND BARS** (2-18)
A COMEDY STARRING DANIEL DAY-LEWIS!
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK! WITH JOHN RITTER!
**MOONWALKER** (A)
**SING** (A)
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN** (2-12)
**BABETTE'S FEAST** (A)
Daily 9.45, 12.15, 2.30, 5.20, 8.00, 10.20 pm
**INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE** (A)
**LICENCE TO KILL** (2-10)
COMING ATTRACTIONS
4 Aug – HER ALIBI
11 Aug – WEEDS

### SUNNYPARK 1-3 44-4069
Daily. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**THE GOOD MOTHER** (2-18)
EVERY PASSION HAS ITS PRICE! WITH DIANE KEATON!
Daily: 10.00, 12.15, 2.30 pm
**OLIVER & CO** (A)
Daily 5.30, 7.45, 10.00 pm
**DEAD RINGERS** (2-18)
**THREE FUGITIVES** (A)
COMING ATTRACTIONS
4 Aug – THE DECEIVERS
11 Aug – SAY ANYTHING

### TRANSVALIA 26-8387
**FILM FESTIVAL**
Please phone cinema for details

### VERWOERDBURGSTAD 663-2034
Mon-Thurs: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 pm
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK! WITH JOHN RITTER!
Daily: 10.00, 12.15, 2.30 pm
**OLIVER & CO** (A)
Mon-Thurs: 5.30, 7.45 pm
Fri-Sat: 5.30, 7.45, 10.00 pm
**INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE** (A)

### ICE-RINK 44-5253
**PUBLIC SKATING**
MONDAYS – SATURDAYS
1st Session: 10.00-12.30 pm
2nd Session: 2.00-5.00 pm
Sun. 2.00-5.00 pm – 7.30-10.30 pm

### Sun City Theatres 014651-21174
NOW SHOWING:
OPEN 7 DAYS PER WEEK
CINE 3
NOWHERE TO HIDE (2-16)
THE SERPENT & THE RAINBOW (2-18)
THE DECEIVERS (2-12)
CINE 1
BARE BEHIND BARS (Adult)
TRINITY BROWN (Adult)
LAS VEGAS MANIACS (Adult)
CINE 2
SWINGING PARTIES (Adult)
MY NIGHTS WITH MESSALINA (Adult)
KINKY LADIES OF BOURBON ST (Adult)

## SK THE MECCA OF QUALITY FILMS

Pensioner concessions only applicable Mon to Thurs at 10.00 am, 12.15 & 2.30 pm only at Constantia and The Mall

COMING ATTRACTIONS:
AMADEUS
WEEDS
CAMILLE CLAUDEL
THE CHOCOLATE WAR

### THE MALL ROSEBANK 880-2866/7
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
**BAGDAD CAFE** (2-16)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15
**DEAD RINGERS** (2-18)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
**RIKKY & PETE** (2-16)
Daily: 10.00, 12.16, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
**1969** (2-16)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
**TAP** (A)
Daily 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
**HAWKS** (2-16)

### CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
**STARS AND BARS** (2-18)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
**THE GOOD MOTHER** (2-18)
Covered parking available at back entrance of Constantia Centre

## SK STER-KINEKOR 28 July – 3 August DRIVE-INS FOR A FUN NIGHT OUT

THE 'WOMAN IN RED' KIM BASINGER IN THE HIT COMEDY WITH DAN AYKROYD . . .
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN**
NOW SHOWING AT 6 DRIVE-IN'S
STADIUM – HILLFOX – KRUGERSDORP – VEREENIGING – MEIRINGSPARK – NIGEL

### CITY and COUNTRY

**TOP STAR (CITY) 412-1843/493-5877**
DUE TO THE ADULT NATURE OF THIS COMEDY IT IS NOT RECOMMENDED FOR CHILDREN!
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
**SING** (A)
4 Aug HER ALIBI/THE RESCUE

**STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131**
THE WOMAN IN RED KIM BASINGER IN THE NEW HIT COMEDY!
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN** (2-12)
**BACK TO FREEDOM** (A)
4 Aug INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE

**SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129**
SEAN CONNERY – HARRISON FORD
**INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE** (A)
**SOME KIND OF WONDERFUL** (A)
4 Aug SKIN DEEP/BACK TO FREEDOM

**VEREENIGING 816-1444/12-3211**
THE WOMAN IN RED KIM BASINGER IN THE NEW HIT COMEDY!
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN** (2-12)
**BACK TO FREEDOM** (A)
4 Aug INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE

**PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411**
NEW 007 JAMES BOND! MORE ACTION! MORE EXCITEMENT!
**LICENCE TO KILL** (2-10)
**TUCKER** (A)
4 Aug MY STEPMOTHER IS AN ALIEN

**MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91080**
DAN AYKROYD AND KIM BASINGER IN THE COMEDY SIZZLER!
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN** (2-12)
**BACK TO FREEDOM** (A)
4 Aug SING TAP

**GERMISTON 816-1444/902-1607/8**
SUPER FAMILY DOUBLE! THE NAUGHTY COPS ARE BACK TO TICKLE YOUR FUNNY BONE!
**POLICE ACADEMY 6** (A)
**LITTLE SHOP OF HORRORS** (A)
4 Aug 3 FUGITIVES/FOREVER FRIENDS

**KINANDER (EVANDER) 816-1444/24117**
THE SHOCK FILM OF 1989! TAKING S A BY STORM!
**MISSISSIPPI BURNING** (2-18)
**THE FLY 2** (2-18)
4 Aug SING/DIRTY DANCING

### JOHANNESBURG NORTH and WEST RAND

**VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812**
THE NAUGHTY COPS ARE BACK TO TICKLE YOUR FUNNY BONE
**POLICE ACADEMY 6** (A)
**DANGEROUS LIAISONS** (2-16)
4 Aug HER ALIBI TEQUILA SUNRISE

**5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/795-1963**
SEAN CONNERY – HARRISON FORD!
**INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE** (A)
**SHE'S HAVING A BABY** (A)

**STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468**
DUE TO THE ADULT NATURE OF THIS COMEDY IT IS NOT RECOMMENDED FOR CHILDREN!
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
**BAT 21** (2-16)
4 Aug KINJITE – FORBIDDEN SUBJECTS

**HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212**
THE WOMAN IN RED KIM BASINGER IN THE NEW HIT COMEDY!
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN** (2-12)
**BACK TO FREEDOM** (A)
4 Aug 3 FUGITIVES/MICO

**KRUGERSDORP 412-1843/953-1959**
COMEDY WITH DAN AYKROYD AND KIM BASINGER!
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN** (2-12)
**BACK TO FREEDOM** (A)
4 Aug OLIVER & CO/WHO FRAMED ROGER RABBIT?

### EAST RAND

**ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017**
**INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE** (A)
**THE MONEY PIT** (A)
4 Aug OLIVER & CO FOREVER FRIENDS

**KEMPTON PARK 816-1444/976-4905**
IT S LAUGH TIME FOLKS! SUPER COMEDY DOUBLE!
**THREE FUGITIVES** (A)
**CADDYSHACK 2** (A)
4 Aug THE BURBS/TWINS

**BRAKPAN 816-1444/915-3907**
MORE STUNTS! MORE SPECIAL EFFECTS! MORE ACTION! WITH 007 – JAMES BOND!
**LICENCE TO KILL** (2-10)
**GUNG-HO** (A)
4 Aug SKIN DEEP/MY STEPMOTHER IS AN ALIEN

**SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138**
THE NAUGHTY COPS ARE BACK TO TICKLE YOUR FUNNY BONE!
**POLICE ACADEMY 6** (A)
**DEADLY PURSUIT** (PG2-6)
4 Aug INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE

**NIGEL 816-1444/739-6610**
THE WOMAN IN RED KIM BASINGER IN THE NEW HIT COMEDY!
**MY STEPMOTHER IS AN ALIEN** (2-12)
**SING** (A)
4 Aug INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE

## SK STER-KINEKOR PRETORIA DRIVE-INS

**FOUNTAINS 44-2454**
THE COMEDY THAT GLOWS IN THE DARK!
**SKIN DEEP** (Adults only) (2-19)
**CRIMINAL LAW** (2-18)
4 Aug CYBORG/AMERICAN NINJA 3

**SWARTKOPS 374-4902**
SUPER ACTION AND MUSICAL DOUBLE!
**BAT 21** (2-16)
**SING** (A)
4 Aug SKIN DEEP/BACK TO FREEDOM

**WONDERBOOM 57-1108**
SUPER ACTION AND COMEDY DOUBLE!
**NOWHERE TO HIDE** (2-16)
**A FISH CALLED WANDA** (2-16)
4 Aug HER ALIBI/POLICE ACADEMY 6

**LYNNWOOD 87-1633**
MEL GIBSON AND MICHELLE PFEIFFER IN
**TEQUILA SUNRISE** (2-18)
**COCKTAIL** (2-16)
4 Aug MY STEPMOTHER IS AN ALIEN/SING

**UITSPAN 7-2515**
TOM HANKS IN HIS LATEST HIT COMEDY!
**THE BURBS** (A)
**TWINS** (A)
4 Aug THREE FUGITIVES/THE RESCUE

**JAKARANDA 54-9115 9**
IT S CHRISTMAS IN JULY WITH WALT DISNEY S SUPER HOLIDAY FILM!
**OLIVE & CO** (A)
**WHO FRAMED ROGER RABBIT?** (A)
4 Aug INDIANA JONES & THE LAST CRUSADE

**WITBANK 01351-81064**
ACTION ALL THE WAY IN THIS SUPER DOUBLE!
**AMERICAN NINJA 3** (A)
**KINJITE** (2-16)
4 Aug LICENCE TO KILL/WILLOW

**RUSTENBURG 01421-29358**
IT S CHRISTMAS IN JULY WITH WALT DISNEY S SUPER HOLIDAY FILM!
**OLIVER & CO** (A)
**THE RESCUE** (A)
4 Aug POLICE ACADEMY 6/FUNNY FARM

## FILMS

*Van bladsy 7*

en Three's Company-faam) is 'n verleentheid in 'n fliek met 'n naam wat die produk goed omskryf. Baie meisies in baaikostuums. En so aan.

*AN AFRICAN DREAM - 'n Koloniale verlenging van die Britse rolprentbedryf waarin die Britte probeer vergoed vir hulle misdrywe in die kolonies. Met John Kani en Kitty Aldridge.

*SING - Nog 'n Amerikaanse tienerfliek oor 'n arm buurt se laaste poging om hulle kinders se skool te red. Almal berei hulle voor vir die een groot aand waar hulle op die verhoog kan klim om te SING sodat die nare skooltoemakers kan sien wat hulle regtig werd is... Basies kommersiële snert.

*POLICE ACADEMY 6 - Dieselfde klomp is terug in 'n fliek waar mense in die water val, pistole vlaggies met "BANG" op uitskiet en die verkeerde boef gevang word. (Wonder by watter nommer Rocky al trek).

*KINJITE (Forbidden Subjects) - Charles Bronson is nog nie dood nie.

### ONAFHANKLIKE BIOSKOPE

### KAAPSTAD

LABIA - Oranjestraat 68

Vanaand 6.00 Rain Man 8.20 Jean de Florette 10.30 Manon of the Spring Saterdag 10.00 vm en 2.30 nm: The Explorers 5.00 Yesterday, Today and Tomoorow met Sophia Loren 7.15 La Dolce Vita 10.30 Fiesta **Maandag 6.00 The Night Porter 8.15 Gorillas in the Mist 10.30 Hail Hail Rock and Roll met Met Chuck Berry.** Dinsdag 6.00 My Stepmother is an Alien 8.00 Yesterday, Today and Tomorrow 10.15 Gorillas in the Mist Woensdag 6.00 Hail Hail Rock and Roll 8.15 Fiesta 10.00 My Stepmother is an Alien Donderdag: 6.00 The Kitchen Toto 7.45 Blue Velvet 10.00 The Night Porter

### JOHANNESBURG

4AD FILM SOCIETY - Corlett City Sondagaand: Alexander Nevsky, 'n klassieke rolprent deur Sergi Eisenstein met Nikolai Cherkassov en Dmitri Orlov. Russies met Engelse onderskrifte.

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. Vanaand en Saterdagaand wys Christiane F en volgende week is dit die Alan Paton-werk Cry The Beloved Country

**Gidse saamgestel deur DEBBIE AMOS**

## DIE WEEK SE TV

### Hoogtepunte

# Ou liefde roes nie

WAT maak twee "oud-minnaars" as hulle jare later bure word? Hulle sit die verhouding voort. THE WOMAN NEXT DOOR wat Dinsdag op M-Net vertoon word is 'n romantiese Franse drama wat weens ongelooflike moderne tegnologie in Engels OF Afrikaans geniet kan word.

DAVID AND BATHSHEBA is 'n nuwe reeks wat vanaand op TV4 begin. Geskiedenis se bekendste reuseslagter David, wat later koning van Israel geword het, raak verlief op Batsheba as hy haar op haar dak sien bad. Hy raak van haar man ontslae deur hom op die voorste veglinie te plaas en word byna as gevolg daarvan gestenig.

'n Kanadese weergawe van Bernard Shaw se PYGMALION (waarop die musiekblyspel My Fair Lady gegrond is) wys Sondagaand op TV1. Peter O' Toole speel die rol van Professor Higgins teenoor Margot Kidder (van Superman-faam) as Eliza Doolittle - die brandarm blommeverkopertjie wat 'n spoggerige dame word.

PICASSO IN SPANJE, Woensdagaand op TV1, vertel van dié kunstenaar, wat vir 70 van sy 90 jaar in Parys gewoon het, se verblyf in sy vaderland.

BEST KEPT SECRETS is die storie van die sogenaamde perfekte vrou en moeder wat skielik besef dat sy die rede is dat haar man nie in die polisiekantoor (waar hy werk) promosie kry nie. Sy besluit om self ondersoek in te stel en maak 'n paar verrassende ontdekkings... Met Patty Duke en Howard Hesseman (van WKRP). Dinsdagaand op TV4.

THE POPE OF GREENWICH VILLAGE wys Woensdagaand op M-Net met Mickey Rourke in die hoofrol. Die man brand om 'n restaurant-eienaar te word. Hy en sy neef besluit om saam die besigheid aan te pak. Maar die Mafia steek kop uit... Ook met Daryl Hannah en Geraldine Page.

Saterdagaand kan Stacy Keach en Jamie Lee Curtis (tans in die belaglike nuwe reeks 'Anything But Love' oor joernaliste op M-Net) in ROADGAMES gesiën word. Roadgames is 'n aksie-drama oor 'n vragmotorbestuurder (Keach) wat 'n ryloper (Jamie Lee Curtis) optel en saam asemrowende avonture beleef...

ABOUT LAST NIGHT met Rob Lowe en Demi Moore wys Saterdagaand op M-Net. 'n drama oor twee jongelinge wat na 'n nag van woelige passie besluit hulle harte loop met hulle lywe weg. Terwyl jong Rob besluit hy kan nie bekostig om sy vryheid vir 'n meisie op te offer nie speel "All I need is my space" in die agtergrond...



**Geraint Wyn Davies is Majoor Mike Rivers in die nuwe Airwolf-reeks**

### VRYDAG 28

**TV1**
7.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.25 Fast Forward
5.00 Adventures of the Gummi Bears
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 Airwolf IV
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Simon en Simon
10.30 Laataandsessie
11.15 Die Onfeilbare Vennootskap
1.45 Oordenking

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 David and Batsheba - kyk onder hoogtepunte
11.05 MASH
11.32 Sterre van nou en môre

**M-NET**
10.30 Blazing Saddles
12.00 Cry for Africa
3.00 Telygames
3.30 Not Quite Jerusalem
5.25 Charlie Brown
5.50 Little Wizards
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Amen
7.15 Perfect Strangers
7.45 Motorsport
Intekenare
8.00 Supersport vervolg
8.30 Police Academy II - is dit nodig om meer te sê?
9.55 60 Minutes
10.30 Bette Midler
12.00 Howie Mandell
12.30 Hot Hits

### SATERDAG 29

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Beyond 2000
12.40 Tegnologie
1.00 Sakkie en Thomas
1.05 Amigo en Vriende
1.10 Spesiale Agent TR Sloane
2.00 Topsport
6.00 Nuus
6.15 Debuut
7.05 Spioen-Spioen
8.00 News
8.35 LA Law III
9.30 Roadgames - kyk onder hoogtepunte
11.05 Late Night Live
11.45 Flying High
1.35 Epilogue

**TV4**
6.03 Redd Foxx
6.30 Mr Belvedere
9.03 Benson
9.29 Hooperman
9.55 That's Hollywood
10.21 The Tracy Ullman Show
10.46 TJ Hooker

**M-NET**
12.45 Revue 'Is
1.30 La Mars
3.30 60 Minutes
4.00 Sokker
5.45 Heroes made in the USA
5.55 West 57th
Oop Tyd
6.15 Hot Hits
7.00 Anything . Love
7.30 Have F
Intekenare
8.00 Public People's Private Lives
8.30 About Last Night - kyk onder hoogtepunte
10.18 60 Minutes
10.30 Sokker

### SONDAG 30

**TV1**
1.30 Pinocchio
1.55 ZET!
2.05 Once Upon a Time... Life
2.30 Sistine Chapel
3.30 Arbeiders van die See
4.30 Collage
5.20 Wonderful World of Disney
6.10 50/50
6.50 Kruis en Kroniek
8.00 Network
9.00 Pygmalion - kyk onder hoogtepunte
10.50 Insight

**TV4**
6.03 Kupid
9.04 Highway to Heaven
9.57 227
10.24 Sing Country
10.59 Topsport

**M-NET**
7.30 Indiese diens begin
7.31 36 Chowringnee Lane
9.00 Cooking with Kurma
9.30 Music Programme
9.50 Ramayan
10.30 Portugese diens begin
10.32 Sunday Meditation
10.36 O Romance da Raposa
10.50 Duarte E Ca
11.55 Fim de Semana
12.00 Programa Musical
12.25 Rodo Do Fogo
Intekenare
1.30 Viva Knievel
3.10 Panorama
4.00 Sokker
5.50 Heathcliff
Oop Tyd
6.15 Trapper John
7.05 Carte Blanche
Intekenare
8.00 World of Festivals: Ireland
8.26 JSE Competition
8.30 Outrageous Fortune
10.05 Newsnight
10.30 Sokker

### MAANDAG 31

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara
4.30 Webster
4.55 Kinderkyktyd:
Quaq Quoa
AEIOU
Pumpkin Patch
5.25 Lion Series Bible Stories
5.35 Lassie
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 The A-Team
8.00 Netwerk
9.00 Elmien Adler
10.00 Topsport
11.00 St Eligius
11.50 Oordenking

**TV4**
6.03 Small Wonder
6.30 Topsport
9.03 Family Ties
9.32 Dynasty
10.24 A Man Called Hawk
11.12 The Beam

**M-NET**
10.30 Alien
3.00 Telygames
3.30 Crimes of the Heart
5.10 West 57th
5.25 The Incredible Hulk
5.50 The Smurfs
Oop Tyd
6.15 Loving
6.50 Anything but Love
7.15 Have Faith
7.45 Golf
Intekenare
8.00 Supersport vervolg
8.30 Sudden Impact - En Dirty Harry is terug, met sy blonde meisie Sondra Locke aan sy sy, gereed om die boewe 'n pak slae te gee
10.22 Money Programme
10.30 I Want to Live

### DINSDAG 1

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Rompelstompelstories
5.10 Wielie Walie
5.30 Skooldae - 'n Heruitsending van die reeks oor die avonture van die "oulike" Meneer Christo de Wet. (Hy gee Geskiedenis)
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Die Onfeilbare Vennootskap
8.00 Network
8.30 Dallas
10.00 Topsport
11.30 Open University
12.25 Evening Prayer

**TV4**
6.00 Fame
9.04 Best Kept Secrets - kyk onder hoogtepunte
10.42 The Hit Squad
11.10 Gunsmoke

**M-NET**
10.30 Code of Silence
2.30 Telygames
3.00 Police Academy II
4.25 The Adventures of Teddy Ruxpin
5.00 Wildfire
5.30 Starcom
Oop Tyd
6.15 Loving
6.45 Valerie - 'n Nuwe komedie reeks oor 'n ma wat drie kinders probeer grootmaak met 'n pa wat net deeltyds hand bysit
Intekenare
7.00 The Woman Next Door - kyk onder hoogtepunte
8.40 60 Minutes
9.00 Golf
10.00 Carte Blanche
11.00 King's Trust konsert

### WOENSDAG 2

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
4.55 Kinderkyktyd:
Quaq Quao
AEIOU
ZAP MAG
5.25 Lion Series Bible Stories
5.30 River Horse Lake
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Louis Motors
8.00 Netwerk
9.05 Orkney Snork Nie
9.35 Diagonal Street
10.00 Topsport
11.00 Picasso in Spanje - kyk onder hoogtepunte
11.40 Liewe Arthur
12.40 Oordenking

**TV4**
6.03 Easy Street
6.30 Topsport
9.04 The Colbys
9.58 Garibaldi
11.45 9 to 5

**M-NET**
10.30 Outrageous Fortune
12.05 60 Minutes
2.30 Telygames
3.00 The Yakuza
4.50 Earthfile
5.00 The Flintstone Kids
5.30 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Dear John - Oor 'n man wat dink hy is nog gelukkig getroud toe los sy vrou hom vir sy beste vriend
Intekenare
7.00 Playing with Fire
8.00 The Making of Marseillaise
9.00 The Pope of Greenwich Village - kyk onder hoogtepunte
11.00 About Last Night

### DONDERDAG 3

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Dagsê Dokter
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.00 Op die Grens - slot
8.00 Network
9.00 War and Remembrance
10.00 Topsport
11.00 Child's Play - Na die toneelstuk van Robert Marasco. Die nuwe gimnastiekinstrukteur van 'n skool vermoed onraad toe van die seuns geweldadig raak. Met James Mason, Beau Bridges en Robert Preston.
12.40 Face to Face

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A La Carte
9.04 21 Jump Street
9.52 Cheers
10.26 Misdaad in Miami
11.32 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 Police Academy II
11.55 Friday Report
2.30 Telygames
3.00 Crimes of the Heart
4.40 West 57th
5.00 The Berenstein Bears
5.30 The Real Ghostbusters
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 Seilplankry en tennis
9.00 COP - 'n Riller oor 'n polisieman met 'n obsessie om 'n boef vas te trek. Met James Wood.
10.45 Newsnight
11.00 Sudden Impact

## Twee lekker terte - 4